



Media24 Beherend Eiendoms Beperk

# 2019


GEÏNTEGREERDE JAARVERSLAG AAN AANDEELHOUERS VAN WELKOM YIZANI

MEDIA24

WELKOM YIZANI










# Inhoud


## Aangaande hierdie verslag

**1** Verklaring deur die direksie oor die geïntegreerde jaarverslag
**1** Vooruitskouingsverklarings

## Media24: Wie ons is

**2** Ons besigheid
**3** Ons doelwit
**3** Hoe ons dit doen
**3** Ons leuse
**3** Ons waardes

## Voorsitter en uitvoerende hoof se verslag

**4** Voorsitter en uitvoerende hoof se verslag

## Hoe ons waarde skep

**8** Ons strategie
**9** Ons skakeling met belanghebbendes

## Die afgelope jaar

**12** Die oorsigjaar in kort
**13** Toekennings
**14** Ons besigheids- en finansiële prestasie
**17** Ons bydrae tot ons gemeenskappe
**17** Staat van toegevoegde waarde
**18** Ons mense
**18** Vaardigheidsontwikkeling
**19** Diensbillikheid
**19** Gesondheid en veiligheid
**20** Korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid
**21** Die werkplek
**22** Monitering
**22** Welstand
**22** Transformasie
**22** Vennote in swart ekonomiese bemagtiging
**22** Omgewing
**23** Elektroniese afval
**23** Boetes

## Ons benadering tot bestuurstoesig

**24** Direksie
**28** Ons risikobestuurstoesig: Bestuur van risiko's en geleenthede
**36** Verslag oor bestuurstoesig
**50** Vergoedingsverslag
**57** Verslag van die ouditkomitee

## Finansiële verslae

### Media24

**62** Direksie se verantwoordelikheidsverklaring
**63** Verslag van die onafhanklike ouditeur
**64** Opgesomde gekonsolideerde finansiële state
**70** Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële state

### Welkom Yizani

**76** Direksie
**77** Direksie se verantwoordelikheidsverklaring
**78** Verslag van die onafhanklike ouditeur
**79** Direkteursverslag
**80** Opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate
**84** Aantekeninge by die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate

## Aandeelhouersinligting

**91** Administratiewe en korporatiewe inligting

### Media24

**92** Kennisgewing van algemene jaarvergadering

### Welkom Yizani

**96** Kennisgewing van algemene jaarvergadering
**98** Volmagvorm: Media24 Beherend Eiendoms Beperk
**99** Aantekeninge by die volmagvorms: Media24 Beherend Eiendoms Beperk en Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk
**100** Volmagvorm: Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk

# Aangaande hierdie verslag

Die geïntegreerde verslag vir Media24 Beherend Eiendoms Beperk (Media24) dek die finansiële jaar van 1 April 2018 tot 31 Maart 2019. Dit sluit nie net finansiële inligting in nie, maar ook nie-finansiële inligting (vir die hele Media24-groep, tensy anders aangedui), geleenthede, risiko's en uitkomste toeskryfbaar of verbonde aan ons sleutelbelanghebbendes. Terugvoer is welkom en kan direk gerig word aan gri@media24.com.

Hierdie verslag is opgestel volgens die raamwerk van die Internasionale Raad vir Geïntegreerde Verslagdoening (IIRC), die Suid-Afrikaanse Maatskappywet Nr 71 van 2008, soos gewysig (die Wet), die King IV-verslag oor korporatiewe bestuurstoesig vir Suid-Afrika, 2016 (King IV™[(1)]) en Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS).

Ons fokus steeds op die ontwikkeling van ons groepverslagdoeningstandaarde, om ons openbaarmaking al hoe meer sinvol en meetbaar te maak vir ons belanghebbendes. Ons pas die beginsel van wesenlikheid toe om te bepaal wat in die verslag ingesluit moet word. Hierdie verslag fokus dus spesifiek op die kwessies, geleenthede en uitdagings wat 'n wesenlike impak het op die groep en sy vermoë om 'n volhoubare besigheid te wees wat deurgaans waarde vir aandeelhouers en sleutelbelanghebbendes lewer.

Die finansiële inligting verkry uit die geouditeerde gekonsolideerde finansiële jaarstate van Media24 vir die jaar geëindig 31 Maart 2019 is korrek weergegee in hierdie geïntegreerde jaarverslag. Sien PricewaterhouseCoopers Geïnk. (PwC) se verslag op bladsy 63. Die inligting oor breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging (BGSEB) is deur EmpowerLogic geverifieer.

## Verklaring deur die direksie oor die geïntegreerde jaarverslag

Die ouditkomitee het die geïntegreerde jaarverslag nagegaan en die direksie het dit nagegaan en goedgekeur op 14 Junie 2019. Die geïntegreerde jaarverslag en finansiële state is na ons mening 'n billike weergawe van die ware finansiële posisie van die groep en sy bedrywighede op 31 Maart 2019, soos in hierdie geïntegreerde jaarverslag beskryf word.

Namens die direksie



**Rachel Jafta**
*Voorsitter*
Kaapstad
14 Junie 2019

## Vooruitskouingsverklarings

*Hierdie verslag kan vooruitskouingsverklarings bevat soos omskryf in die Verenigde State se "Private Securities Litigation Reform Act" van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "van voorneme", "beoog", "sal", "beplan", "kan", "mag", "streef" en soortgelyke uitdrukkings word gebruik om sulke vooruitskouings te identifiseer, maar is nie die enigste manier waarop sulke verklarings geïdentifiseer kan word nie. Hoewel hierdie vooruitskouende verklarings ons standpunte en verwagtings verteenwoordig, kan 'n aantal risiko's, onsekerhede en ander belangrike faktore meebring dat werklike ontwikkelinge en resultate wesenlik van ons verwagtings verskil. Dit sluit sleutelfaktore in wat ons ondernemings en finansiële prestasie nadelig kan raak, waaronder: veranderings aan IFRS en gepaardgaande vertolkings, toepassings en praktyke soos hulle op vorige, huidige en toekomstige tydperke van toepassing is; plaaslike en internasionale sake- en marktoestande soos wisselkoers- en rentekoersbewegings; veranderings in die plaaslike en internasionale regulatoriese en wetlike omgewings; veranderings in plaaslike en internasionale bedryfs-, maatskaplike, ekonomiese en politieke risiko's; en die uitwerking van beide huidige en toekomstige litigasie. Ons is onder geen verpligting nie (en ontken uitdruklik enige sodanige verpligting) om ons vooruitskouings by te werk of te wysig, hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeure of om enige ander rede. Beleggers word gemaan om nie te veel staat te maak op enige vooruitskouingsverklarings in hierdie verslag nie.*


***Aantekening***

*(1). Kopiereg en handelsmerke word besit deur die Instituut van Direkteure in Suider-Afrika MSW (IODSA) en al sy regte word voorbehou.*

# Media24: Wie ons is

## Ons besigheid

Media24 is Suid-Afrika se voorste mediagroep, met belange in digitale media en dienste, koerante, tydskrifte, e-handel, boekuitgewery, drukkery en verspreiding.




Ons gee sowat 25 verbruikerstydskrifte en 80 koerante uit en bereik 16.7m gemiddelde maandelikse unieke blaaiers op ons digitale platforms. Die meeste van ons ondernemings is markleiers in hul sektore. Ons aktiwiteite word hoofsaaklik in Suid-Afrika bedryf.

## Omset per segment

| 37% | 26% | 15% | 11% |
|---|---|---|---|
| Nuus | Leefstyl | E-handel | Boeke |

| 6% | 4% | 1% |
|---|---|---|
| 24.com | On the Dot | Careers24 |







1


## Ons doelwit



Ons bou gemeenskappe deur uitstekende joernalistiek, slim tegnologie en innoverende dienste.

2


## Hoe ons dit doen



Ons vertel stories wat saak maak. Ons omskep data in insigte. Ons ontwerp oplossings wat werk.

3

## Ons leuse



Ons verryk lewens 24/7.

4

## Ons waardes



Moed

Integriteit

Verantwoordbaarheid

Respek











# Voorsitter en uitvoerende hoof se verslag

"Ons maak graag redelike resultate vir die finansiële jaar bekend, terwyl Media24 steeds 'n trotse markleier in die Suid-Afrikaanse mediabedryf is, in die meeste sektore waar ons bedrywig is." **– Rachel Jafta: Voorsitter**

## Oorsig

Dit is vir ons aangenaam om redelike resultate vir die finansiële jaar bekend te maak. Dit getuig van die deursettingsvermoë waarmee Media24 se mense by die uitdagings in die mediabedryf aanpas, met innovasie, vaartbelynde infrastruktuur, herontwerpte sakemodelle en streng kostebestuur. Gevolglik het ons kernbesigheid – druk- en digitale media en verwante dienste – besonder goed gevaar.

Met die hupstoot wat verkry is uit drukkontrakte wat herbeding is, het die drukmedia-afdeling, (Nuus, Leefstyl en On the Dot) die voortgesette strukturele dalings in drukomset met diversifiseringsprojekte en streng kostebestuur teengewerk om sy hoogste wins vir die dekade te behaal.

Ná 'n trae begin het ons digitale mediabesigheid (News24 en Netwerk24) se omset in die tweede helfte van die finansiële jaar op dreef begin kom en vroeë tekorte ingehaal om die jaar effens beter as die begroting vir die volle jaar af te sluit. Saam met die sluiting van die alleenstaande nuus-samevoegers en ander kostebesparingsinisiatiewe, het 24.com sy handelsverlies jaar tot jaar met meer as 'n derde verminder.

Media24 bly die tuiste van gehaltejoernalistiek wat tot ons demokrasie bydra deur gereeld die nasionale gesprek te lei in onstuimige tye – dit blyk ook uit die talle toekennings wat ons joernaliste, publikasies en digitale kanale die afgelope jaar ontvang het.

Soos elders in die wêreld, groei e-handel ook teen 'n bestendige tempo in Suid-Afrika. Media24 se belegging in Fashion United SA, die resultaat van Spree se samesmelting met Superbalist in Oktober 2018 om die grootste mode e-kleinhandelaar in die land te word, plaas ons in 'n uitstekende posisie om hierdie groei in die toekoms te benut. Hoewel ons aanvanklike afskrywings met betrekking tot die samesmelting gehad het, het ons belegging reeds sterk inkomste tot ons besigheid bygedra.

Meer besonderhede van ons finansiële en bedryfsprestasie verskyn in die afdeling oor ons besigheids- en finansiële prestasie op bladsy 14 tot 23.

Media24 en sy mense het die trotse tradisie voortgesit om wyer as net met ons produkreekse lewens te verryk deur aktiewe betrokkenheid by projekte wat wissel van liefdadigheids- en welwillendheidsinisiatiewe tot boekskenkings aan skole en leerders, en opvoedkundige beursfondse, geletterdheidsveldtogte en opleiding vir jong mense. Ons het ook bly fokus op transformasie as 'n strategiese en kommersiële imperatief, met beduidende vordering wat in strategiese verkryging, en in die ontwikkeling van vaardighede en ondernemings gemaak is.

Ons het hierdie finansiële jaar afgesluit as 'n trotse markleier in die Suid-Afrikaanse mediabedryf, in die meeste sektore waar ons bedrywig is.

## Volhoubare ontwikkeling

Ons streef daarna om gemeenskappe deur uitnemende joernalistiek, slim tegnologie en innoverende dienste te bou, en om aan ons aandeelhouers 'n aanvaarbare opbrengs te verskaf. As 'n verantwoordelike korporatiewe burger verstaan ons hoe belangrik dit is om 'n bydrae bykomend tot ons kernbedrywighede te maak. Ons hersien gereeld ons vordering met die bou van 'n gebalanseerde, volhoubare onderneming en identifiseer areas wat verbeter kan word.

## Bestuur van volhoubaarheid

Media24 se direksie bepaal die sakestrategie en is uiteindelik verantwoordelik vir toesig oor die groep se prestasie. Ons bestuurspan gee leiding en pas ooreengekome strategieë toe, soos gerig deur ons kode vir sake-etiek en -gedrag.

Ons raamwerk vir volhoubare ontwikkeling is gebou op ons kernbevoegdhede en ons maatskappywaardes – moed, integriteit,



"Dit was 'n jaar van groot verandering vir Media24, met die herposisionering van ons kernmediabesigheid om meer gefokus te raak en terselfdertyd in die uitbreiding van ons saamgesmelte e-handelsbesigheid te belê." **– Ishmet Davidson: Uitvoerende hoof**

verantwoordbaarheid en respek – en 'n duidelike begrip van die sleutelkwessies en bekommernisse wat ons kernbelanghebbendes raak. Dit sluit aan by ons risikobestuursprosesse, wat die identifisering, bestuur en monitering van finansiële en nie-finansiële risiko's integreer. Die direksie is ook vir die integriteit van geïntegreerde verslagdoening verantwoordelik. Die ouditkomitee hou toesig oor volhoubaarheidskwessies en help die direksie met sy oorsig deur te verseker dat die inligting in die geïntegreerde jaarverslag akkuraat en betroubaar is wanneer dit met die finansiële resultate vergelyk word. In ooreenstemming met ons vorige geïntegreerde jaarverslae sal Media24 voortgaan om oor die groep se maatskaplike, omgewings- en ekonomiese impak op die gemeenskappe waarin ons werk, te rapporteer.

## Ons mense

Media24 se werknemers is mense met 'n passie vir uitnemendheid in alles wat ons doen. Ons verwag van en moedig ons personeel aan om ons maatskappywaardes uit te leef. In die afgelope boekjaar het die personeel se betrokkenheidsvlakke die hoogste punt ooit bereik, wat 'n bewys is dat ons werknemers voel dat hulle by Media24 gewaardeer word, ongeag die uitdagings wat ons bedryf in die gesig staar. Ons glo ook aan 'n voortgesette leerproses en probeer om die toptalent in ons bedryf te lok en te behou om ons posisie as markleier te verseker. Ons bou uiteenlopende spanne om na ons uiteenlopende klantebasis om te sien, en help ons personeel om van mekaar te leer.

## Welkom Yizani

Welkom Yizani, wat in 2006 as Media24 se breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtigingskema gestig is, het in 2013 begin om sy aandele op 'n aanlynverhandelingsplatform te verhandel. Tussen 2016 en 2017 het Naspers Beperk, die voorkeuraandeelhouer in Welkom Yizani sedert aanvang, afstand gedoen van voorkeuraandeelskuld en opgelope rente ter waarde van R434m wat Welkom Yizani volgens die skemareëls aan Naspers geskuld het. Welkom Yizani-aandeelhouers kon dus sedert 2017












onmiddellike ekonomiese voordeel uit hul aandele verkry.

Welkom Yizani het op 23 November 2018 sy sake in ooreenstemming gebring met die Wet op Finansiële Markte van 2012 (die FM-wet), toe hy sy aandele op die Equity Express Securities Exchange (EESE) genoteer het. Op 31 Maart 2019 het Welkom Yizani 88 213 (2018: 89 166) aandeelhouers gehad.

## Dividend

Die direksie beveel aan dat 'n dividend van R42m (2018: R42m) verklaar en aan aandeelhouers betaal word, onderhewig aan goedkeuring hiervan deur die aandeelhouers by die algemene jaarvergadering op 26 Augustus 2019. Welkom Yizani se algemene jaarvergadering word ook op 26 Augustus 2019 gehou. Onderhewig aan die goedkeuring van sy aandeelhouers, beveel die Welkom Yizani-direksie aan dat 'n gewone dividend van R6.2m (2018: R6.2m) aan gewone aandeelhouers verklaar word. Dit beteken 'n dividend van 42.5 sent per gewone aandeel (2018: 42.5 sent per gewone aandeel), voor dividendbelasting. Ná aftrekking van dividendbelasting sal Welkom Yizani-aandeelhouers 'n netto dividend van 34 sent per gewone aandeel (2018: 34 sent per gewone aandeel) ontvang.

## Bestuurstoesig

Bestuurstoesig is noodsaaklik vir ons belanghebbendes. Die direksie bestuur die groep se sake met integriteit, en deur geskikte korporatiewe bestuurstoesigpraktyke toe te pas. Waar Media24-filiale deur onafhanklike direksies bestuur word, verseker 'n gedissiplineerde verslagdoeningstruktuur dat die Media24-direksie op hoogte gehou word van filiale se aktiwiteite, risiko's en geleenthede. Gedetailleerde strategieë en sakeplanne word jaarliks hersien en aangepas, indien nodig. Die meting van prestasie teen voorafbepaalde teikens vorm die grondslag van bestuur se vergoeding. Ons evalueer deurlopend gebiede waar bestuurstoesig op korporatiewe vlak en by filiale versterk kan word. Meer besonderhede oor ons toepassing van King IV-beginsels verskyn in die bestuurstoesig-afdeling op bladsy 24 tot 61.

## Regulatoriese omgewing

Die Wysigingswetsontwerp op Kopiereg is tans by die president vir bekragtiging nadat dit sonder enige wysigings aanvaar is. Die wetsontwerp affekteer hoofsaaklik ons boekuitgewerybesigheid en in 'n mindere mate ons nuus- en tydskrifafdelings. Ons is betrokke by en sal voortgaan om deel te neem aan inisiatiewe om die wetsontwerp en die wyse waarop dit goedgekeur is te betwis. Die Wysigingswet op Mededinging sal in werking tree op 'n datum wat in die staatskoerant afgekondig sal word, en dit stel radikale veranderings aan die Wet op Mededinging voor om markkonsentrasie en die skewe rasseverspreiding van ekonomiese eienaarskap aan te pak. Ons wag op vordering met die Kommunikasieportefeuljekomitee se reglement oor mediatransformasie en diversiteit en

die Departement van Kommunikasie se verwante beleid, wat albei op al die elemente van die swart ekonomiese bemagtigingstelkaart fokus.

## Direkteure

Op 31 Maart 2019 het Debra Meyer, Salie de Swardt, Manie Mayman en Ruda Landman uitgetree as direkteure van Media24. Hein Willemse het op 30 Junie 2018 uitgetree. Die direksie bedank hulle vir hul waardevolle bydrae tot en toewyding aan Media24 oor die jare. Hul unieke bydraes word hoog op prys gestel en sal gemis word.

Esmaré Weideman en Khomotso Mthimunye is onderskeidelik met ingang van 1 April 2019 en 17 April 2019 as nie-uitvoerende direkteure aangestel. Ishmet Davidson is op 1 Oktober 2018 as groep- uitvoerende hoof en uitvoerende direkteur van die Media24-direksie aangestel. Mobasheer Patel, groep- finansiële hoof van Media24 sedert 1 September 2018, is vanaf 1 Desember 2018 uit hoofde van sy amp as Media24 se uitvoerende direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie aangestel.

Ingevolge die maatskappy se akte van oprigting tree een derde van die direkteure jaarliks uit en heraanstelling gebeur nie outomaties nie. Trevor Petersen, Koos Bekker en Jo-Ann Held, wat volgens rotasie uittree, is verkiesbaar en stel hulself vir herkiesing beskikbaar. Die direksie beveel verder aan dat aandeelhouers Trevor Petersen, Khomotso Mthimunye en Jo-Ann Held as lede van die ouditkomitee aanstel.

Aandeelhouers sal gevra word om hierdie herkiesings en aanstellings by die komende algemene jaarvergadering, waarvan kennisgewing in hierdie verslag vervat is, te oorweeg. Kort biografiese besonderhede van al die direkteure word op bladsy 24 en 25 van hierdie verslag verskaf.

Ons bedank graag ons mededireksielede vir hul volgehoue ondersteuning. Ons gee ook erkenning aan die toewyding, passie en uitnemendheid van Media24 se bestuurspan en al ons werknemers. Hul bydraes word waardeer.


## Vooruitsig

Media24 het die afgelope finansiële jaar ’n sterk fondament gelê om steeds die maatskappy vir ’n volhoubare toekoms te herposisioneer deur ons digitale mediabedrywighede uit te brei, in ons e-handelsbesigheid te belê en maksimum winsgewendheid in drukmedia te behaal.

| | |
|---|---|
| **Rachel Jafta** | **Ishmet Davidson** |
| *Voorsitter* | *Uitvoerende hoof* |

14 Junie 2019





# Ons strategie

Media24 streef daarna om gemeenskappe te bou deur uitstekende joernalistiek, slim tegnologie en innoverende dienste.


1 Ons bou 'n gediversifiseerde mediamaatskappy met belange in uitgewery, aanlyn dienste en e-handel in Suid-Afrika.

2 Ons vertel stories wat saak maak, omskep data in insigte en ontwerp oplossings wat werk.

3 Dit is deel van ons kultuur om net die beste in diens te neem en daarom probeer ons die beste talent lok en behou. Mense met 'n passie vir uitnemendheid is die hartklop van Media24.


4 Ons streef daarna om by te dra tot die gemeenskappe waarin ons werk.

## Hoe doen ons dit?




**Lok die beste talent:**
Media24 streef daarna om die beste kreatiewe mense, ingenieurs, verkoopsmense, administratiewe en ander personeel in die besigheid aan te stel. Ons glo aan 'n voortgesette leerproses.

**Winsgewende organiese groei en strategiese beleggings:**
Ons probeer om geleenthede in drukmedia ten volle te benut terwyl ons Media24 vir 'n volhoubare toekoms posisioneer. Ons doen dit deur in digitale media, e-handel en aanlyn werwing asook in ander gediversifiseerde ondernemings te belê.



**Gebruik die reikwydte van ons handelsmerke om te diversifiseer:**
Ons handelsmerke is gevestig, en word vertrou en gerespekteer. Ons benut die krag en gewildheid van ons handelsmerke in uiteenlopende inisiatiewe wat inkomste skep, soos openbare geleenthede, handelsmerkuitbreidings en nog meer.

**Vergroot digitale reikwydte en versterk gebruikersbetrokkenheid:**
Ons meet die interaksie en lojaliteit van ons gehore deur die tyd wat hulle op ons apps en webwerwe deurbring. Ons probeer deurentyd om dit uit te brei deur die gebruikerervaring te verbeter. Ons migreer ook ons gebruikers en kliënte van druk na digitaal en brei ons dataontledingsvermoë uit om ons gehore beter te verstaan en teikengerigte oplossings aan adverteerders te bied.



**Werk saam met reguleerders en bedryfsliggame:**
Media24 het 'n wye verskeidenheid belanghebbendes. Sien die afdeling oor ons skakeling met belanghebbendes vir besonderhede van ons huidige interaksies.

**Wend ons kundigheid ten bate van plaaslike gemeenskappe aan:**
By Media24 is ons toegewyd om ons vaardighede, hulpbronne en mense te gebruik ten bate van gemeenskappe waarin ons werksaam is. Dit word in die afdeling oor ons korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid toegelig.

# Ons skakeling met belanghebbendes

Media24 beywer hom vir oop en proaktiewe skakeling met sleutelbelanghebbendes om relevant te bly vir die Suid-Afrikaanse agenda, wat daarna streef om ons land se maatskaplik-ekonomiese uitdagings te oorkom.

Ons het 'n breë spektrum van belanghebbendes wat vennote in ons besigheid is. Dit sluit ons werknemers, klante, aandeelhouers, sakevennote, bedryfsliggame, die regering en beleggers in. Ons gebruik verskeie metodes om met ons sleutelbelanghebbendes te skakel, en dialoog en terugvoer word aangemoedig. Die volgende tabel illustreer ons volgehoue pogings om verhoudinge met ons belanghebbendes te versterk.

## Aandeelhouers

| Hoekom ons skakel | Hoe skakel ons met hierdie groep belanghebbendes? | Wat is die vernaamste kwessies wat hulle opper? | Wat is ons reaksie? |
|---|---|---|---|
| ■ Om aandeelhouers op hoogte te hou van ontwikkelinge in die maatskappy en hoe strategie toegepas word.<br>■ Om voort te bou op Media24 se profiel as 'n verantwoordelike korporatiewe burger.<br>■ Om die vertroue wat in die maatskappy gestel word te behou en daarop voort te bou. | ■ Algemene jaarvergaderings van Media24 en Welkom Yizani.<br>■ Verspreiding van Media24 se geïntegreerde jaarverslag aan Welkom Yizani-aandeelhouers.<br>■ Media24 (www.media24.com) en Welkom Yizani (www.welkomyizani.co.za) se webwerwe.<br>■ Kommunikasie per pos, indien nodig. | ■ Welkom Yizani se aandeelprys in die mark.<br>■ Aandeelhouerbystand in Kaapstad deur middel van 'n instapsentrum. Welkom Yizani se inbel- en instapsentrum is in Johannesburg. | ■ Aandele verhandel volgens 'n beginsel van gewillige kopers en verkopers.<br>■ Media24 het 'n strategie om aandeelhouer-waarde te skep.<br>■ 'n Duplikaat-inbelsentrumstruktuur is nie kostedoeltreffend nie. In besige tye is bykomende inbelsentrumagente beskikbaar. |






# Werknemers

| Hoekom ons skakel | Hoe skakel ons met hierdie groep belanghebbendes? | Wat is die vernaamste kwessies wat hulle opper? | Wat is ons reaksie? |
|---|---|---|---|
| ■ Om ’n veilige, positiewe en inspirerende werkomgewing te verskaf.<br>■ Om personeel se behoeftes en kwelvrae te verstaan en daaraan aandag te gee.<br>■ Om strategiese leiding te gee, asook duidelikheid oor ons mense se bydraes.<br>■ Om die beste talent te behou.<br>■ Om leierskap, opleiding en ontwikkeling te verskaf. | ■ Direkte interaksie met werknemers oor hul prestasie en ontwikkeling, en ander behoeftes.<br>■ Gereelde en ad hoc e-poskommunikasie en alternatiewe maandelikse 24/7-nuusbriewe.<br>■ Werknemers word deur diensbillikheidsforums verteenwoordig.<br>■ Gereelde vergaderings en nasionale inligtingsessies, waarheen alle personeel genooi word.<br>■ Jaarlikse personeelopname nooi werknemers om hul menings te lug.<br>■ Ons erken ons personeel se uitnemendheid. | ■ Verpligte mediesefonds-lidmaatskap (wat volgens talle onbekostigbaar is).<br>■ Onmededingende vergoeding.<br>■ Beperkte opleidings-begrotings.<br>■ Gebrek aan transformasie.<br>■ Interne kommunikasie in Afrikaans word as struikelblok vir ware transformasie beskou. | ■ Mediesefonds-lidmaatskap is vrywillig gemaak en ’n meer bekostigbare mediese versekeringsopsie is bygevoeg.<br>■ Media24 fokus daarop om talent te beloon.<br>■ Ons bied gratis aanlyn opleiding deur Naspers se MyAcademy aan alle personeel.<br>■ Ons het ’n diensbillikheidsplan wat struikelblokke vir transformasie identifiseer. Dit sluit toepaslike aksieplanne in.<br>■ Interne kommunikasie in Engels en Afrikaans. |

# Klante

| Hoekom ons skakel | Hoe skakel ons met hierdie groep belanghebbendes? | Wat is die vernaamste kwessies wat hulle opper? | Wat is ons reaksie? |
|---|---|---|---|
| ■ Om ’n beter begrip van ons klante se ideale en behoeftes te kry.<br>■ Om relevante en nuttige produkte en dienste aan ons klante te lewer.<br>■ Om te verseker hoë diensvlakke word gehandhaaf. | **Media:**<br>■ Intekenaar- en klantediens-inbelsentrum.<br>■ Sosiale media.<br>■ Fokusgroepe.<br>■ Funksies.<br>■ E-posse en briewe aan redakteurs.<br>■ Verbruikers-/marknavorsing.<br>**E-handel:**<br>■ Klantediens-inbelsentrum, opnames en Net Promoter Score (NPS).<br>**Adverteerders:**<br>■ Sleutelrekening-bestuurders.<br>■ Gereelde voorleggings oor marktendense.<br>**Kliënte vir e-handelsvervulling:**<br>■ Diensvlak-ooreenkomste (DVO’s). | **Lesers/gebruikers:**<br>■ Inhoudvoorkeure en voorbladpryse.<br>■ Beperkte gedrukte voorraad in kleinhandel.<br>■ Aflewering van gedrukte titels.<br>**Adverteerders:**<br>■ Onmededingende advertensietariewe.<br>**Inkopieklante:**<br>■ Afleweringsnavrae, gehalte, en terugbetalings.<br>**Kliënte vir e-handelsvervulling:**<br>■ Aflewerings-navrae en tariewe. | **Lesers/gebruikers:**<br>■ Insette/terugvoer word deur redakteurs in ag geneem.<br>■ Deurlopende fokus op beter gebruikerervaring.<br>■ Kostedoeltreffende maatreëls om omslagpryse bekostigbaar te hou.<br>■ Voortdurende aanvraagbeplanning om uitverkoopte en teruggestuurde goedere te beperk.<br>**Adverteerders:**<br>■ Voorstelle sluit gehoorprofiele en reikwydte/skakeling in om advertensietariewe te regverdig.<br>**Inkopieklante:**<br>■ Inbelsentrum hanteer navrae binne streng diensvlakke.<br>**Kliënte vir e-handelsvervulling:**<br>■ Monitering van prestasie teen DVO’s.<br>■ Gereelde vergaderings. |


# Bedryfsliggame


| Hoekom ons skakel | Hoe skakel ons met hierdie groep belanghebbendes? | Wat is die vernaamste kwessies wat hulle opper? | Wat is ons reaksie? |
|---|---|---|---|
| ■ Om strategiese sakevennootskappe te bou.<br>■ Om uit beste praktyke te leer en inligting te deel waarby die bedryf sal baat. | ■ Deelname aan Publishers Support Services (PSS) en skakeling met verskeie instellings soos die Ouditburo van Sirkulasies van Suid-Afrika (ABC), die Persraad van Suid-Afrika (Persraad), die Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum (Sanef), en die Vereniging van Onafhanklike Uitgewers (VOU). | ■ Bedreigings vir persvryheid in beoogde wetgewing.<br>■ Selfregulering van die media.<br>■ Transformasie van die media.<br>■ Veiligheid van joernaliste. | ■ Voorleggings oor beoogde wetgewing deur middel van bedryfsliggame.<br>■ Ondersteuning van selfregulering deur die media deur middel van die Persraad.<br>■ Beskermingsdienste vir joernaliste word verskaf waar nodig. |


# Regulatoriese liggame

| Hoekom ons skakel | Hoe skakel ons met hierdie groep belanghebbendes? | Wat is die vernaamste kwessies wat hulle opper? | Wat is ons reaksie? |
|---|---|---|---|
| ■ Om te verseker dat ons binne die wet en toepaslike regulasies optree.<br>■ Om te verseker dat ons positiewe en voordelige verhoudinge met regulatoriese liggame het.<br>■ Om ons besigheid in die toekoms teen negatiewe beleid en wetsbepalings te beskerm. | ■ Gereelde vergaderings met belanghebbendes soos die Regeringskommunikasie- en Inligtingstelsel (GCIS), die Mededingingskommissie en die Mededingingstribunaal. | ■ Beoogde regulasies en wetgewing.<br>■ Transformasie van die drukmediasektor.<br>■ Bevooroordeelde media-verslagdoening.<br>■ Nakoming van die Wet op Mededinging.<br>■ Dataprivaatheid en kubersekuriteit.<br>■ BGSEB-wette en -regulasies. | ■ Voorleggings oor beoogde regulering en wetgewing.<br>■ Handhaaf geloofwaardige transformasievlakke.<br>■ Deurlopende bewusmakings- en opleidingsinisiatiewe van joernaliste.<br>■ Streng voldoening aan regulatoriese nakoming.<br>■ Opleiding ten opsigte van die Wet op Mededinging, dataprivaatheid en kubersekuriteit. Bewustheid vir alle werknemers wat data hanteer.<br>■ Proaktiewe BGSEB-nakoming, -bestuur en -verbetering. |

# Die oorsigjaar in kort




## Direksie:

70%

Swart direkteure

40%

Vroue-direkteure

## Welkom Yizani:

± 80 000

swart aandeelhouers

Die grootste breedgebaseerde SEB-skema in die Suid-Afrikaanse drukmediabedryf

## Opleiding:

17

interns het 'n jaar lange program voltooi om 'n talentpyplyn te skep

77%

van opleiding is op swart werknemers spandeer en R1m is belê in Seta-geakkrediteerde opleiding vir swartmense

R26m

spandeer op opleiding vir die jaar

2018 Voorkeur-werkgewer

MEDIA

sagea-TOEKENNINGS

Trots

VLAK 4-BGSEB-BYDRAER

# Toekennings

Ons ondernemings het die afgelope jaar verskeie toekennings ontvang, insluitend:

**3** WAN-IFRA 2018 African Digital Media-toekennings

NB Uitgewers se boeke en skrywers het **28** letterkunde-toekennings ontvang

New Media Publishing het **42** plaaslike en internasionale redaksionele, ontwerp- en uitgewer-toekennings (drukformaat en digitaal) ingepalm

**2** SAB Sports Media-toekennings

Handelsuitgewer van die Jaar 2018 aan Jonathan Ball Publishers





**9** Forum vir Gemeenskapsjoenaliste-toekennings vir uitmuntendheid

**8** IAB Bookmarks-toekennings, waaronder 'n gesogte Black Pixel-toekenning aan 24.com as die beste digitale uitgewer vir die derde agtereenvolgende jaar

Beste media-eienaar aan Media24 Leefstyl by die MOST-toekennings

Toekenning vir fotograaf van die jaar by Vodacom Joernalis van die Jaar-toekennings

**9** Sikuvile-joernalistiektoekennings






# Ons besigheids- en finansiële prestasie

## Oorsig

Media24 het redelike resultate vir die finansiële jaar behaal, met 'n effense toename in totale omset op 'n jaar-tot-jaar-grondslag tot R4.7mjd en 'n afname van 9% in die handelsverlies tot R334m. Die winsgewendheid van die volwasse besighede (koerante, tydskrifte, drukverspreiding en boekuitgewery) het aansienlik verbeter gedurende die oorsigtydperk. Terselfdertyd het ons groeibesighede (digitale media, e-handel, e-handelsvervulling, werwingsadvertensies en aanlyn dienste) sterk omsetgroei getoon teenoor die vorige jaar. Ons het steeds in digitale media en e-handel belê om die groep vir die toekoms te diversifiseer, terwyl werksaamhede gerasionaliseer en die kostebasis verlaag is deur op ons hoof digitale nuushandelsmerke te fokus. Aanlyn gehore en gebruikersinteraksie bly belangrik en verskeie inisiatiewe is van stapel gestuur om die gebruikerervaring met slim tegnologie te verbeter.

## Bedryfsoorsig

**Optimale benutting van ons volwasse portefeulje**

Ondanks 'n daling in omset van 7% jaar tot jaar, het ons drukmedia-afdeling (Nuus, Leefstyl en On the Dot) sy wins meer as verdubbel en sy hoogste wins in meer as 'n dekade aangeteken, danksy drukkontrakte wat herbeding is en kostebesparingsinisiatiewe.

Media24 het sy drukmedia-reikwydte gehandhaaf – agt uit elke tien koerante en tydskrifte wat deur Suid-Afrikaanse volwassenes in gedrukte formaat of aanlyn gelees word, is Media24-publikasies – en sy advertensie- en sirkulasie-markleierskap in albei sektore behou. Ons gee vyf van die top tien betaalde koeranttitels uit, waaronder Soccer Laduma, in die tweede plek kort agter die Sunday Times. Media24 Leefstyl gee ses van die top tien verbruikerstydskrifte uit, en dit sluit die top vier in.

Die Burger het die frekwensie van sy Oos-Kaapse uitgawe van ses dae tot slegs Vrydae in gedrukte formaat verander, met digitale uitgawes wat Maandag tot Vrydag beskikbaar is. Ongeveer









MEDIA24

90% van die intekenare op gedrukte uitgawes is behou en die meeste het oorgeskakel na betalende intekening op Netwerk24, terwyl Vrydag-verkope van die gedrukte weergawe met 5% toegeneem het oor die afgelope jaar.

On the Dot het beduidende vordering gemaak om ’n veranderlikekoste-basis op te bou deur sy pakhuisgeriewe en verspreiding uit te kontrakteer, en het sy hoogste wins nóg aangeteken.

Media24 het die minderheidsaandeelhoudings in Soccer Laduma en New Media Publishing verkry en by die besigheid ingelyf. Soccer Laduma verdien nou meer inkomste uit digitale advertensies as gedrukte advertensies en het ook die hoogste wins in sy 20-jaar geskiedenis aangeteken.

Ons landwye netwerk van gemeenskapskoerante verdien spesiale vermelding met hul hoogste wins van alle tye.

VIA bly die gewildste leefstylkanaal onder Afrikaanse kykers op DStv, met ’n gesonde kykertal van 27% in hierdie segment – amper driedubbel sy kontrakvereiste. Inkomste uit borgskappe het met 36% gestyg, en inkomste uit lugtyd met 63%.


Ons Boeke-afdeling het die afgelope jaar beperkte sukses behaal. Uitstekende skoolboekverkope in Suid-Afrika is teengewerk deur ’n trae ekonomie wat handelsverkope belemmer het, geen laerskoolboekbestellings van die Botswana-regering nie en teleurstellende verkope van akademiese handboeke ná ’n onverwagte verandering in die uitbetalingsbeleid van die Nasionale Studentehulpskema (NSFAS).

**Fokus op ons groeiportefeulje**

Met die inlywing van Spree en Superbalist (Naspers se ander plaaslike e-modekleinhandelaar) by Fashion United SA (FUSA) op 1 Oktober 2018, besit Media24 nou 50.95% van die grootste e-modekleinhandelaar in Suid-Afrika. Omset het jaar tot jaar met 90% toegeneem danksy vinnige groei in e-handel oor die algemeen, en die samesmelting met Superbalist. In die samesmeltingsproses het Media24 egter beduidende verliese gely weens voorraad en ander waardedalings.

Onder Suid-Afrikaanse uitgewers is 24.com die onmiskenbare leier met ’n teikenmarkaandeel van 35%. Gemiddelde daaglikse unieke gebruikers het met 3% tot 1.64m gestyg en die gemiddelde daaglikse unieke bladlese met 3.2%



tot 13.5m. Toegang via mobiele toestelle staan nou op amper 89%. Ons het in vennootskap met Oovvuu 'n video-inhoudplatform geloods wat sy teiken van 1m maandelikse besoeke binne drie maande oortref het. Netwerk24 het sy betalende intekenaarbasis jaar tot jaar met 32% opgestoot tot net onder 50 000, en daarmee sy posisie versterk as die grootste betaalmuur-nuusdiens in die land.

24.com het sy omset jaar tot jaar met 5% verhoog en sy verlies met 36% verlaag, danksy 'n kombinasie van omsetgroei, kostebesnoeiing en die sluiting van sy alleenstaande nuus-samevoegers. Met die sluiting van laasgenoemde kan ons ook nou ons beperkte ingenieurskapasiteit volledig toespits op ons twee hoofnuushandelsmerke: News24 en Netwerk24. Business Insider South Africa het binne drie maande tot die voorste posisie in die sakesektor gestyg en sy omsetverwagtings ver oortref.

Media24 was die eerste digitale uitgewer in die wêreld wat Google se prestasie advertensietegnologiestapel verkry het om teikengehoor-vermoëns uit te brei in ons strewe om ons markaandeel ten opsigte van inkomste uit digitale advertensies te verhoog.

## Finansiële oorsig

Media24 se omset het op 'n jaar-tot-jaar-grondslag effens toegeneem tot R4.7mjd en die handelsverlies het met 9% afgeneem tot R334m oor hierdie tydperk. Kernwesensverdienste het jaar tot jaar met 46% verbeter, hoofsaaklik danksy die veranderings in ons minderheidsaandeelhoudings.

Dit is verblydend dat handelswins in die volwasse portefeulje danksy laer drukpryse en volgehoue kostebesparingsinisiatiewe jaar tot jaar met 73% verbeter het, ondanks 'n jaar-tot-jaar-afname van 7% in omset. Advertensie- en sirkulasie-inkomste het in ooreenstemming met strukturele dalings in die bedryf afgeneem, terwyl inkomste uit boekuitgewery met 7% afgeneem het weens die kleiner handboekbestellings.

Die groeiportefeulje het jaar tot jaar beduidende omsetgroei van 42% behaal, met inagneming van die impak wat die konsolidasie van die FUSA-resultate in die tweede helfte van die jaar gehad het. Die groeibesighede het steeds belê om skaal uit te brei. Dit het, tesame met afskrywings in ons e-modekleinhandelaarbesigheid ná die samesmelting met Superbalist, daartoe gelei dat netto handelsverliese 36% hoër was as in die vorige jaar.

Kontant wat in bedryfsaktiwiteite aangewend is, is deur die handelsverlies vir die tydperk en hoër bedryfskapitaalvlakke geraak, hoofsaaklik weens die tydsberekening van voorraadaankope. Dit is gedeeltelik teengewerk deur hoër beleggingsinkomste en laer belasting wat betaal is in vergelyking met die vorige tydperk.

Media24 het steeds 'n goed gekapitaliseerde balansstaat om sy groeistrategieë te volg, met R1.2mjd kontanthulpbronne wat beskikbaar is om steeds ons werksaamhede asook groei- en diversifikasiestrategieë in die afsienbare toekoms te befonds.

## Opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële jaarstate en volledige finansiële jaarstate

Die opgesomde finansiële jaarstate verskyn op bladsy 64 tot 75. Die volledige finansiële jaarstate vir die jaar tot 31 Maart 2019 is by **www.media24.com** beskikbaar. 'n Gedrukte kopie van die finansiële jaarstate is verkrygbaar by die groep- finansiële hoof, Mobasheer Patel, by die geregistreerde kantoor van die maatskappy (besonderhede op bladsy 91).



# Ons bydrae tot ons gemeenskappe

Die staat van toegevoegde waarde toon die totale welvaart wat geskep is en hoe dit verdeel is, met inagneming van die bedrae wat teruggehou en in die groep herbelê is. Waarde toegevoeg word omskryf as die waarde wat geskep word deur die werksaamhede van 'n onderneming en sy werknemers, en word bereken as omset minus die koste om daardie omset te genereer.

## Staat van toegevoegde waarde

vir die jaar geëindig 31 Maart

| | 2019 R'm | 2018 R'm | |
|---|---|---|---|
| **Omset** | **4 714** | 6 457 | |
| Koste om omset te genereer | **2 860** | 3 757 | |
| **Waarde toegevoeg** | **1 854** | 2 700 | |
| Inkomste uit beleggings | **129** | 92 | |
| **Welvaart geskep** | **1 983** | 2 792 | |
| **Welvaartverspreiding:** | | | |
| **Werknemers** | | | |
| Salarisse, lone en voordele | **1 401** | 1 854 | |
| **Kapitaalverskaffers** | **46** | 1 290 | |
| Finansieringskoste | **4** | 15 | (1) |
| Dividende betaal | **42** | 1 275 | (1) |
| **Regering** | | | |
| **Totale belasting betaal** | **689** | 993 | |
| **Herbelê in die groep** | **(153)** | (1 345) | |
| Waardevermindering en amortisasie | **89** | 86 | |
| Ander kapitaalitems | **33** | 353 | |
| Behoue verdienste | **(275)** | (1 784) | |
| **Welvaart versprei** | **1 983** | 2 792 | |

***Aantekening***

*(1) Vanaf 25 September 2017 is die grootste deel van Media24 se belegging in Novus Holdings ontbondel deur die betaling van 'n dividend van R1.2mjd aan Naspers. In ruil het Naspers ingeskryf op 70 B- gewone aandele in Media24 Eiendoms Beperk ter waarde van R1.4mjd. Die Novus-resultate vir die ses maande is by die gekonsolideerde syfers vir 2018 ingesluit.*

## Ons mense

Media24 waardeer sy mense. Ons produkte en dienste is afhanklik van die kreatiwiteit en insigte van sleutelpersoneel, veral joernaliste en ingenieurs. Sonder hulle sou ons nie ons sakedoelwitte kon bereik nie.

Media24 het die afgelope jaar die sesde keer in sewe jaar die Sagea-toekenning as voorkeurwerkgewer vir gegradueerdes ontvang. Ons het ons diensvoorwaardes verander om werknemers groter buigsaamheid in hul keuse van mediese dekking te gee, en die grootste deelname en die hoogste tellings in ons jaarlikse personeelbetrokkenheids-opname verkry. Deelname was 90% en die totale telling was 75% (teenoor die vorige jaar se 71%). Op 31 Maart 2019 het Media24 3 750 werknemers gehad. By Media24:

- Is ons werkomgewing ontwerp om samewerking te bevorder, met oopplan-kantore waar moontlik.
- Moedig ons 'n balans tussen werk en persoonlike lewe aan deur personeel die opsie van buigsame werkure te gee, mits operasionele vereistes dit toelaat.
- Belê ons in die deurlopende ontwikkeling van ons mense.
- Beloon ons werknemers op 'n billike grondslag.
- Moedig ons werknemers aan om tot volhoubaarheids- en vernuwingsinisiatiewe by te dra.
- Respekteer ons die regte van ons werknemers en vier ons hul diversiteit.
- Moedig ons werknemers aan om via beskermde kanale terreine aan te meld waar die groep moontlik in sy sakegedrag en waardes in gebreke bly.

## Vaardigheidsontwikkeling

Media24 het die afgelope jaar R26m in die ontwikkeling van 3 391 werknemers (77% hiervan swart werknemers) en interns op verskillende vlakke belê. Te midde van strawwe handelstoestande het ons ons investering in opleiding verminder, maar tog seker gemaak dat noodsaaklike leerbehoeftes aandag kry en dat ons ons swart intreevlak-talentpoel deur internskapprogramme kon uitbrei.

Al ons mense het toegang tot aanlyn leergeleenthede deur MyAcademy (die Naspers-groep se aanlynleerplatform). Ons bied personeelbeurse aan vir deeltydse studie vir grade en diplomas, en personeel woon plaaslike en internasionale konferensies by om by te bly met bedryfsontwikkelinge. Ander opleidingsinisiatiewe sluit leierskap-ontwikkeling en bestuursafrigting in.









**Begunstigdes van Media24 Akademie-inisiatiewe die afgelope jaar het die volgende ingesluit:**


- The Hub@Media24: 13 swart rekenaarwetenskap-gegradueerdes het ses maande lank intensiewe opleiding ontvang as PHP-, Java- en Android-ontwikkelaars. Twaalf het die program voltooi en vier is werk of internskappe by Media24 aangebied.
- Geakkrediteerde programme ten opsigte van digitale uitgewersopleiding en webontwerp is ontwikkel en vir 60 lede van die Vereniging van Onafhanklike Uitgewers (VOU) aangebied, met befondsing van R1m wat deur die Seta vir die veselprosessering- en vervaardigingsektor (FP&M) bewillig is.
- 'n Tien maande lange ontwikkelingsprogram vir nege joernaliste met gestremdhede, in venootskap met ThisAbility, 'n organisasie sonder winsoogmerk wat 'n koerant deur joernaliste met gestremdhede uitgee.
- Media24 Akademie-gegradueerdes in media: 17 gegradueerdes is vir 'n internskap van een jaar gekeur en het die program suksesvol voltooi; 10 is in vaste en termynkontrakposte by Media24 aangestel.

## Diensbillikheid

Die groep voldoen aan arbeidswetgewing in sy bedryfsareas. In Suid-Afrika word Media24 se statutêre verslae by die betrokke regeringsdepartemente ingedien. Die ontleding van die groep se gekonsolideerde jaarlikse diensbillikheidstatus vir heeltydse werknemers soos op 31 Maart 2019 word hieronder aangedui.

Media24 het gedurende die verslagdoeningstydperk verteenwoordiging van swart werknemers op alle bestuursvlakke gehandhaaf of verbeter, maar sy mikpunt van 23% swart werknemers (Afrikane) in bestuursposte net-net gemis op 22%. Toepaslike en verteenwoordigende konsulterende forums beskerm die belange van werknemers in die hele groep en lewer waardevolle bydraes tot besluitneming.




**Ons het die meerderheid teikens soos vervat in ons diensbillikheidsplan wat aan die Departement van Arbeid voorgelê is, bereik:**

- 59% van werknemers is vroue, en ons teiken is bereik.
- 63% van personeel is swart, en ons teiken is bereik.
- 0.6% het gestremdhede, wat minder is as ons teiken van 1.6%.
- 44% swart personeel is in topbestuur, wat ons teiken van 40% oortref.
- 54% swart personeel is in bestuur, in ooreenstemming met ons teiken.

## Gesondheid en veiligheid

Beroepsgesondheid en -veiligheid en welstand van werknemers is belangrik vir Media24, aangesien dit die fisieke sowel as die geestes- en emosionele welstand van personeel bevorder, wat ook 'n invloed op produktiwiteit het. Ons werknemerwelstandprogram bied landwyd telefoniese en persoonlike berading aan werknemers en hul gesinne; ons bied welstanddae met vertroulike gesondheidstoetse (bloeddruk, liggaamsmassa-indeks, cholesterol, bloedsuiker en MIV-toetsing) by die werkplek aan, sowel as persoonlike welstandadvies aan elke deelnemer; alle heeltydse werknemers het mediese dekking en toegang tot die Discovery Vitality-program, wat afslag, aansporings en belonings vir gesonde eetgewoontes en oefening bied.

Ons het gedurende die verslagtydperk 55 beserings aan diens gehad, met 'n beseringsyfer van 0.8% per 100 000 uur wat gedurende die jaar gewerk is.

- Ons doen gereeld risikobeoordelings van gesondheids- en veiligheidstoestande by ons fasiliteite.
- Ons streef 'n beseringvrye werkplek na.
- Ons lei mense by ons hoërisiko-fasiliteite op ten opsigte van gesondheid en veiligheid.
- Ons monitor bestuur se gesondheids- en veiligheidstelsels deur gereelde bedryfs-, interne en eksterne oudit- en rapporteringsprosesse.
- 'n Gesonde werksmag dra by tot sakesukses. Ons bied 'n mediese fonds en welstand-programme aan vir ons werknemers.
- Ons streef daarna om toepaslike wette en regulasies na te kom.

## Korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid

Media24 het 'n trotse tradisie om lewens met meer as net ons produkreekse te verryk. Projekte wat wissel van boekskenkings aan skole en leerders in histories benadeelde gemeenskappe en personeeldeelname aan liefdadigheids- en welwillendheids-inisiatiewe en fondsinsamelings, tot opvoedkundige beursfondse, geletterdheidsveldtogte en joernalistieke opleiding vir jongmense.

Die OnsKan24-program, wat landwyd opleiding in digitale joernalistiek aan onderwysers en leerders gebied het, is aan die einde van hierdie finansiële jaar afgesluit. In die 2020-boekjaar sal Media24 kragte saamsnoer met die Naspers-befondsde WeCode24-program vir leerders wat daarop fokus om hulle te leer om rekenaars te programmeer.

Ons het die afgelope jaar meer as R15.6m in die vorm van kontant, produkte en mediadekking in verskeie gemeenskapsprojekte belê. Ons ondersteun gemeenskappe deur projekte wat regstreeks betrekking het op geïdentifiseerde behoeftes binne die gemeenskap. By Media24:

- Respekteer ons menseregte.
- Ondersteun ons ondernemings in swart besit deur aktief sulke verskaffers te werf.
- Bedryf ons sake met integriteit en op 'n billike en etiese wyse.
- Ons kode vir sake-etiek en -gedrag bepaal ons kultuur.

Met ons Vrywilligers24-program is alle vaste personeel geregtig op drie dae betaalde verlof om organisasies sonder winsoogmerk of 'n saak wat hulle na aan die hart lê, te ondersteun. Die afgelope jaar het Media24-personeel altesaam 747 dae vrywilligersverlof geneem deur hierdie program en tyd ter waarde van R982 000 aan liefdadigheidswerk gewy.

| Sektor and projek | Bydrae (geldelik en in natura) |
| --- | --- |
| OPVOEDING | |
| **Geletterdheid:** Verskeie projekte ondersteun geletterdheid, waaronder die borgskap van advertensieruimte (Beeld bevorder die gebruik van koerante as leermateriaal in skole), skenkings (boeke, koerante en skryfbehoeftes) en bystand en ondersteuning aan skole en universiteite. | R4m (materiaal en advertensieruimte geskenk) R0.5m (gratis professionele dienste) |
| **OnsKan24:** Hierdie program het landwyd joernalistieke opleiding aan leerders en onderwysers gebied. | R1m (operasionele steun, opleiding en promosiemateriaal) |
| **Verskeie geleenthede en borgskappe:** Borgskappe en gemeenskapsprojekte soos Beeld/Die Burger Kinderfonds, Die Burger Jeugleierskonferensie, Rapport Onderwysfonds en die Son WOW-fonds vir skoolgeletterdheid. | R1.5m (dit sluit ad hoc-rampverligtingsprojekte en -insamelings in) |
| KUNS EN KULTUUR | |
| **Feeste:** Media24 ondersteun die kunste en veral die Afrikaanse nasionale kunstefeeste, met operasionele steun, mediadekking en aktiverings, en gratis advertensieruimte. | R4m (Media24-bydrae, insluitend gratis advertensieruimte) |

| ONDERNEMINGSONTWIKKELING | |
|---|---|
| **Marvel Technologies:** Via Afrika het bygedra tot Marvel Technologies se professionele ontwikkelingsprogram vir onderwysers in Gauteng. Die program fokus op integrasie met die Zibuza.net-platform, 'n plaaslike aanlyn gemeenskap met gebruikergeskepte bronne vir elke fase van kinderontwikkeling tot Graad 12.<br><br>**Mikateko Media:** Media24 het aan Mikateko Media, die filiaal van New Media Publishing in swart vroue se besit, 'n rentevrye lening verskaf om sy infrastruktuur te verbeter en die besigheid uit te brei.<br><br>**2030-UP!:** Media24 het in vennootskap met Go Green Connect gehelp om 10 ondernemings in swart vroue se besit op die been te bring deur die 2030-UP!-program. Die befondsing verskaf opleiding en strategiese steun aan hierdie vroue. | R1.3m<br>(kontantskenking, toelaes en rentevrye lening)<br> |
| VRYWILLIGERS24 | |
| **Vrywilligers24:** Personeel gebruik die drie dae betaalde verlof (op 'n vrywilliger basis) waarop hul geregtig is om 'n saak wat hulle na aan die hart lê, te ondersteun. | R0.9m<br>(geldwaarde van tyd bestee deur vrywilligers) |
| ANDER | |
| **Mediadekking:** Nie-regeringsorganisasies vind baat by mediadekking en advertensieruimte. | R2.4m<br>(waarde van mediadekking) |
| **TOTAAL** | R15.6m<br>(bydrae vir volle jaar) |

## Die werkplek

Die skep van 'n gesonde, veilige werkplek by al ons fasiliteite is 'n prioriteit. Gesondheids- en veiligheidskomitees verseker voldoening aan toepaslike regulasies ooreenkomstig plaaslike wetgewing, waar nodig. Die bestuurder verantwoordelik vir gesondheid en veiligheid op die perseel sien toe dat komiteelede opgelei word en dat die komitee doeltreffend funksioneer. Gereelde beroepsgesondheids- en veiligheidsrisikobeheeroudits word deur operasionele bestuur gedoen en verbeterings word aangebring soos nodig. Wesenlike sake word aangemeld by en gemonitor deur Media24 se veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitee[(1)] en risikokomitee (beide is komitees van die direksie). Ons verspreidingsafdeling maak op groot skaal gebruik van kontrakteurs en organiseerders. Aangesien die meeste van hierdie werkers uit voorheen benadeelde gemeenskappe kom, word opleiding gereeld hersien om seker te maak dat hulle hul werk veilig en doeltreffend kan doen. Media24 se veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitee het ook beduidende verwante kwessies in die werkplek gemonitor.

***Aantekening***

*(1) Die veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitee is op 31 Maart 2019 ontbind.*

## Monitering

Media24 monitor die geboue waarin die maatskappy werksaam is en doen gereeld nakomingsoudits ten opsigte van gesondheid, veiligheid en die omgewing. Geboue word ook geskandeer. Beserings aan diens word streng gemonitor, en die maatskappy streef daarna om geen beserings of sterftes aan diens te hê nie.

## Welstand

Die groep se welstandprogramme volg 'n voorkomende benadering tot die gesondheid van werknemers. Drywers en personeel wat aan geraas blootgestel is, ondergaan gereeld oog- en gehoortoetse. Professionele onafhanklike sielkundige en maatskaplike ondersteuning word aan personeel verskaf.

Media24 bied by baie van sy kantore regoor Suid-Afrika welstanddae in vennootskap met 'n vooraanstaande gesondheidsversekeringsmaatskappy aan. Gesondheidsdienste sluit in: bloeddruk- en bloedsuikertoetsing (vir diabetes); cholesteroltoetsing, MIV/Vigs-berading en -toetsing, en 'n aantal risikobeheerprogramme.

Ons het die afgelope jaar diensvoorwaardes verander om personeel 'n keuse tussen oop mediese skemas of versekering te gee.

## Transformasie

Met transformasie as 'n strategiese en kommersiële imperatief, gaan ons voort om in die strategiese verkryging en ontwikkeling van vaardighede en ondernemings te belê. Verskillende inisiatiewe ontwikkel toepaslike vaardighede en progressiewe verkrygingspraktyke, laasgenoemde sluit in die voorkeurverkryging van diensverskaffers in swart besit, en dié wat aan vereistes vir swart ekonomiese bemagtiging (SEB) voldoen. Ons het beduidende vordering gemaak met die nakoming van ons transformasiedoelwitte.

Volgens ons jongste SEB-telkaart het Media24 'n vlak 4-gradering bereik, met 100%-verkrygingserkenning ten opsigte van SEB-besteding volgens die hersiene kodes. Die groep het volpunte vir maatskaplik-ekonomiese ontwikkeling behaal. Swartmense se ekonomiese belang is nou 56.16% (60.17% in die vorige jaar).

Welkom Yizani, wat in 2006 as Media24 se BGSEB-skema gestig is, verhandel sedert 2013 sy aandele op 'n aanlynverhandelingsplatform.

Tussen 2016 en 2017 het Naspers Beperk, die voorkeuraandeelhouer in Welkom Yizani sedert aanvang, afstand gedoen van voorkeuraandeelskuld en opgelope rente ter waarde van R434m wat Welkom Yizani volgens die skemareëls aan Naspers geskuld het. Welkom Yizani-aandeelhouers kon dus sedert 2017 onmiddellike ekonomiese voordeel uit hul aandele verkry.

Welkom Yizani het op 23 November 2018 sy sake in ooreenstemming gebring met die Wet op Finansiële Markte van 2012 (die FM-wet), toe hy sy aandele op die Equity Express Securities Exchange (EESE) genoteer het. Op 31 Maart 2019 het Welkom Yizani 88 213 (2018: 89 166) aandeelhouers gehad.

## Vennote in swart ekonomiese bemagtiging

Verskaffers se SEB-prestasie word volgens spesifieke kriteria beoordeel en moet jaarliks verbeter word. Media24 het 17.67 uit 25 punte behaal vir die voorkeurverkryging van goedere en dienste van alle verskaffers.

## Omgewing

Ons verminder, hergebruik en herwin om ons impak op die omgewing te beperk. Media24 se werksaamhede is uiteenlopend, en elke soort besigheid het 'n unieke impak op die omgewing. Daarom het elkeen sy eie oplossings nodig om hierdie impak te beperk.

Inisiatiewe vir energiedoeltreffendheid sluit in:

- beweging-geaktiveerde en energiedoeltreffende beligting
- energiedoeltreffende lugversorgers, en
- kragfaktor-regstelling en ladingbalansering.

Ons herwin alle onverkoopte koerante en tydskrifte. Gereelde insiggewende artikels in ons aanlyn en gedrukte publikasies leer verbruikers om ekovriendelik te leef. Afgesien van herwinning is dit ook in ons kommersiële belang om papier doeltreffend te gebruik en papier wat vir herwinning bestem is, asook onverkoopte produkte, tot die minimum te beperk. Media24 gebruik drukkers wat 'n Volhoubare Bosbou-inisiatief-bewaringsketting-sertifisering ontvang het, en papier vanaf volhoubare bronne word vir feitlik alle drukwerk gebruik.

Ons grootste impak op die omgewing is ons gebruik van koolstofgebaseerde elektrisiteit. Ons fokus bly op energiedoeltreffendheid en die meting van ons koolstofvoetspoor. Ons het ook heelwat in kragopwekkers en ononderbroke kragvoorsiening belê om deurlopende elektrisiteitstoevoer tydens kragonderbrekings te verseker.

Media24 se werksaamhede is hoofsaaklik in Suid-Afrika gesetel, waar steenkool die hoofbron van elektrisiteit is. Hierdie bedrywighede meet hul bruto koolstofvoetspoor ten opsigte van bestek 1- en 2-uitlatings volgens die kweekhuisgasprotokol (GHG-protokol), die aanvaarde internasionale standaard vir boekhouding van, en verslagdoening oor, uitlatings.

Ons koolstofvoetspoor het in die 2019-boekjaar met 27% tot 10 008 ton $CO_2e$ afgeneem (2018: 13 687 ton $CO_2e$). Die vermindering is merendeels toeskryfbaar aan die genoemde energiedoeltreffende inisiatiewe, veral by die Media24-sentrum en On the Dot.

Suid-Afrika het grotendeels herstel van die ernstige droogte van die afgelope drie jaar, maar water bly skaars. Media24 vervul steeds sy rol as 'n verantwoordelike watergebruiker en hou by die waterbeperkings. Dit sluit ook voortgesette bewusmakingsveldtogte in, en inisiatiewe om die gebruik van drinkbare water te verminder. Ons mikpunt is om te sorg dat 45% minder water gebruik word as in 2015 (voor die droogte).

## Elektroniese afval

Elektroniese afval is een van die vinnigste groeiende komponente van soliede afval wat op munisipale stortingsterreine beland. Ons gebruik verantwoordelike diensverskaffers om ons elektroniese afval te herwin en daarvan ontslae te raak.

## Boetes

Daar was in die afgelope jaar geen omgewingsongelukke nie en geen omgewingsverwante boetes is deur die regering opgelê nie. Die groep gaan voort om prosesse vir die bestuur van sy impak op die omgewing te verfyn.








# Direksie

Die direksie bestuur die groep se sake met integriteit en deur die relevante praktyke ten opsigte van korporatiewe bestuurstoesig toe te pas.



## Rachel Jafta

**Rachel (58)** het die grade MEcon en PhD verwerf en is ’n professor in ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch. Sy is ’n direkteur van Naspers en voorsitter van die Kaapstad Karnavaltrust. Sy het in 2003 as ’n direkteur by Naspers aangesluit en is in 2007 as ’n direkteur van Media24 aangestel. Sy is ’n lid van die Suid-Afrikaanse Ekonomievereniging en dien in die bestuurskomitee van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek by die Universiteit Stellenbosch. Sy is voorsitter van Media24 se direksie vanaf April 2013. Sy dien sedert 2015 in die internasionale adviesraad van Fondação Dom Cabral se sakeskool in Brasilië.



## Khomotso Mthimunye

**Khomotso (53)** het ’n BRations-graad van die Universiteit van Limpopo, ’n BComptHons van Unisa en ’n Hoër Diploma in Belastingreg van die Universiteit van die Witwatersrand. Sy is ’n geoktrooieerde rekenmeester met meer as 20 jaar se ervaring en ’n lid van die Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA), die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters en die Instituut vir Direkteure in Suider-Afrika. Sy het in die direksies van verskeie maatskappye in die openbare en privaat sektor gedien en in die mynbou- en finansiëledienstebedryf gewerk, onder andere vir BHP Billiton SA Beperk, Standard Corporate & Merchant Bank en Absa.



## Mobasheer Patel

**Mobasheer (42)** het ’n BCom-graad van die Universiteit van die Witwatersrand asook ’n BComHons en ’n Hoër Diploma in ouditkunde van die Universiteit van Johannesburg (UJ). Hy het in 2001 as ’n geoktrooieerde rekenmeester gekwalifiseer en by Old Mutual aangesluit. Hy het verskeie senior en direksieposte beklee, waaronder finansiële hoof van Old Mutual Wealth & Investments. Mobasheer is in September 2018 as finansiële hoof van Media24 aangestel.



## Trevor Petersen

**Trevor (63)** is ’n geoktrooieerde rekenmeester met meer as 30 jaar se ondervinding. Hy het 'n BComHons in finansiële bestuur aan die Universiteit van Kaapstad verwerf. Hy was ’n uitvoerende vennoot by PricewaterhouseCoopers Geïnk. en dien tans in die raad van Mediclinic International plc.



## Ishmet Davidson

**Ishmet (54)** se kwalifikasies sluit onder andere 'n BCom-graad in, en 'n MBA van die Edinburgse sakeskool by die Heriot Watt Universiteit in Skotland. Hy het 16 jaar se ondervinding in die mediabedryf en het in 2012 by Media24 aangesluit as hoof van gemeenskapskoerante. Hy het in 2014 hoof geword van die nuusafdeling, waarna die mediaverspreidingsmaatskappy On the Dot en Media24 se tydskrifafdeling by sy verantwoordelikhede gevoeg is. Hy is in Oktober 2018 as uitvoerende hoof van Media24 aangestel.



## Koos Bekker

**Koos (66)** het gehelp om die betaaltelevisie-onderneming M-Net/MultiChoice op die been te bring. Dit is in 1985 geloods en het geleidelik regoor Afrika uitgebrei. Koos was ook 'n stigter van die selfoongroep MTN. Hy het die MIH-groep in sy internasionale uitbreiding aangevoer tot in 1997. Hy het toe uitvoerende hoof van Naspers geword en die groep tot in 2014 gelei, terwyl dit gedurende hierdie tyd ook na die internet uitgebrei het. Hy is tans nie-uitvoerende voorsitter van Naspers. Die groep word nou op VS$90mjd gewaardeer en is die grootste belegger in die internet wat nie óf in die VS óf in China gebaseer is nie. Internetbeleggings en -werksaamhede strek oor talle lande en markte regoor die wêreld.



## Esmaré Weideman

**Esmaré (57)** het die grade BCom en BJoernalistiekHons (beide cum laude) aan die Universiteit Stellenbosch verwerf. Sy het meer as 25 jaar se ervaring as joernalis, politieke beriggewer en redakteur. Sy was hoofredakteur van Media24 se vlagskip-weekblaaie Huisgenoot, YOU en DRUM voordat sy in 2011 as uitvoerende hoof van Media24 aangestel is, 'n pos wat sy tot haar aftrede in September 2018 beklee het. Esmaré het op 1 April 2019 weer by Media24 aangesluit, as 'n nie-uitvoerende direkteur.



## Jo-Ann Held

**Jo-Ann (38)** het die graad BComRegte aan die Universiteit Stellenbosch verwerf. Sy is 'n media-entrepreneur wat reeds 18 jaar lank TV-programme en aanlynmedia-bedrywighede aanbied en vervaardig. Sy is 'n welwillendheidsambassadeur vir UNICEF en 'n direkteur van die adviesraad van die Universiteit Stellenbosch se sakeskool, Village and Life, en M&C Saatchi Abel.

# Direkteure en bywoning van vergaderings

| | Eerste datum aangestel in huidige pos | Laaste datum aangestel | Vyf direksievergaderings gedurende die jaar gehou. Bywoning: | Kategorie |
|---|---|---|---|---|
| R C C Jafta | 9 Februarie 2007 | 31 Augustus 2015 | 5 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| G M Landman[(1)] | 14 September 2006 | 28 Augustus 2017 | 5 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| S S de Swardt[(1)] | 14 September 2006 | 29 Augustus 2016 | 5 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| T D Petersen | 1 Julie 2015 | 28 Augustus 2017 | 5 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| D Meyer[(1)] | 1 April 2013 | 31 Augustus 2015 | 4 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| H S S Willemse[(2)] | 21 November 2013 | 29 Augustus 2016 | 2 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| J C Held | 1 Januarie 2014 | 29 Augustus 2016 | 5 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| J P Bekker | 1 April 2015 | 28 Augustus 2017 | 5 | Nie-uitvoerend |
| A Mayman[(1)] | 1 April 2017 | 28 Augustus 2017 | 5 | Nie-uitvoerend |
| E Weideman[(3)] | 1 Julie 2011 | 16 September 2011 | 3 | Uitvoerend |
| I M Davidson[(4)] | 1 Oktober 2018 | 1 Oktober 2018 | 2 | Uitvoerend |
| M Patel[(4)] | 1 Desember 2018 | 1 Desember 2018 | 1 | Uitvoerend |

***Aantekeninge***

*[(1)] Het op 31 Maart 2019 uitgetree as 'n direkteur.*
*[(2)] Het op 30 Junie 2018 uitgetree as 'n direkteur.*
*[(3)] Het op 30 September 2018 as uitvoerende direkteur uitgetree. Is as nie-uitvoerende direkteur op 1 April 2019 aangestel.*
*[(4)] As uitvoerende direkteur aangestel.*

# Komitees en bywoning

| | Uitvoerende komitee[1] | | Mensehulpbronne- en vergoedingskomitee[1] | | Nominasiekomitee[1] | | Veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitee[1] | | Ouditkomitee[1] | | Risikokomitee | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Een vergadering is gedurende die jaar gehou. | | Ses vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning: | | Ses vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning: | | Twee vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning: | | Vier vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning: | | | |
| R C C Jafta | ✓ | 1 | ✓ | 6 | ✓ | 6 | | | | | | |
| G M Landman | ✓ | – | ✓ | 6 | ✓ | 6 | ✓ | 2 | | | | |
| S S de Swardt | ✓ | 1 | | | | | | | ✓ | 4 | ✓ | 4 |
| E Weideman[2] | ✓ | 1 | | | | | | | | | ✓ | 4 |
| D Meyer | | | ✓ | 5 | ✓ | 5 | ✓ | 2 | | | | |
| H S S Willemse | | | | | | | ✓ | 1 | | | | |
| J C Held | | | | | | | | | ✓ | 4 | ✓ | 4 |
| A Mayman[3] | | | | | | | ✓ | 1 | | | ✓ | 4 |
| J P Bekker | | | | | | | | | | | | |
| T D Petersen | | | | | | | | | ✓ | 4 | ✓ | 4 |
| I M Davidson[4] | ✓ | | | | | | | | | | ✓ | 1 |
| M Patel[4] | ✓ | | | | | | | | | | ✓ | 1 |

***Aantekeninge***
*✓ Lid*
*[1] Uitvoerende direkteur(e) woon vergaderings op uitnodiging by.*
*[2] Tot 30 September 2018.*
*[3] As lid van die veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitee aangestel op 1 Julie 2018.*
*[4] Aangestel as lid met ingang van 1 Desember 2018.*

# Ons risikobestuurstoesig: Bestuur van risiko's en geleenthede

As 'n mediagroep verstaan ons dat ons bedryfswêreld voortdurend verander. Ons verstaan ook dat die verwesenliking van ons missie afhang van hoe goed ons die risiko's en geleenthede bestuur soos hulle ontstaan, te midde van die onsekerhede en onverwagte omstandighede waarmee ons as entrepreneurs daagliks te doen kry.

Hoewel standaarde en raamwerke help, kan geen risikobestuurstelsel of gekombineerde gerusstellingsmodel ons absolute sekerheid gee dat ons alle risiko's en geleenthede ten volle verstaan nie. Hoewel ons in die strewe om ons doelwitte te bereik die gepaardgaande risiko's doeltreffend bestuur, gee ons toe dat daar altyd 'n element van onsekerheid sal wees. Ons het in die verlede mislukkings ervaar en sal waarskynlik in die toekoms ook 'n paar teenkom as gevolg van residuele risiko wat ons in ons strewe na waarde hanteer. Netso kan ons nie seker wees dat ons elke geleentheid betyds genoeg sal identifiseer om dit teen volle te benut nie.

## Ons skep volhoubare waarde

Ons kyk na waarde in sy breedste betekenis, uit die oogpunt van finansiële, maatskaplike en omgewingsvolhoubaarheid – soos vervat in die seskapitaalmodel. Volgens hierdie model is ondernemings in die uitvoering van hul strategieë gedurig besig om verskillende kapitale wat interafhanklik is te transformeer, en word die waarde wat geskep (of vernietig) word as 'n netto effek in al die kapitale tesame weerspieël.

Ons glo dat waarde bepaal word deur sowel ons potensiaal om in die toekoms te presteer (vermoë om netto positiewe kapitaalresultate te skep) as prestasie self (konkrete netto kapitaalskepping oor 'n tydperk). Hierdie perspektiewe beïnvloed mekaar: lae potensiaal lei tot prestasiekwessies, en omgekeerd. Ons neem sowel potensiaal as prestasie in ag met die ontwikkeling van ons strategieë. Om potensiaal te bou sowel as prestasie te lewer, verg die transformasie van verskillende kapitale, en ons strategiese en bedryfsbesluite streef daarna om kapitaalproduksie (uitset) te vermeerder en kapitaalgebruik (inset) tot die minimum te beperk, om sodoende optimale waarde te skep.

Die faktore wat die gebruik en produksie van elke kapitaal beheer, bestaan uit 'n kombinasie van waardedryfvere. 'n Begrip van hierdie faktore en die bestuur van waardeskepping deur hierdie faktore is die kern van ons doelwitgedrewe, dinamiese geleentheids- en risikoraamwerk.

## Hoe ons risiko bestuur en monitor

Ons bevorder 'n kultuur waarin verstaan word dat robuuste risiko- en geleentheidsbestuursprosesse mededingende voordeel skep en volhou. Daarom beskou ons hierdie prosesse nie as afsonderlike aktiwiteite nie, maar eerder geïntegreer met daaglikse besluitnemings- en goeie bestuurstoesigpraktyke.

As 'n filiaal van die Naspers-groep, streef ons daarna om ons praktyke en beleide in ooreenstemming te bring met dié van die groep. Ons risikobestuursraamwerk, -stelsel en -prosesse put uit internasionaal erkende beste sakepraktyke en raamwerke. Ons bevorder die deel van kennis oor kwessies en goeie bestuurspraktyk tussen ondernemings binne die groep.


Ons beleide en reglemente is daarop gemik om die breë elemente van die seskapitaalmodel te bestuur. Ons besef en erken dat ons op grond van die aard van ons besigheid meer as een kapitaal transformeer, raak of beïnvloed, en ons bestuur ons risiko's in die lig hiervan. Ons reglemente en beleide bepaal hoe ons hierdie risiko's beperk.

## Verantwoordelikheid

Die direksie en bestuur is aanspreeklik vir ons keuses en besluite en hoe ons dit uitvoer, en om 'n ooreenstemmende beloning te lewer – dit is waarde en doeltreffendheid in die breedste sin van die woord – binne die grense van die risikoprofiel wat deur die direksie as aanvaarbaar beskou word. Die verantwoordelikheid vir die bestuur van risiko berus by die eienaar van die risiko: in die meeste gevalle bedryfsbestuur, met die hulp van die finansiële funksie. Groep- interne oudit en risikosteun beoordeel die doeltreffendheid van die risikobestuur- en interne beheerstelsel en kan ook hulp en leiding aan die onderneming gee.

## Die direksie se rol

Die direksie word op hoogte gehou van sleutelrisiko's en enige ontwikkelinge, en sien toe dat voldoende gerusstelling verskaf word ten opsigte van beduidende oorblywende risiko's teenoor vasgestelde verdraagsaamheidsvlakke. Dit word gedoen deur 'n kombinasie van interne bronne en onafhanklike bronne wat gerusstelling verskaf, insluitend groep- interne oudit en risikosteun, en die eksterne ouditeur.




***Aantekening***

*[1] Die veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitee is met ingang van 1 April 2019 ontbind.*

Die direksie word deur verskeie komitees bygestaan (verwys na struktuur hierbo), wat belas is met die taak van toesighouding en besluitneming namens ons groep, om die direksie te help om bestuurstoesig toe te pas ten opsigte van risiko's vir al die kapitale.

Ons het verskeie beleide en reglemente wat die proses van en verantwoordelikhede vir die bestuur van risiko en geleenthede beheer.

Media24 se direksie keur jaarliks die risikokomitee se reglement en risikobestuursbeleid goed. Hierdie dokumente sluit aan by die beleide van die Naspers-groep en stel uitvoerende bestuur en bedryfsafdelings in staat om gepaste praktyke en beginsels in die bestuur van risiko's en geleenthede toe te pas. Die risikokomitee help die direksie om toe te sien dat risiko bestuur word op 'n wyse wat die groep ondersteun om sy strategiese doelwitte te stel en te bereik. Die direksie is verantwoordelik vir die bestuur van risiko's en is tevrede met die doeltreffendheid van die risikobestuursproses.

## Ontleding en hantering van verskillende risiko's

Daar word van ondernemings in die Media24-groep verwag om 'n gestruktureerde benadering te volg om risiko's en geleenthede binne die verdraagsaamheidsvlakke van die direksie te identifiseer, beoordeel, ontleed en daarop te reageer.

Ons risiko-ontleding fokus op die impak van risiko op ons doelwitte, sonder om geleenthede wat ontstaan uit die oog te verloor. Ons oorweeg ons sleutelrisiko's met betrekking tot hul impak op die doelmatige transformasie van kapitale (dit is die seskapitaalmodel) om waarde vir alle belanghebbendes te verseker. Ten opsigte van risiko's wat ons nie bereid is om te aanvaar nie, doen ons stappe om ons kwesbaarheid te verminder. Die vorm en omvang van aktiewe risikobestuur wissel na gelang van hoe belangrik die risiko met betrekking tot verdraagsaamheidsvlakke is. Ons verbeter deurgaans ons beheer- en moniteringsmaatreëls om risiko's so vroeg as moontlik op te spoor of geheel en al te voorkom.

Ons streef daarna om ons risikobestuurspraktyke en -tegnieke verder te ontwikkel. Daarom oorweeg ons beste praktyke en volg ons die koers wat deur ons beheermaatskappy bepaal word. In die oorsigtydperk het ons steeds risiko ontleed met behulp van 'n risikogebaseerde benadering.

Waar ons kan, ondersoek ons maniere om risiko te deel of oor te dra. Ons het voldoende versekeringsprogramme om die risiko van skielike verliese wat deur versekerbare risikogebeurtenisse veroorsaak word, te beperk.

## Ons benadering tot risiko's en geleenthede

Te midde van onsekerheid kan risiko's dalk ons doelwitte op vele maniere affekteer, maar terselfdertyd kan geleenthede ontstaan wat ons in staat stel om ons teikens te oortref. Hierdie risiko's en geleenthede kan as moontlike negatiewe en positiewe afwykings van ons doelwitte beskou word. Ons glo dat ons mededingende voordeel kan skep deur middel van die geleenthede wat ons identifiseer en besluit om te benut, en deur die manier waarop ons risiko beoordeel, bestuur en aanvaar. Dit is 'n strategiese benadering tot risiko's en geleenthede.

Geleenthede en risiko's is veral belangrik waar hulle die grootste impak het op waarde – in die breedste sin van die woord – vir ons belanghebbendes. Daarom soek ons geleenthede uit en beoordeel, bestuur en aanvaar ons risiko's hoofsaaklik op die grondslag van hul moontlike impak op vasgestelde waardedryfvere.

## Ons volhoubaarheidstrategie

Ons is verbind tot goeie korporatiewe bestuurstoesig en toepassing van die beginsels van King IV. Hierdie beginsels bevorder verantwoordelike korporatiewe burgerskap en volhoubare ontwikkeling wat op etiese leierskap berus.

Binne die raamwerk van geïntegreerde denke, verantwoordelike korporatiewe burgerskap en volhoubare ontwikkeling, oorweeg ons ons sakemodel met betrekking tot die ses kapitale, asook die risiko's en geleenthede at aan die ses kapitale gekoppel is.

# Finansiële kapitaal

**Ons is 'n organisasie met 'n winsoogmerk wat in ontwikkelende ondernemings belê om nuttige goedere, produkte en dienste aan klante en 'n volhoubare opbrengs aan beleggers te lewer. Deur ons werksaamhede dra ons by tot ekonomiese groei en werkgeleenthede in Suid-Afrika en Afrika.**

**Ons streef daarna om:**

- te belê in die land waarin ons bedrywig is deur besigheid vir plaaslike verskaffers te skep, mense in diens te neem en aan die owerhede belastings en heffings te betaal
- ons bates en laste konserwatief te bestuur in belang van ons beleggers en ander belanghebbendes en in ooreenstemming met direksie-goedgekeurde risiko-aptyt
- te fokus op belegging in sakemodelle en nuwe tegnologieë wat belofte inhou vir toekomstige groei en potensiaal het om skaal uit te brei
- akkuraat en in ooreenstemming met toepaslike rekeningkundige standaarde verslag te doen oor ons finansiële posisie en prestasie, en
- aan toepaslike maatskappywette en regulasies te voldoen.

**Sleutelrisiko's vir hierdie kapitaal sluit in:**

- ekonomiese en politieke markontwrigtings
- aggressiewe plaaslike en internasionale mededinging en nie-tradisionele spelers in die mediasektor
- dalende sirkulasie- en advertensie-inkomste met betrekking tot ons gedrukte publikasies
- digitale bedrywighede wat nie die skaal bereik wat nodig is om beduidende wins te genereer nie
- ontoereikende befondsing om ons ambisies te verwesenlik
- kredietrisiko, teenpartyrisiko, bedrogverwante misdade en diefstal, en
- finansiële wanvoorstelling en/of versuim om inligting akkuraat bekend te maak in ons openbare verslae.

**Maatreëls om hierdie sleutelrisiko's te bestuur en geleenthede ten volle te benut, sluit die volgende in:**

- ons monitor ekonomiese en politieke ontwikkelinge so goed as moontlik, en pas maatreëls aan om ons kwesbaarheid te verminder
- ons probeer ons verbruikers se voorkeure en ontluikende tendense verstaan en pas ons aanbiedings daarvolgens aan
- met robuuste beplanning en monitering, doen ons vroegtydig stappe om te sorg dat ons die fondse en hulpbronne het om ons ambisies te verwesenlik
- ons verminder ons afhanklikheid van advertensie-inkomste deur ons diversifikasiestrategie in die e-handelsmark, digitale dienste en intekenaar-modelle (aanlyn mark)
- ons belê fondse en bestuur ons kontant- en befondsingsbehoeftes in ooreenstemming met ons groeptesouriebeleid, wat minimum standaarde stel om die risiko van nie-nakoming deur 'n teenparty te verminder
- ons vooruit-valutakontrakte is in ooreenstemming met groepsbeleid
- ons tref voorsorg om bedrog te voorkom en op te spoor deur streng interne beheermaatreëls rondom fondsbestuursprosesse te gebruik
- ons bedryf 'n doeltreffende internebeheer-omgewing
- ons het 'n anonieme fluitjieblaserlyn om bedrogverwante misdade aan te meld, en
- die ouditkomitee hou toesig oor die doeltreffendheid van gekombineerde gerusstelling.



# Vervaardigde kapitaal

**Vervaardigde kapitaal is deurslaggewend vir ons dienste en werksaamhede en kan die volgende insluit:**

- kantore, dienssentrums en pakhuisgeboue, meubels en toerusting
- inligtings- en tegnologie-infrastruktuur en -toerusting
- verspreidingsnetwerke (soos kleinhandelsafsetpunte en koerierdienste)
- openbare infrastruktuur soos paaie vir die aflewering van goedere
- voertuie, en
- voorraad.

**Ons streef daarna om:**

- te verseker dat kantoorgeboue, pakhuise, kleinhandelsafsetpunte, voertuie en toerusting doeltreffend is en goed in stand gehou word om deurentyd maatreëls ten opsigte van sekuriteit en brandvoorkomingsinfrastruktuur te verbeter, en seker te maak dat ondernemings genoeg dekking vir versekerbare risiko's het
- 'n veilige en robuuste tegnologie-infrastruktuur te bedryf
- deur verkrygings- en voorraadbestuur te verhoed dat produkte en dienste in onbruik raak
- oormatige investering in voorraad tot die minimum te beperk, en
- ons uitgekontrakteerde vennote te bestuur om ooreengekome diensvlakke na te kom.

**Sleutelrisiko's vir hierdie kapitaal sluit in:**

- vernietiging of waardevermindering van bates weens natuurrampe of mensgemaakte rampe
- tegniese onklaarraking en kuberinsidente wat ontwrigting veroorsaak
- voorraad wat in onbruik raak, insluitend oormatige afskrywings of waardedalings van bates weens swak beplanning, onderhoud of beskerming
- onvoorsiene kapasiteitsbeperkings as gevolg van risiko's wat die verskaffingsketting, logistiek en prosesse affekteer (fisies en elektronies), en
- gebrekkige produk-/dienslewering.

**Maatreëls wat in plek is om die risiko's te bestuur en op geleenthede te reageer, sluit in**:

- robuuste sakebeplanning, wat bedryfskapitaalbestuur insluit
- omvattende korttermynversekering
- fisiese veiligheidsmaatreëls om bates te beskerm
- sakekontinuïteitsbeplanning, insluitend rampherstel en toetsing
- streng toetsing van inligting- en tegnologiestelsels en app-veranderings
- intydse monitering van kuberbedreigings en gereelde kuberinsident-reaksietoetsing
- keuring van verskaffers en eksterne diensverskaffers
- gereelde prestasiebeoordeling van gekontrakteerde diensverskaffers
- sake- en hulpbronbeplanning, insluitend investering in inligting en tegnologie
- bate-instandhoudingsprogramme, en
- fokus op klante-ervaring, gehalte-inhoud en uitmuntende diens.



# Intellektuele kapitaal

**Intellektuele kapitaal (kennisgebaseerde ontasbare bates) sluit intellektuele eiendom (IE) soos patente, kopieregte, handelsmerke, domeinname, vertroulike inligting asook institusionele kennis, stelsels, prosedures en kultuur in.**

**Ons streef daarna om:**

- intellektuele kapitaal te gebruik om mededingende voordeel te verkry deur middel van klantgerigte ontwikkelings- en innoveringstrategieë
- ons intellektuele kapitaal genoegsaam te beskerm en nie op die regte van ander inbreuk te maak nie
- deur ons verskillende platforms waardevolle inhoud te lewer, aan te skaf en te publiseer vir verbruik deur ons klante
- 'n positiewe, innoverende en etiese kultuur binne die groep te kweek, en
- intellektuele kapitaal te bou deur voortdurend in ons mense en kennisdelingsprogramme in die hele groep te belê.

**Sleutelrisiko's vir hierdie kapitaal sluit in:**

- ondoeltreffende aksie, insluitend ontoereikende innovasie, om aan ons klante se veranderende eise en verbruikspatrone te voldoen
- onbehoorlike gebruik en/of onvoldoende beskerming van klanteprivaatheid, sensitiewe data en ander vertroulike inligting
- om weens gebrek aan innovasie teikens te mis
- verlies van markaandeel, inkomste en geleenthede deur skending, diefstal of misbruik van IE-regte
- reputasieskade of aanspreeklikheid weens fopnuus, skending, diefstal of misbruik van IE en regte van derde partye deur enige van ons ondernemings, en
- ontoereikende produksie van intellektuele kapitaal weens ontoereikende mensehulpbron-ontwikkeling en kultuur.

**Maatreëls wat in plek is om die risiko's te bestuur en op geleenthede te reageer, sluit in:**

- ontwikkeling van strategies-belangrike IE-bates asook om talent te lok, te bestuur en te ontwikkel, innovasie aan te moedig en prestasie te bestuur om teikens te bereik
- beskerming van IE-regte teen skending met behulp van doeltreffende kubersekuriteitmaatreëls volgens die riglyne van ons internasionale sekuriteitbeleid
- groep-IE-riglyne wat deur Naspers gemonitor en ondersteun word
- redaksionele beheermaatreëls om bronne en feite te verifieer, en
- deurlopende monitering van die gebruik van Media24 se naam en handelsmerke om ongemagtigde gebruik of akkreditering te identifiseer.



# Maatskaplike en verhoudingskapitaal

**Ons handel volgens ons waardes en kode vir sake-etiek en gedrag, en ons streef om doeltreffende interne en eksterne verhoudinge met belanghebbendes op te bou.**

**Ons streef daarna om:**

- 'n volhoubare netwerk van uiteenlopende breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtigingsverskaffers en verkrygingsvennote te skep
- vertroue te bou en ons ondernemings se lisensies in stand te hou om sake te doen en hul handelsmerke te gebruik
- 'n etiese kultuur te skep
- met ons belanghebbendes te skakel en op grondige en redelike kwessies te reageer
- aan die vereistes van regulatoriese en finansiële owerhede te voldoen en deel te neem aan die ontwikkeling van beleide waarby gemeenskappe baat vind, en
- gefokusde korporatiewe maatskaplike inisiatiewe wat aan sakestrategie gekoppel is, vol te hou.

**Sleutelrisiko's vir hierdie kapitaal sluit in:**

- onetiese gedrag wat ons kode vir sakegedrag en -etiek skend, insluitend omkopery, korrupsie en onbillike behandeling van belanghebbendes
- verlies van verbruikersvertroue – soos fopnuus, versuim om ons diensbelofte na te kom, skendings van datasekuriteit, nie-nakoming en minderwaardige produkte
- nie-nakoming van wetgewing en regulasies wat spesifiek betrekking het op maatskappywetgewing, dataprivaatheid, maatreëls teen omkopery en korrupsie, mededingingswetgewing, belastings en heffings, verbruikersbeskerming, maatreëls teen geldwassery, en internasionale sanksies
- versuim om volhoubare ondernemings in stand te hou wat tot maatskaplik-ekonomiese ontwikkeling bydra
- partydige of onbillike beriggewing in ons mediabedrywighede, en
- lastersake.

**Maatreëls wat in plek is om die risiko's te bestuur en op geleenthede te reageer, sluit in:**

- bestaande kode vir sake-etiek en -gedrag met 'n anonieme fluitjieblaserlyn
- deurlopende skakeling met reguleerders en bedryfsinstansies en implementering van 'n robuuste regsnakomingsprogram
- inisiatiewe teen omkopery en korrupsie, wat deel uitmaak van die regsnakomingsprogram
- meting en monitering van hoe sterk klanteverhoudinge is en strategie om klantetevredenheid te verseker
- aanvaarding van maatreëls om klante te beskerm (insluitend bestaande raamwerke en beleide, opleiding en bewustheid) en versekering dat klanteprivaatheid en datasekuriteit bestuur en gemonitor word, insluitend maatreëls vir beskerming teen kuberbedreigings
- bestuur van betrekkinge met belanghebbendes en hantering van grondige en redelike kwessies wat deur sleutelbelanghebbendes geopper word
- redaksionele beheermaatreëls om bronne en feite te verifieer
- onderskrywing van die Suid-Afrikaanse Perskode
- media-ombudsmanne
- handhawing van redaksionele onafhanklikheid, en
- korporatiewe maatskaplike beleggingsprogramme wat die gemeenskap en die besigheid baat, soos leer- en internskapgeleenthede vir studente, en om oor die lang termyn tot die mense-, intellektuele en finansiële kapitaal van die besigheid by te dra.



# Mensekapitaal

**Ons werknemers se vaardighede, vermoëns en ervaring, asook hul dryfkrag en betrokkenheid, is van deurslaggewende belang vir ons sukses.**

**Ons streef daarna om:**

- mense van hoë gehalte te lok en te behou om ons strategie uit te voer en volhoubare ondernemings te bou
- gefokusde loopbaanontwikkeling en -opleiding aan ons werknemers te gee
- 'n veilige en gesonde werkomgewing te skep waar mense voel dat daar vir hulle omgegee word, na hulle geluister word en hulle in hul ambisies ondersteun word
- die leierspyplyn te versterk en die groei van toptalent te versnel
- die deurlopende ontwikkeling en groei van ons ondernemings te ondersteun en ons mense met nuwe vaardighede vir die toekoms toe te rus
- kernsakevaardighede in ontluikende tegnologieë en media te ontwikkel
- ons vergoedingspraktyke met billikheid en verantwoordelikheid te benader volgens 'n strategie wat prestasie beloon
- diversiteit in ons spanne en denke aan te moedig, en
- aan toepaslike arbeidswetgewing te voldoen.

**Sleutelrisiko's vir hierdie kapitaal sluit in:**

- om nie daarin te slaag om talent te lok en te behou om die strategie uit te voer nie
- nie-nakoming van toepaslike wetgewing oor gesondheid en veiligheid, arbeid en diensbillikheid, en swart ekonomiese bemagtiging (SEB)
- onvermoë van bestaande personeel om vinnig by veranderings in die mark en innovasie aan te pas en sakestrategieë dienooreenkomstig aan te pas
- onbillike behandeling en vergoeding, en
- ontoereikende ontwikkeling van werknemers.

**Maatreëls wat in plek is om die risiko's te bestuur en op geleenthede te reageer, sluit in:**

- ontwikkeling van 'n aantreklike waarde-aanbod vir werknemers om talent te lok en te behou, insluitend leer- en ontwikkelingsinisiatiewe, opleiding en werknemerwelstand-inisiatiewe
- jaarlikse betrokkenheidsopnames om te verstaan waar ons kan verbeter
- vergoeding en aansporingsplanne om sleutelvaardighede te lok en uitsonderlike prestasie te beloon
- ingenieursinternskappe en vennootskappe met opleidingsinstansies
- stel en monitering van SEB- en diensbillikheidsteikens
- ons regsnakomingsprogram verseker nakoming van toepaslike wetgewing oor beroepsgesondheid en -veiligheid, arbeid, ekonomiese bemagtiging, transformasie en diversiteit, en
- mensehulpbronbeleid en prosedures om aandag te gee aan die lok van talent, bestuur en behoud, ontwikkeling, opvolgbeplanning, billike en verantwoordelike vergoeding, werkvoorwaardes, grieweprosedures en diversiteit.



# Natuurlike kapitaal

**Ons besef dat ons op ’n verantwoordelike wyse met die omgewing moet omgaan. Ons let op die verbruik van elektrisiteit, brandstof en veral water in ons daaglikse werksaamhede. As ’n mediamaatskappy publiseer en versprei ons gedrukte boeke, koerante en tydskrifte, terwyl ons e-handelsondernemings goedere koop en aan klante versprei.**

**Ons streef daarna om:**

- aan wette en regulasies te voldoen wat met die omgewing verband hou
- om op ’n omgewingsverantwoordelike wyse op te tree – deur waterbewaringsinisiatiewe in Suid-Afrika, ’n waterskaars land, toe te pas, en
- ons digitale aanbod as ’n alternatief vir gedrukte publikasies uit te brei.

**Sleutelrisiko’s vir hierdie kapitaal sluit in:**

- uitputting van die aarde se natuurlike bronne
- negatiewe impak op die gemeenskap as gevolg van besoedeling en aardverwarming, en
- boetes, strawwe of nuwe regulasies, fooie en belasting met betrekking tot die gebruik van natuurlike hulpbronne.

**Maatreëls wat in plek is om die risiko’s te bestuur en op geleenthede te reageer, sluit in:**

- navolging van toepaslike omgewingsvolhoubare praktyke om die impak op natuurlike kapitaal tot die minimum te beperk, byvoorbeeld deur energie- en waterbesparingsinisiatiewe en herwinning
- om papier te verkry vanaf gesertifiseerde volhoubare verskaffers
- meting van ons koolstofvoetspoor
- onafhanklike veiligheids-, gesondheids- en omgewingsoudits om volgehoue nakoming van wette en regulasies te verseker, en
- voortdurende optimering van werksaamhede om verbruik en vermorsing tot die minimum te beperk.

## Sleutelfokusgebied gedurende die jaar – verbetering van ons kuberbeskerming

Media24 volg Naspers se kubersekuriteitbeleid. Ter ondersteuning van ons digitale strategie en met die voortgesette wêreldwye neiging tot groter kubermisdaad, besef ons hoe belangrik dit is om ons kuberbeskermingsvermoëns deurentyd te verbeter. Ons het gedurende die jaar ons 24-uur sekuriteitbedryfsentrum, wat sekuriteitinligting en -gebeurtenisse intyds monitor, versterk. Ons doen steeds gereeld kubersimulasie-oefeninge om te verseker dat ons kuberinsident-reaksiespan vinnig op ’n bedreiging kan reageer indien dit ontstaan. As ’n filiaal van die Naspers-groep baat ons by toegang tot intelligensie-inligting oor bedreigings in al die Naspers-ondernemings. Gereelde binnedringingstoetsing en interne veldtogte ten opsigte van kuberaanvalle en internetbedrog word gebruik om ons kubersekuriteitverbeterings te bevestig en proaktief nuwe swakplekke te identifiseer. Dataprivaatheid bly ’n hoë prioriteit.

## Gerusstellingsverklaring

Ons gekombineerde gerusstellingsmodel is ontwerp en word toegepas om beduidende risiko's te dek deur ’n kombinasie van gerusstellingsdiensverskaffers en -funksies wat vir ons groep geskik is. ’n Oorsig van gekombineerde gerusstellings per sleutelrisiko word aan die oudit- en risikokomitees voorgelê. Ons interne ouditfunksie word aan Naspers uitgekontrakteer, en die Media24-groephoof van interne oudit rapporteer funksioneel aan die Media24-ouditkomitee, wat die risikogebaseerde interne oudit-dekkingsplan goedkeur en daaroor toesig hou. Waar nodig, ondersteun eksterne partye soos forensiese of data-ontledingsdeskundiges hierdie funksie. Ander eksterne gerusstellingsverskaffers word soos nodig gebruik. Die ouditkomitee stel die eksterne ouditeur aan, gaan die ouditeur se onafhanklikheid jaarliks na en hou toesig oor die eksterne oudit. Die komitee doen aanbevelings by die direksie en help die direksie om die integriteit van eksterne verslae te verseker. Die uitvoerende hoof en finansiële hoof se jaarlikse aftekenproses dek ook finansiële verslagdoening.

# Verslag oor bestuurstoesig

Media24 is toegespits op goeie korporatiewe bestuurstoesig en doeltreffende leierskap. Die direksie bestuur die groep se sake met integriteit deur geskikte korporatiewe bestuurstoesigpraktyke toe te pas. Ons streef daarna om op hoogte te bly van regulatoriese ontwikkelinge, ons bestuurstoesigstandaarde verder te verbeter, nakoming van toepaslike wette en regulasies te monitor en te verseker, en 'n florerende etiese organisasiekultuur te kweek. Ons streef ook daarna om 'n hoë peil van verslagdoening en openbaarmaking te handhaaf in die beste belang van ons belanghebbendes, en deur dit wat relevant en deurslaggend vir die volhoubaarheid van die groep is, openbaar te maak.

Media24 is 'n vooraanstaande mediagroep in Afrika. Dit is 'n filiaal van Naspers Beperk, wat op die JSE Beperk se aandelebeurs (JSE) en die Londense aandelebeurs (LSE) genoteer is. Media24 voldoen aan die noteringsvereistes van die JSE, asook aan wetgewing wat van toepassing is op openbare genoteerde maatskappye in Suid-Afrika (waar van toepassing op 'n filiaal van 'n maatskappy wat op die JSE genoteer is).

Ons onafhanklike direksie het sy eie bestuurstoesigpraktyke en komitees wat aan toepaslike bestuurstoesig- en regulatoriese vereistes voldoen. Die direksie se oudit-, risiko-, mensehulpbronne- en vergoedings-, nominasie-, en veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitees speel 'n sleutelrol om goeie korporatiewe bestuurstoesig te verseker. Die samestelling van die direksie en sy komitees word jaarliks nagegaan en, waar nodig, gewysig. Die groep gebruik onafhanklike eksterne adviseurs om regulatoriese ontwikkelinge te monitor om bestuur in staat te stel om aanbevelings oor sake rakende korporatiewe bestuurstoesig aan die Media24-direksie te kan voorlê.

## Raamwerk vir bestuurstoesig en toepassing van King IV

Die Media24-direksie is die fokuspunt vir en bewaarder van die groep se korporatiewe bestuurstoesigstelsels. Die direksie en sy komitees moet toesien dat die beginsels en praktyke van King IV toegepas en by die bestuurstoesigpraktyke van die maatskappye in die groep ingelyf word.

'n Gedissiplineerde rapporteringstruktuur verseker dat Media24 Beherend se direksie ten volle bewus is van filiale se bedrywighede, risiko's en geleenthede. Sake- en bestuurstoesigstrukture het duidelike goedkeuringsraamwerke.

Media24 se oudit- en risikokomitees monitor bestuurstoesig en vordering en doen verslag hieroor aan die Media24-direksie.

Gedurende die oorsigtydperk het ons stelsel- en prosesveranderings aangebring om in ooreenstemming te wees met die beginsels van King IV. 'n Omvattende ontleding van ons bestuurstoesigraamwerk teenoor King IV toon dat die groep aan al die sleutelelemente voldoen. Geringe gevalle van nie-nakoming is óf nie van toepassing nie, óf onder oorweging.

## Verklaring deur die direksie ooreenkomstig King IV

In ooreenstemming met die oorheersende beginsel in King IV van 'toepas en verduidelik', is die direksie na sy beste wete oortuig dat die groep prosesse wat die beginsels van King IV ondersteun, bevredigend toepas of tans besig is om te vestig.

## Sake-etiek

Ons kode vir sake-etiek en -gedrag is gedurende die jaar hersien en is beskikbaar by **www.media24.com**.

Media24 is daartoe verbind om sy sake te bedryf op die grondslag van voldoening aan die wet, met integriteit en behoorlike nakoming van etiese sakepraktyke. Om te verseker dat maatskappye in die groep toepaslike prosesse volg en 'n ondersteunende beleid en prosedures instel, is 'n deurlopende proses. Bestuur fokus op beleide en prosedures wat aandag gee aan belangrike etiese risiko's soos belangebotsings, die aanvaarding van onvanpaste geskenke, en onaanvaarbare sakegedrag.

Die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee is die oorkoepelende toesighouer oor sake-etiek. Dissiplinêre kodes en prosedures van groepmaatskappye verseker nakoming van die beleide en praktyke wat die kode vir sake-etiek en -gedrag ondersteun. Media24 duld geen skendings

van die kode nie en doen die nodige stappe, wat verbetering van die beheeromgewing en die instelling van dissiplinêre, kriminele of siviele aksies insluit. Onetiese gedrag deur senior personeellede, asook die wyse waarop daardie maatskappy se dissiplinêre kode toegepas is, word by hierdie komitee aangemeld. Gedurende die jaar is geen gevalle van beweerde onetiese gedrag by die komitee aangemeld nie.

Media24 het 'n etiekbeampte as die sentrale kontakpunt vir advies oor etiekverwante vrae, wangedrag, bewerings en klagtes. Die etiekbeampte rapporteer oor verwante sake via Media24 se uitvoerende bestuurspan aan die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee.

'n Fluitjieblaserfasiliteit stel alle werknemers in staat om onetiese gedrag in die werkplek anoniem aan te meld. Alle belanghebbendes kan onetiese gedrag en misdrywe anoniem en vertroulik aanmeld deur die fluitjieblaserfasiliteit te gebruik. Besonderhede van die fluitjieblaserlyn is op Media24 se webwerf beskikbaar.

Vanjaar het 'n groepwye bewustheidsveldtog die weg gebaan vir die aanmelding van onetiese sakepraktyke. Toekomstige fokusgebiede sluit die loods van 'n opvolgveldtog in om mense weer van etiek bewus te maak.

## Betrekkinge met belanghebbendes

Ons bestuur betrekkinge met interne en eksterne belanghebbendes op 'n inklusiewe wyse wat die behoeftes, belange en verwagtings van wesenlike belanghebbendes in die beste belang van die besigheid balanseer. Die bestuur van belanghebbendes word ingesluit by vorderingsverslae en voorleggings by direksievergaderings. 'n Oorsig van ons belanghebbendes en ons skakeling met hulle verskyn op bladsy 9 tot 11.

## Volhoubare ontwikkeling en korporatiewe burgerskap

Media24 se verbintenis tot volhoubare ontwikkeling en korporatiewe burgerskap word in sy beleid vir volhoubare ontwikkeling verwoord. Om die direksie te help om sy bestuurstoesigrol te vervul, ontvang die risikokomitee en die veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitee verslae oor Media24 se volhoubaarheidsbenadering en -inisiatiewe binne die seskapitaalraamwerk. Ons erken dat volhoubare ontwikkeling en ekonomiese, maatskaplike en omgewingsbeskerming internasionale vereistes is wat beide geleenthede en risiko's vir die besigheid inhou. Korporatiewe burgerskap is 'n integrerende deel van ons benadering tot besigheid, terwyl ons 'n maatskappy bou wat mense bemagtig en gemeenskappe verryk. 'n Oorsig van ons kapitale en waardeskepping verskyn op bladsy 29 tot 35. Bestuur het die afgelope jaar sy verslagdoening aan die risikokomitee en die veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitee oor verantwoordelike korporatiewe burgerskap en volhoubare ontwikkeling uitgebrei deur die seskapitaalraamwerk te gebruik.

## Verklaring oor geslags- en rassediversiteit

Media24 se beleid oor diversiteit is sedert November 2017 van toepassing. Met die opstel van hierdie beleid op direksievlak het ons sleutelaspekte van diversiteit oorweeg, waaronder goeie gebruikmaking van die verskille in die vaardighede, geografiese en bedryfservaring, agtergrond, ras, geslag en ander onderskeidende kenmerke van direksielede. Hoewel daar vanweë die komplekse aard van ons ondernemings geen spesifieke doelwitte vir geslags- of rassediversiteit gestel is nie, is ons daarop toegespits om die regte balans van kennis, vaardighede, ervaring, diversiteit en onafhanklikheid te verkry.

## Regsnakomingsraamwerk

Regsnakoming is die verantwoordelikheid van Media24 se hoofbestuurder: regs- en regulatoriese aangeleenthede wat toesig hou oor regsnakoming van filiale. Die direksie het die verantwoordelikheid vir toesig oor regsnakoming aan die risikokomitee gedelegeer. Om hierdie komitee te help om die verantwoordelikheid na te kom, doen die hoofbestuurder: regs- en regulatoriese aangeleenthede aan die komitee verslag oor regsnakoming, en die komitee doen dan verslag aan die direksie. Regsnakoming is 'n vaste punt op die agenda.

'n Sleutelfokusgebied in die 2019-boekjaar was om ooreenstemming van beleide te verbeter en prosesse in werking te stel ingevolge King IV. Media24 se direksie het Naspers se verbeterde groepwye beleide ten opsigte van regsnakoming,

omkopery en korrupsie, sanksies, uitvoerbeheer en mededingingsnakoming in November 2017 aanvaar.

'n Regsnakomingsverslag word kwartaalliks aan die Media24-risikokomitee voorgelê. Dit sluit 'n oorsig in van sleutelnakomingsrisikogebiede en risikobeperkingsmaatreëls, belangrike regulatoriese ontwikkelinge, en wesenlike nakomingsinsidente en -ondersoeke.

Beoogde toekomstige fokusgebiede vir regsnakoming sluit voortgesette bewusmaking in die groep in. Verbeterings aan die regsnakomingsraamwerk sal aangebring word na aanleiding van ontluikende risiko's, terugvoer oor moniteringsaktiwiteite en 'n groter fokus op derdepartykeuring. Met interne oudit sal ons ook op ons gerusstellingsraamwerk fokus.

## Boetes

Daar was geen wesenlike of herhaalde regulatoriese boetes, sanksies of strawwe vir oortredings of nie-nakoming van statutêre verpligtinge nie. Daar was geen inspeksies deur omgewingsreguleerders of bevindings van nie-nakoming van omgewingswette nie.

Media24 Eiendoms Beperk het in 2018 'n instemmingsooreenkoms met die Mededingingskommissie aangegaan, wat deur die Mededingingstribunaal goedgekeur is. Daar is ooreengekom op 'n administratiewe boete van R15m (waarvoor in die vorige finansiële jaar voorsien is), en 'n bydrae van R4m betaalbaar oor drie jaar aan 'n fonds wat deur 'n bedryfstrust geadministreer sal word om klein media-agentskappe in swart besit te help. Media24 het die boete betaal en voldoen aan die voorwaardes van die ooreenkoms in oorleg met die kommissie.

## Ons direksie

**Samestelling**

Media24 het 'n unitêre direksie, wat 'n toesighoudende sowel as 'n beherende funksie vervul. Sy reglement dui 'n duidelike verdeling van verantwoordelikhede aan. Soos vereis deur King IV, is die meeste direksielede nie-uitvoerende direkteure en onafhanklik van bestuur. Om te verseker dat geen individu onbeperkte besluitnemingsmag en -gesag het nie, is die rolle van die voorsitter en uitvoerende hoof geskei, wat 'n duidelike verdeling van verantwoordelikhede verseker.

Op 31 Maart 2019 het die direksie uit ses onafhanklike nie-uitvoerende direkteure, twee nie-uitvoerende direkteure en twee uitvoerende direkteure bestaan. Sewe direkteure (70%) het uit voorheen benadeelde groepe gekom en vier (40%) was vroue. Op 31 Maart 2019 het Debra Meyer, Salie de Swardt, Manie Mayman en Ruda Landman uitgetree as direkteure van Media24. Hein Willemse het op 30 Junie 2018 uitgetree. Die direksie bedank hulle vir hul waardevolle bydrae en toewyding oor die jare. Esmaré Weideman en Khomotso Mthimunye is onderskeidelik met ingang van 1 April 2019 en 17 April 2019 as nie-uitvoerende direkteure aangestel.

Ishmet Davidson is op 1 Oktober 2018 as groep- uitvoerende hoof en uitvoerende direkteur van die Media24-direksie aangestel. Mobasheer Patel, groep- finansiële hoof van Media24 sedert 1 September 2018, is vanaf 1 Desember 2018 ampshalwe as Media24 se uitvoerende direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie aangestel. Biografiese besonderhede van al die direkteure verskyn op bladsye 24 en 25. Die direksie se beleid oor diversiteit word op bladsy 37 bespreek.

## Hoe die direksie waarde toevoeg

- Gee rigting en strategiese leiding aan die groep, en monitor bestuur se implementering en vordering om strategiese doelwitte te bereik.
- Monitor etiese gedrag in die groep.
- Monitor sleutelvoldoening aan toepaslike wette en aanvaarde kodes en standaarde.
- Stel toepaslike risikoverdraagsaamheidsperke en monitor sleutelrisiko's en planne om risiko te verminder.
- Verseker dat billike en verantwoordelike vergoedingsprosesse en -beleide toegepas word.
- Monitor skakeling en betrekkinge met belanghebbendes.
- Die direksie word deur sy komitees bygestaan om sy pligte na te kom.

## Die voorsitter

Die voorsitter, Rachel Jafta, is 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur.

Ruda Landman is op 15 Junie 2018 as leidende onafhanklike direkteur heraangestel. Nadat sy op 31 Maart 2019 uitgetree het, is Trevor Petersen in haar plek aangestel. Die leidende onafhanklike direkteur hanteer alle sake wat nie deur die

voorsitter gehanteer word nie, insluitend om:

- Moontlike belangebotsings te bestuur.
- In die afwesigheid van die voorsitter leiding te neem.
- ’n Klankbord vir die voorsitter te wees.
- As tussenganger tussen die voorsitter en ander direksielede op te tree indien nodig.
- Die onafhanklikheid van die direksie te versterk.

Die voorsitter gee aan die direksie in die geheel leiding en verseker dat die direksie doeltreffend en gefokus is, en as ’n eenheid funksioneer. Die voorsitter se verantwoordelikhede sluit in om:

- Algemene leiding aan die direksie te gee sonder om die beginsel van kollektiewe verantwoordelikheid vir besluite te beperk, en terselfdertyd direksielede se individuele pligte in ag te neem.
- Saam met die uitvoerende hoof die direksie in kommunikasie met aandeelhouers, ander belanghebbendes en – indirek – die breë publiek te verteenwoordig.
- Met die hulp van die direksie en sy komitees die integriteit en doeltreffendheid van die bestuurstoesigproses te verseker.
- Gereeld met die groep se uitvoerende hoof oor bedryfsaangeleenthede in gesprek te wees en deurlopend met ander direkteure oorleg te pleeg oor enige saak wat van belang is, insluitend die bestuur van botsende belange.
- In oorleg met die uitvoerende hoof en maatskappysekretaris toepaslike inhoud en orde van die agendas van direksievergaderings te verseker en toe te sien dat direkteure dokumente betyds ontvang.
- Seker te maak dat direkteure behoorlik ingelig word oor sake wat uit direksievergaderings voortspruit, en dat toepaslike inligting aan die direksie voorgelê word.
- As ’n fasiliteerder by direksievergaderings op te tree om ’n goeie vloei van menings te verseker; die voorsitter sorg dat genoeg tyd vir besprekings toegelaat word, en dat dit op logiese en aanvaarbare gevolgtrekkings uitloop.
- Die direksie se samewerking en individuele direkteure se prestasie en interaksie by vergaderings te monitor. Die voorsitter vergader jaarliks met direkteure om hul prestasie te evalueer.

## Die uitvoerende hoof

Die uitvoerende hoof doen aan die direksie verslag en is verantwoordelik vir die daaglikse sake van die groep en die toepassing van beleide en strategieë wat deur die direksie aanvaar is. Uitvoerende hoofde en hoofbestuurders van die onderskeie ondernemings help hom met hierdie taak. Gesag wat deur die direksie aan bestuur toegesê is, word deur die uitvoerende hoof in ooreenstemming met goedgekeurde gesagsvlakke gedelegeer. Die direksie is oortuig dat die raamwerk vir die delegering van gesag tot rolduidelikheid en doeltreffende uitoefening van gesag en nakoming van verantwoordelikhede bydra. Ishmet Davidson is die uitvoerende hoof sedert 1 Oktober 2018. Hy het geen ander professionele verbintenisse buite die Media24-groep nie. Opvolgbeplanning vir die uitvoerende hoof word jaarliks oorweeg.

**Die funksies en verantwoordelikhede van die uitvoerende hoof sluit die volgende in:**

- Ontwikkeling van die maatskappy se strategie vir oorweging en goedkeuring deur die direksie.
- Ontwikkeling en aanbeveling by die direksie van jaarlikse sakeplanne en begrotings wat die maatskappy se langtermynstrategie ondersteun.
- Monitering van en verslagdoening aan die direksie oor die prestasie van die maatskappy.
- Skep van ’n geskikte organisasiestruktuur vir die maatskappy om sy strategiese beplanning uit te voer.
- Aanbeveling/aanstelling van die uitvoerende span en versekering dat behoorlike opvolgbeplanning en prestasiebeoordelings plaasvind.
- Versekering dat die maatskappy aan toepaslike wette, bestuurstoesigbeginsels, sake-etiek en toepaslike beste praktyke voldoen, en indien nie, dat nie-voldoening verantwoord word.

## Oriëntering en ontwikkeling

’n Induksieprogram word aangebied vir nuwe lede van die direksie en sleutelkomitees. Dié program, wat by die spesifieke behoeftes van die aangestelde individue aangepas word, behels bedryf- en maatskappyspesifieke oriëntering en sluit vergaderings met senior bestuur in. Direksielede word ook aan relevante ontwikkelende neigings in tegnologie blootgestel. Die maatskappysekretaris help die voorsitter met die induksie en oriëntering van direkteure en reël spesifieke opleiding waar nodig.

Die maatskappy sal voortgaan met die ontwikkeling van direkteure om kundigheid uit te brei en 'n begrip van die besigheid te skep.

## Belangebotsings

Moontlike botsings van belange word op toepaslike wyse bestuur om te verseker dat kandidaat- en bestaande direkteure geen belangebotsings tussen hul verpligtinge teenoor die maatskappy en hul persoonlike belange het nie. Enige belang in kontrakte met die maatskappy moet amptelik openbaar gemaak en gedokumenteer word. Direkteure moet ook Media24 se beleid ten opsigte van die verhandeling van Naspers-, Phuthuma Nathi- (van toepassing vir die afgelope jaar) en Welkom Yizani-sekuriteite nakom.

## Onafhanklike advies

Individuele direkteure mag, na oorleg met die voorsitter of die uitvoerende hoof, op die maatskappy se koste onafhanklike professionele advies inwin oor enige saak wat verband hou met die uitvoering van hul pligte as direkteure.

## Direksievergaderings en bywoning

Die direksievergader minstens vier keer per jaar, en wanneer nodig. Die uitvoerende komitee skenk aandag aan dringende sake wat nie tot die volgende geskeduleerde direksievergadering kan oorstaan nie. Die direksie het vyf keer gedurende die verslagdoeningstydperk vergader.

Nie-uitvoerende direkteure vergader minstens een keer per jaar sonder die uitvoerende hoof, die direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie, en die voorsitter, om hierdie persone se prestasie te bespreek.

Besonderhede van bywoning van vergaderings verskyn op bladsy 26. Die maatskappysekretaris tree as sekretaris vir die direksie en sy komitees op en woon alle vergaderings by. Lede van die uitvoerende bestuur woon vergaderings op uitnodiging by.

## Evaluering

Die nominasiekomitee evalueer die prestasie van die direksie en sy komitees, asook van die voorsitter van die direksie, met verwysing na hul onderskeie mandate en reglemente. Dit word nie ekstern gedoen nie. Tot 2018 het die direksie 'n jaarlikse formele interne evaluering van sy eie doeltreffendheid, sowel as dié van sy komitees, individuele lede en sy voorsitter uitgevoer. Vanaf 2019 sal hierdie formele proses na elke tweede jaar verander, in ooreenstemming met die aanbevelings van King IV. Prestasies in die algemeen word elke jaar as deel van die hersiening van die samestelling van die direksie en sy komitees oorweeg. Die prestasie van die direksie en sy komitees, sowel as dié van die voorsitter, word teenoor hul onderskeie mandate ingevolge die reglemente van die direksie en sy komitees beoordeel.

As deel van die 2018 formele interne evalueringproses, is die prestasie van elke direkteur met behulp van 'n evalueringsvraelys deur ander direksielede geëvalueer. Die voorsitter het die resultate met elke direkteur bespreek en moontlike opleidingsbehoeftes of aspekte waaraan daardie direkteur aandag moet gee, identifiseer. As deel van die proses, indien 'n direkteur se prestasie nie as bevredigend beskou word nie, sal die direksie nie herkiesing aanbeveel nie. 'n Gekonsolideerde opsomming van die evaluering asook enige aksies wat nodig is, word voorgelê aan en bespreek deur die direksie. Die leidende onafhanklike direkteur lei die bespreking van die voorsitter se prestasie, met verwysing na die resultate van die evalueringsvraelys, en gee terugvoer aan die voorsitter.

Die 2018 formele evalueringsproses het getoon dat die direksie en sy komitees goed gefunksioneer het en hul pligte ooreenkomstig die mandate in hul reglemente nagekom het. Die direksie is van mening dat die evalueringsproses die prestasie en doeltreffendheid van die direksie verbeter. In 2019 het die direksie die prestasie van die direksie, sy komitees en sy voorsitter oorweeg, besin en bespreek. Die direksie het tot die gevolgtrekking gekom dat hy tevrede was met die prestasie en doeltreffendheid van die direksie, sy komitees en die voorsitter.

Voorts is die onafhanklikheid van elke direkteur geëvalueer. Die direksie het bepaal dat hoewel sommige direkteure nege jaar of langer as lid dien, hulle almal bewys gelewer het van hul onafhanklikheid van aard en oordeel, en dat daar geen verhoudinge of omstandighede was wat waarskynlik of skynbaar hul onafhanklikheid sou kon aantas nie.

## Direksiekomitees

Hoewel die direksie verantwoordelik en aanspreeklik bly vir die prestasie en sake van die maatskappy, delegeer hy sekere funksies aan sy komitees en bestuur om die direksie te help om sy pligte behoorlik na te kom. Toepaslike strukture vir hierdie delegering is in plek, ondersteun deur monitering- en rapporteringstelsels.

Elke komitee tree binne ooreengekome skriftelike opdragte op. Die voorsitter van elke komitee doen by elke geskeduleerde direksievergadering verslag. Die voorsitter van elke komitee is 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur en is verplig om algemene jaarvergaderings by te woon om vrae te beantwoord. Gevestigde direksiekomitees wat die afgelope finansiële jaar werksaam was, was die oudit-, risiko-, mensehulpbronne- en vergoedings-, nominasie-, en veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitees soos hierna uiteengesit word. Die veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitee is met ingang van 1 April 2019 ontbind en alle sake wat deur hierdie komitee oorweeg is, het deel geword van die risikokomitee se mandaat.

Besonderhede van bywoning van vergaderings en lede wat gedurende die oorsigtydperk in die komitees gedien het, verskyn op bladsy 27.

## Uitvoerende komitee

Hierdie komitee bestaan uit 'n meerderheid nie-uitvoerende direkteure, van wie een die voorsitter van die direksie is (en ook as voorsitter van hierdie komitee dien), en twee uitvoerende direkteure. Die uitvoerende komitee tree namens die direksie op in die bestuur van dringende aangeleenthede wanneer die direksie nie in sitting is nie, onderhewig aan statutêre beperkings en die direksie se beperkings op delegering. Die komitee het die afgelope jaar een keer vergader.

## Ouditkomitee

Hierdie komitee, onder voorsitterskap van Trevor Petersen, bestaan slegs uit onafhanklike nie-uitvoerende direkteure. Al die lede is finansieel geletterd en beskik oor beduidende sake- en finansiële kundigheid. Die komitee het die afgelope jaar vier vergaderings gehou. Die uitvoerende hoof, direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie, Media24 se hoof van interne oudit, en die hoofbestuurder: Naspers finansies woon komiteevergaderings op uitnodiging by.

Sowel die interne as die eksterne ouditeure het onbeperkte toegang tot die komitee deur die voorsitter. Die interne en eksterne ouditeure maak ook hul bevindings aan die komitee bekend terwyl lede van die uitvoerende bestuur nie teenwoordig is nie. Die voorsitter van die direksie mag nie 'n lid van die ouditkomitee wees nie, maar mag vergaderings op uitnodiging bywoon.

Hierdie komitee het die volgende verantwoordelikhede, benewens sy statutêre verantwoordelikhede ingevolge die Maatskappywet:

- Nagaan van die maatskappy se geïntegreerde jaarverslag, finansiële jaarstate, tussentydse en voorlopige verslae, en enige ander maatskappynuusvrystellings met 'n wesenlike finansiële impak of impak op interne beheer, en die goedkeuring van bogenoemde vir voorlegging aan en goedkeuring deur die direksie.
- Bekendmaking in die geïntegreerde jaarverslag van beduidende sake wat deur die ouditkomitee oorweeg is met betrekking tot die finansiële jaarstate, en hoe hierdie sake deur die komitee aangepak is.
- Nagaan van die gedokumenteerde evaluering van die lewensvatbaarheid van die maatskappy en die groep op 'n lopendesaak-grondslag, met toepaslike aanbevelings aan die direksie.
- Ontvangs van al die eksterne ouditeursverslae regstreeks van die eksterne ouditeur.
- Jaarlikse hersiening van eksterne oudit en bekendmaking van die ouditkomitee se sienings oor die gehalte van die eksterne oudit, met verwysing na aanwysers van ouditgehalte soos dié wat ingesluit kan wees by inspeksieverslae wat deur eksterne ouditreguleerders uitgereik word.
- Evaluering van die hoofvennoot van die eksterne ouditeur, wat aan gereelde rotasie onderhewig sal wees soos toepaslike regulasies vereis.
- Voorlegging aan die direksie van die komitee se gevolgtrekkings oor die benoeming vir aanstelling as eksterne ouditeur, voor die jaarlikse versoek aan aandeelhouers om hierdie aanstelling goed te keur.
- Goedkeuring van die eksterne ouditeur se diensvoorwaardes en vergoeding, en evaluering van en kommentaar oor die eksterne ouditeur se ouditplanne, omvang van bevindings,

geïdentifiseerde kwessies en verslae.

- Ontwikkeling van 'n beleid vir die direksie om nie-ouditdienste wat deur die eksterne ouditeur gelewer word, goed te keur, en goedkeuring van hierdie dienste wat deur die eksterne ouditeur gelewer word ooreenkomstig hierdie beleid.
- Ontvangs van kennisgewing van rapporteerbare ongerymdhede (soos omskryf in die Wet op die Ouditprofessie) wat deur die eksterne ouditeur by die Onafhanklike Regulatoriese Raad vir Ouditeure aangemeld is.
- Evaluering van die doeltreffendheid van die interne ouditfunksie, insluitend sy doel, aktiwiteite, omvang, toereikendheid en koste, en goedkeuring van die jaarlikse interne ouditplan en enige wesenlike veranderings.
- Toesighouding oor die bestuur van finansiële en ander risiko's wat 'n impak het op die integriteit van eksterne verslae wat deur die maatskappy uitgereik word.
- Evaluering van die doeltreffendheid van interne finansiële beheermaatreëls en bekendmaking van die ouditkomitee se sienings oor die doeltreffendheid van die ontwerp en toepassing van interne finansiële beheermaatreëls, en oor die aard en omvang van enige beduidende leemtes in die ontwerp, toepassing of uitvoering van interne finansiële beheermaatreëls wat tot wesenlike finansiële verlies, bedrog, korrupsie of foute gelei het. Sulke sienings moet aan die direksie en in die geïntegreerde jaarverslag gerapporteer word.
- Goedkeuring, en aanbeveling by die direksie vir goedkeuring van die reglement vir interne oudit, wat jaarliks hersien word.
- Toesighouding oor die interne ouditfunksie en bystand aan die direksie om die volgende verantwoordelikhede na te kom:
  - rigtinggewing ten opsigte van interne ouditreëlings wat nodig is om objektiewe en relevante gerusstelling te verskaf wat bydra tot die doeltreffendheid van bestuurstoesig-, risikobestuurs- en beheerprosesse
  - versekering dat reëlings vir interne oudit die nodige vaardighede en hulpbronne insluit om die kompleksiteit en omvang van risiko waaraan die maatskappy blootgestel is, aan te pak, en dat interne oudit deur spesialiste aangevul word soos nodig
  - bevestiging van die aanstelling of ontslag van die hoof van die groep se interne ouditfunksie en periodieke beoordeling van sy/haar prestasie
  - monitering dat interne oudit 'n goedgekeurde risikogebaseerde interne ouditplan volg, die organisasie se risikoprofiel gereeld nagaan, en dienooreenkomstig aanpassings aan die interne ouditplan voorstel
  - versekering dat interne oudit jaarliks 'n verklaring oor die doeltreffendheid van die maatskappy se bestuurstoesig-, risikobestuurs- en beheerprosesse doen
  - versekering dat hierdie funksie elke vyf jaar aan 'n eksterne, onafhanklike gehalte-evaluering onderwerp word, en
  - verkryging van jaarlikse bevestiging van die hoof van die groep se interne ouditfunksie dat interne oudit aan 'n erkende etiese kode in die bedryf voldoen.
- Nagaan van interne oudit en die risikokomitee se verslae.
- Hersiening van prosedures om te verseker dat die vereistes van relevante aandelebeurse, waar van toepassing op Media24, nagekom word.
- Hersiening van prosedures in die lig van King IV, en spesifieke openbaarmakings wat deur King IV aanbeveel word.
- Monitering van voldoening aan die direksie-goedgekeurde gesagsvlakke in die groep.
- Evaluering van:
  - regsaangeleenthede wat die finansiële state kan raak, en
  - belangrike aangeleenthede wat deur die interne en eksterne ouditeure en enige ander partye gerapporteer word, insluitend:
    - geïmpliseerde moontlike risiko's vir die groep en aanbevelings oor toepaslike verbeterings
    - belangrike onopgeloste rekeningkundige of ouditkwessies, en
    - vordering ten opsigte van alle onopgeloste kwessies wat deur die interne en eksterne ouditeure gerapporteer is.
- Die daarstelling van prosedures vir die ontvangs, behoud en hantering van klagtes ontvang in verband met rekeningkundige, internebeheer- en ouditaangeleenthede, risikobestuur en bestuur van moontlike bedrieglike aktiwiteite, insluitend prosedures vir vertroulike, anonieme rapportering deur werknemers ten opsigte van twyfelagtige aangeleenthede.

- Jaarlikse evaluering van die prestasie en toepaslikheid van die finansiële funksie en van die kundigheid en ervaring van die direkteur verantwoordelik vir hierdie funksie. Resultate van die evaluering word in die geïntegreerde jaarverslag bekend gemaak.
- Gekombineerde gerusstelling: bystand aan die direksie om die volgende verantwoordelikhede na te kom:
  - versekering dat reëlings vir gerusstellingsdienste doeltreffend is deur die volgende doelwitte te bereik:
    - daarstelling van 'n doeltreffende omgewing van interne beheer
    - stawing van die integriteit van inligting wat deur bestuur, die direksie en sy komitees vir interne besluitneming gebruik word, en
    - stawing van die integriteit van interne verslae.
  - versekering dat 'n gekombineerde gerusstellingsmodel toegepas word wat die verskillende gerusstellingsdienste en -funksies insluit en optimeer, sodat dit in die geheel die doelwitte vir gerusstelling ondersteun
  - versekering dat die gekombineerde gerusstellingsmodel ontwerp is en toegepas word om die maatskappy se beduidende risiko's en wesenlike kwessies op doeltreffende wyse te dek, deur 'n kombinasie van gerusstellingsdiensverskaffers en -funksies wat vir die maatskappy geskik is, en
  - bekendmaking in die geïntegreerde verslag van die reëlings wat vir gekombineerde gerusstelling in plek is, en van die komitee se sienings oor die doeltreffendheid daarvan.
- Verslagdoening aan aandeelhouers by die algemene jaarvergadering oor hoe die komitee gedurende die jaar sy pligte ooreenkomstig die Maatskappywet nagekom het.
- Uitvoer van opdragte wat van die direksie ontvang word.
- Jaarlikse hersiening en beoordeling van die komitee se reglement en, waar gepas, aanbeveling van nodige wysigings daaraan vir goedkeuring deur die direksie.
- Jaarlikse evaluering om te bepaal of die komitee sy verantwoordelikhede volgens sy reglement nagekom het en verslagdoening aan die direksie oor hierdie bevindings.
- Monitering van verwanteparty-transaksies binne direksie-goedgekeurde magtigingsvlakke.

## Mensehulpbronne- en vergoedingskomitee

Ruda Landman was voorsitter van die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee tot 31 Maart 2019. Sy is op 1 April 2019 opgevolg deur Trevor Petersen, 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur in die direksie. Tot einde Maart het die komitee uit minstens drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure bestaan. Sedert 1 April 2019 bestaan die komitee uit twee onafhanklike nie-uitvoerende direkteure en een nie-uitvoerende direkteur. Die hoofdoel van die komitee is om die direksie se verantwoordelikheid ten opsigte van strategiese mensehulpbronnekwessies na te kom, en spesifiek te fokus op die aanstelling, vergoeding en opvolging van topbestuur. Die komitee het in die verslagdoeningstydperk ses vergaderings gehou. Die uitvoerende hoof, hoofbestuurder: mensehulpbronne en sekere nie-uitvoerende direkteure woon vergaderings op uitnodiging by. Die vergoedingsverslag verskyn op bladsy 50 tot 61.

| Naam | Kwalifikasies | Ses vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning: | Kategorie |
|---|---|---|---|
| Ruda Landman | BAHons en HOD (Universiteit Stellenbosch) | 6 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| Rachel Jafta | MEcon en PhD (Universiteit Stellenbosch) | 6 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| Debra Meyer | PhD (Universiteit van Kalifornië) | 5 | Onafhanklik nie-uitvoerend |

## Nominasiekomitee

Die hoofdoel van hierdie komitee is om die direksie te help om die grootte, struktuur, samestelling en doeltreffendheid van die direksie en sy komitees te bepaal en gereeld te hersien, binne die konteks van die maatskappy se strategie. Die afgelope jaar het die komitee uit drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure bestaan. Die voorsitter van die direksie is Rachel Jafta, 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur. Sedert 1 April 2019 bestaan die komitee uit twee onafhanklike nie-uitvoerende direkteure en een nie-uitvoerende direkteur. Die komitee het in die verslagdoeningstydperk ses vergaderings gehou. Die uitvoerende hoof en sekere nie-uitvoerende direkteure woon vergaderings op uitnodiging by.

| Naam | Kwalifikasies | Ses vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning: | Kategorie |
|---|---|---|---|
| Ruda Landman | BAHons en HOD (Universiteit Stellenbosch) | 6 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| Rachel Jafta | MEcon en PhD (Universiteit Stellenbosch) | 6 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| Debra Meyer | PhD (Universiteit van Kalifornië) | 5 | Onafhanklik nie-uitvoerend |

Die hoofverantwoordelikhede van hierdie komitee sluit in:

- Jaarlikse hersiening van die direksie asook die komitee se reglement en aanbeveling, indien gepas, van nodige wysigings daaraan vir goedkeuring deur die direksie.
- Bepaling van die volgende vir goedkeuring deur die direksie:
  - die beleid vir diversiteit op direksievlak
  - beperkings op die getal direksies van genoteerde maatskappye waarin 'n direkteur mag dien
  - die dienstermyn van direkteure
  - uittrede en opvolging van direkteure, en
  - 'n beleid vir die inwin van onafhanklike professionele advies deur individuele direksielede.
- Jaarlikse hersiening van die struktuur, grootte en samestelling van die direksie en aanbevelings hieroor, waar gepas, by die direksie. Verskeie faktore word in ag geneem wanneer die samestelling van die direksie oorweeg word:
  - die regte kombinasie van kennis, vaardighede en ervaring, dit sluit die sake-, handels- en bedryfservaring in wat nodig is om bestuurstoesig oor die maatskappy uit te oefen
  - die regte kombinasie van uitvoerende, nie-uitvoerende en onafhanklike nie-uitvoerende lede
  - behoefte aan genoeg lede wat kwalifiseer om in die direksiekomitees te dien
  - behoefte om 'n kworum by vergaderings te verseker
  - regulatoriese vereistes, en
  - diversiteit soos in die direksie se beleid oor diversiteit uiteengesit word.
- Aanbevelings by die direksie oor die aanstelling van nuwe direkteure. Geskiktheid en gepastheid van alle nominasies moet getoets word. Genomineerde kandidate moet die nodige verklarings invul ter voldoening aan die noteringsvereistes van die JSE, en enige ander beurs waarop die maatskappy se aandele genoteer is, waar van toepassing.
- Identifisering en nominasie van kandidate om vakatures in die direksie te vul.
- Goedkeuring van die rol en verantwoordelikhede van die voorsitter en leidende onafhanklike direkteur en versekering dat 'n opvolgplan vir die voorsitter in plek is.
- Tweejaarlikse formele evaluering, en oorweging elke alternatiewe jaar, van die direksie en die individuele direkteure om te bepaal of die diens van 'n direkteur beëindig moet word. Dit sluit in 'n aanbeveling by die direksie oor die heraanstelling van direkteure wat volgens rotasie uittree, by die algemene jaarvergadering elke jaar, op grond van hul prestasie en bywoning van direksie- en komiteevergaderings, asook die evaluering van die onafhanklikheid van direkteure wat meer as nege jaar gedien het.
- Tweejaarlikse formele evaluering, en oorweging elke alternatiewe jaar, van die prestasie van die voorsitter van die direksie en aanbevelings by die direksie in hierdie verband waar nodig.
- Nagaan van die toewysing van rolle en gepaardgaande verantwoordelikhede, die samestelling en doeltreffendheid van direksiekomitees gesamentlik, en aanbevelings by die direksie met betrekking tot:
  - die voortsetting (al dan nie) van die diens van enige direkteur as 'n lid van enige komitee
  - doeltreffende samewerking deur kruislidmaatskap van komitees
  - versekering dat alle aangeleenthede wat deur die direksie gedelegeer word, genoegsaam gedek word, en
  - versekering dat 'n doeltreffende proses gevolg word ten opsigte van sake wat deur meer as een komitee hanteer word.
- Jaarlikse evaluering om te bepaal of die komitee sy verantwoordelikhede volgens sy reglement nagekom het, en verslagdoening aan die direksie oor hierdie bevindings.
- Jaarlikse evaluering van die prestasie en onafhanklikheid van die maatskappysekretaris en voorlegging van die nodige aanbevelings aan die direksie.

## Risikokomitee

Hierdie komitee het die afgelope jaar uit minstens

drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure met risikobestuursvaardighede en -ervaring bestaan, asook een nie-uitvoerende direkteur, die uitvoerende hoof en direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie. Salie de Swardt was die voorsitter tot 31 Maart 2019. Hy is op 1 April 2019 deur Trevor Petersen opgevolg.

Die voorsitter van die direksie mag lid wees van, en as voorsitter van hierdie komitee dien. In die geheel beskou het lede risikobestuursvaardighede en -ondervinding. Die komitee het die afgelope finansiële jaar vier vergaderings gehou. Die hoofbestuurder: regs- en regulatoriese aangeleenthede, hoofinligtingsbeampte, Media24 se hoof van interne oudit, en die hoofbestuurder: Naspers finansies woon vergaderings op uitnodiging by.

| Naam | Kwalifikasies | Vier vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning: | Kategorie |
|---|---|---|---|
| Trevor Petersen | BComHons (finansiële bestuur) (Universiteit van Kaapstad) en GR(SA) | 4 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| Salie de Swardt | BAHons en BEcon (Universiteit Stellenbosch) en Nieman-genootskap (Harvard) | 4 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| Jo-Ann Held | BCom (Regte) (Universiteit Stellen-bosch) | 4 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| Esmaré Weideman[1] | BCom en BJoernalis-tiekHons (Universiteit Stellenbosch) | 2 | Uitvoerend |
| Manie Mayman | BComptAccHons en BComHons (finansiële bestuur) (Unisa) | 4 | Nie-uitvoerend |
| Ishmet Davidson[2] | BCom en MBA (Heriot Watt-universiteit) | 1 | Uitvoerend |
| Mobasheer Patel[3] | BCom (Universiteit van die Witwa-tersrand), BComHons en Hoër Ouditdiploma (Universiteit van Johannesburg) | 1 | Uitvoerend |

***Aantekeninge***

*[1] Het op 30 September 2018 afgetree.*

*[2] Aangestel as lid op 1 Desember 2018.*

*[3] Aangestel as lid op 1 Desember 2018.*

Die komitee het die volgende hoofverantwoordelikhede:

- Hersiening en goedkeuring, vir aanbeveling by die direksie, van 'n risikobestuursbeleid en -plan wat deur bestuur ontwikkel is. Die beleid en plan word jaarliks hersien.
- Monitering van die toepassing van die beleid en plan, deur toe te sien dat 'n geskikte risikobestuurstelsel in die hele onderneming bestaan, met toereikende en doeltreffende prosesse wat strategie, etiek, werksaamhede, verslagdoening, voldoening, I&T en volhoubaarheid insluit.
- Voorlegging van aanbevelings aan die direksie oor risiko-aanwysers, vlakke van risikotoleransievlakke en -aptyt (naamlik die direksie se geneigdheid om gepaste risikovlakke te aanvaar) asook die maksimum moontlike verlies wat die groep kan hanteer.
- Monitering dat risiko's deur bestuur hersien word, en dat bestuur toepaslike stappe oorweeg en implementeer om geïdentifiseerde risiko's aan te pak, sodat die risiko's bestuur word binne die vlakke van risikoverdraagsaamheid en risiko-aptyt wat deur die direksie goedgekeur is.
- Deurlopende toesig oor risikobestuur en versekering dat die volgende resultate behaal word:
  - beoordeling van risiko's en geleenthede wat voortvloei uit die omgewing waarin die groep bedrywig is, en hulpbronne wat die groep gebruik en beïnvloed
  - beoordeling van geleenthede en moontlike negatiewe invloede op die bereiking van groepsdoelwitte
  - beoordeling van die groep se afhanklikheid van hulpbronne
  - ontwerp en implementering van geskikte maatreëls om op risiko's te reageer
  - die tref van reëlings om sakekontinuïteit te handhaaf en inwerkingstelling daarvan om die groep in staat te stel om in onbestendige toestande sake te bedryf, en akute skokke te trotseer en daarvan te herstel, en
  - integrasie en vestiging van risikobestuur in die sakebedrywighede en kultuur van die groep.
- Versekering dat risikobestuur gereeld deur bestuur geëvalueer word (en dat die beoordelings soos in bogenoemde paragraaf vereis word, ingesluit word).
- Versekering dat 'n algemene verklaring deur interne oudit aan die direksie uitgereik word oor die doeltreffendheid van die risikobestuurstelsel

en -proses, en dat dit nagegaan word voordat hierdie komitee dit aan die direksie voorlê.

- Hersiening en goedkeuring van die regsnakomingsbeleid en aanbeveling van die beleid by die direksie vir goedkeuring.
- Toesig oor nakoming op so 'n wyse dat:
  - nakoming nie net verstaan word in terme van die verpligtinge wat dit skep nie, maar ook die regte en beskerming wat dit bied
  - bestuur van nakoming holisties kyk hoe toepaslike wette en nie-bindende reëls, kodes en standaarde met mekaar verband hou, en
  - die regulatoriese omgewing voortdurend gemonitor word en gepaste reaksies op veranderings en ontwikkelinge geformuleer word.
- Hersiening en goedkeuring van die I&T-reglement en aanbeveling van die beleid by die direksie vir goedkeuring.
- Toesig oor I&T-bestuur, op so 'n wyse dat dit lei tot die volgende:
  - integrasie van mense, tegnologieë, inligting en prosesse in die hele maatskappy
  - integrasie van I&T-risiko's in risikobestuur van die hele maatskappy
  - reëlings om vir sakerobuustheid voorsiening te maak
  - proaktiewe monitering van intelligensie om insidente te identifiseer en daarop te reageer, insluitend kuberaanvalle en negatiewe sosialemedia-gebeure
  - bestuur van die prestasie van, en die risiko's met betrekking tot, derdeparty- en uitgekontrakteerde diensverskaffers
  - beoordeling van die waarde wat die maatskappy kry uit beduidende beleggings in I&T, insluitend die evaluering van projekte gedurende hul hele lewensiklus en van beduidende bedryfsbesteding
  - verantwoordelike wegdoening van verouderde I&T op 'n wyse wat die impak op die omgewing en inligtingsekuriteit in ag neem
  - etiese en verantwoordelike gebruik van I&T, en
  - nakoming van toepaslike wette.
- Toesig oor die bestuur van inligting, op so 'n wyse dat dit lei tot die volgende:
  - die aanwending van inligting om die maatskappy se intellektuele kapitaal te behou en uit te brei
  - 'n inligtingsargitektuur wat vertroulikheid, integriteit en beskikbaarheid van inligting ondersteun
  - beskerming van die privaatheid van persoonlike inligting, en
  - voortdurende monitering van inligtingsekuriteit.
- Toesig oor die bestuur van tegnologie, op so 'n wyse dat dit lei tot die volgende:
  - 'n tegnologie-argitektuur wat die bereiking van strategiese en bedryfsdoelwitte moontlik maak, en
  - bestuur van die risiko's met betrekking tot die verkryging van tegnologie.
- Nagaan van verslagdoening oor risiko-, I&T- en nakomingsbestuur wat by die geïntegreerde jaarverslag ingesluit word, en versekering dat dit aktueel, omvattend en relevant is.
- Jaarlikse evaluering om te bepaal of die komitee sy verantwoordelikhede volgens sy reglement nagekom het en verslagdoening aan die direksie oor hierdie bevindings.

## Veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitee

Die afgelope jaar was Ruda Landman voorsitter van hierdie komitee. Dit het tot 30 Junie 2018 uit drie lede bestaan, almal onafhanklike nie-uitvoerende direkteure. Manie Mayman, 'n nie-uitvoerende direkteur, was op 1 Julie 2018 as 'n lid aangestel. Twee vergaderings is gedurende die jaar gehou. Die uitvoerende hoof, finansiële hoof en Media24 se hoof van interne oudit woon vergaderings op uitnodiging by.

| Naam | Kwalifikasies | Twee vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning: | Kategorie |
|---|---|---|---|
| Ruda Landman | BAHons en HOD (Universiteit Stellenbosch) | 2 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| Hein Willemse[1] | BAHons, MA en DLitt (Universiteit van die Wes-Kaap) | 1 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| Debra Meyer | PhD (Universiteit van Kalifornië) | 2 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| Manie Mayman[2] | BComptAccHons en BComHons (finansiële bestuur) (Unisa) | 1 | Nie-uitvoerend |

***Aantekeninge***

*[1] Het op 30 Junie 2018 uitgetree.*

*[2] Aangestel op 1 Julie 2018.*

Die veiligheids-, gesondheids- en omgewingskomitee is met ingang van 1 April 2019 ontbind en alle sake wat deur hierdie komitee

oorweeg is, het deel geword van die risikokomitee se mandaat.

Die komitee het die volgende hoof-verantwoordelikhede gehad:

- Goedkeuring van die raamwerk, beleid en riglyne vir omgewings-, gesondheids- en veiligheidsbestuur.
- Hersiening en monitering van die toepassing van die groepsbeleide met betrekking tot omgewings-, gesondheids- en veiligheidsaangeleenthede.
- Monitering van sleutelaanwysers van ongelukke en voorvalle.
- Nagaan van die maatskappy se voldoening aan beleide, riglyne en toepaslike plaaslike en internasionale standaarde en relevante plaaslike wette ten opsigte van omgewings-, gesondheids- en veiligheidsaangeleenthede.
- Nagaan van jaarlikse verslagdoening oor omgewings-, gesondheids- en veiligheidsaangeleenthede.

Media24 het nie 'n maatskaplike en etiese komitee nie. Ingevolge die Maatskappywet word Media24 vrygestel van die verpligting om 'n maatskaplike en etiese komitee te stig, aangesien dit 'n filiaal is van Naspers Beperk, wat 'n maatskaplike en etiese komitee het wat verwante verantwoordelikhede namens Media24 en ander Naspers-filiale hanteer. Die voorsitter van Media24 se direksie en sy uitvoerende hoof is lede van Naspers se maatskaplike en etiese komitee en doen namens Media24 aan hierdie komitee verslag binne die drieledige konteks (mense, planeet en wins). Uitgebreide verslagdoening oor maatskaplike en etiese kwessies die afgelope jaar was deur die uitvoerende hoof aan Media24 se direksie voorgelê.

## Interne beheerstelsels

As deel van die oorkoepelende bestuur van risiko, het die groep 'n interne beheerstelsel in alle wesenlike filiale en gesamentlike ondernemings om risiko's te voorkom, identifiseer en verminder. Hierdie stelsel is ontwerp om redelike gerusstelling te gee oor die bereiking van die maatskappydoelwitte, insluitend die integriteit en betroubaarheid van die finansiële state; beskerming, verifiëring en handhawing van die verantwoordbaarheid van sy bates; en om bedrog, moontlike aanspreeklikheid, verlies en wesenlike wanvoorstellings op te spoor, terwyl regulasies nagekom word.

Ten opsigte van entiteite waarin Media24 nie 'n beherende belang het nie, probeer die direkteure wat Media24 in daardie direksies verteenwoordig gerusstelling kry dat beduidende risiko's bestuur word en dat interne beheerstelsels doeltreffend is.

Alle beheerstelsels het egter tekortkomings, insluitend die moontlikheid van menslike foute of die verontagsaming van beheermaatreëls. Selfs die beste interne beheerstelsel gee dus slegs gedeeltelike gerusstelling dat risiko's beperk sal word. Bestuur evalueer gereeld risiko's en die ontwerp en doeltreffendheid van die interne beheerstelsels om hierdie risiko's aan te pak. Hierin word bestuur ondersteun deur werk en verslae voortspruitend uit die interne oudit oor die toereikendheid en bedryfsdoeltreffendheid van beheermaatreëls, wat geleenthede vir verbetering kan aandui. Die eksterne ouditeur oorweeg ook elemente van die interne beheerstelsel as deel van sy oudit en meld tekortkomings wat geïdentifiseer word aan.

Die direksie het die doeltreffendheid van beheermaatreëls vir die jaar geëindig 31 Maart 2019 nagegaan – hoofsaaklik deur 'n proses van selfevaluering van bestuur, gevolg deur formele bevestiging deur uitvoerende bestuur. Insette voortspruitend uit die risikobestuursproses, asook verslae van interne oudit en die eksterne ouditeur, is oorweeg. Waar nodig, is programme vir regstellende aksie ingestel. Niks het gedurende die oorsigtydperk onder die direksie, eksterne of interne ouditeure se aandag gekom wat dui op enige wesenlike gebreke in die funksionering van interne beheermaatreëls nie.

## Interne oudit

'n Onafhanklike interne ouditfunksie bestaan in die groep. Die hoof van interne oudit rapporteer aan die voorsitter van Media24 se ouditkomitee, en administratief aan Naspers se hoof van interne oudit.

## Nie-ouditdienste

Die groep se beleid oor nie-ouditdienste verskaf riglyne vir die hantering van oudit-, ouditverwante, belasting- en ander nie-ouditdienste wat deur Media24 se onafhanklike eksterne ouditeur aan

groepentiteite gelewer mag word. Dit spesifiseer ook dienste wat nie deur die onafhanklike eksterne ouditeur gelewer mag word nie.

Die ouditkomitee keur oudit- en nie-ouditdienste vooraf goed om te verseker dat dit nie die ouditeur se onafhanklikheid aantas nie, en dat dit aan wetgewing voldoen. Volgens ons riglyne sal die ouditeur se onafhanklikheid as aangetas beskou word indien die ouditeur 'n diens lewer waar die ouditeur:

- 'n bestuursrol in die maatskappy vervul, of
- sy/haar eie werk oudit, of
- as 'n kampvegter vir die maatskappy optree.

## Inligting en tegnologie (I&T)-bestuurstoesig

Die risikokomitee help die direksie met toesig oor I&T-verwante sake, en I&T-bestuurstoesig is 'n vaste punt op die komitee se agenda. I&T-doelwitte is ook by die komiteereglement ingesluit. Die komitee oorweeg die risikoregister asook verslae oor I&T vanaf die hoofinligtingsbeampte, interne en eksterne oudit en ons regsnakomingsfunksie.

As 'n filiaal van Naspers handel ons in ooreenstemming met sy riglyne vir goeie bestuurstoesig, wat aangeleenthede in verband met I&T-bestuurstoesig insluit. Op Media24-groepvlak dien ons jaarliks 'n formele verslag in oor die mate waarin ons die beginsels toepas, en uitvoerende en finansiële hoofde in die groep teken die verslag af. Enige belangrike uitsonderings word opgesom en by die risikokomitee aangemeld.

Ons kyk deurentyd hoe ons mense, tegnologieë en prosesse in al ons ondernemings beter kan integreer. Ons het gedurende die jaar tegnologie-oplossings verder gekonsolideer in die SAP Enterprise Resource Planning (ERP) – 'n ondernemingshulpbronbeplanningstelsel, met die implementering van 'n nuwe verkrygingsoplossing. In ons jaarlikse sakebeplanningsproses gaan ons ondernemings hul platformvereistes na. Die platformstrategie begin by die sakestrategie en word in tegniese en prosesvereistes omskep. Ons het 'n hibridiese tegnologiebedryfstelsel wat uit beide gesentraliseerde en gedesentraliseerde vermoëns bestaan. Die gesentraliseerde groep-I&T-funksie bestuur die SAP ERP en alle gedeelde platforms en tegnologieë in die groep. Verbruikersproduk- en nistegnologieë word gedesentraliseerd in die betrokke sakesegmente gebruik.

'n Omvattende kode vir sake-etiek en -gedrag is in plek. Verder is die bedryfsgrense vir die hantering van I&T aan die groep se regsnakomingsbeleid onderhewig. Ons risikobestuurspraktyke verseker

dat relevante risiko's met betrekking tot die etiese en verantwoordelike gebruik van I&T geïdentifiseer en geëvalueer word. Ons bedryf 'n privaatheidsprogram om te verseker dat die persoonlike data van ons verskaffers, klante en werknemers op 'n etiese wyse en ooreenkomstig toepaslike privaatheidswetgewing bewaar en verwerk word. 'n Sleutelfokusgebied vir die nuwe finansiële jaar is die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (PoPI), wat daarop gemik is om persoonlike inligting teen misbruik deur openbare en privaat instellings in Suid-Afrika te beskerm.

Interne oudit verskaf aan bestuur, die ouditkomitee en die direksie gerusstelling oor die doeltreffendheid van I&T-bestuurstoesig, gebaseer op die gehalte van beheermaatreëls om geïdentifiseerde risiko's te bestuur en kwesbaarheid te verminder. Om die direksie in die nakoming van sy bestuurstoesigrol te ondersteun, ontvang die risikokomitee verslae oor I&T-bestuur en doen dan aan die direksie verslag.

## Maatskappysekretaris

Die maatskappysekretaris, Lurica Klink, is verantwoordelik daarvoor om aan die direksie leiding te gee oor die nakoming van sy verantwoordelikhede ingevolge wetgewing en regulatoriese vereistes. Direkteure het onbeperkte toegang tot haar advies en dienste. Sy vervul 'n aktiewe rol in die maatskappy se korporatiewe bestuurstoesigproses en sien toe dat die verrigtinge en sake van die direksie, die maatskappy self en, waar toepaslik, aandeelhouers behoorlik in ooreenstemming met relevante wetgewing geadministreer word. Sy is ook die maatskappy se gedelegeerde inligtingsbeampte. Die maatskappysekretaris monitor die verhandeling van Naspers-, Phuthuma Nathi- (tot die afgelope finansiële jaar) en Welkom Yizani-aandele deur direkteure en sien toe dat geslote tydperke nagekom word. Sy woon alle direksie- en komiteevergaderings by.

## Aandeelhouers

Die direksie moedig aandeelhouers aan om die algemene jaarvergadering (waarvan die kennisgewing op bladsy 92 verskyn) by te woon, waar hulle vrae aan die direksie, bestuur en die voorsitters van direksiekomitees kan stel. Die maatskappy se webwerf **www.media24.com** verskaf die jongste en historiese finansiële en ander inligting, waaronder finansiële verslae.

# Vergoedingsverslag

vir die jaar geëindig 31 Maart 2019

**Die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee doen verslag oor sy aktiwiteite vir die jaar, en lê 'n verslag oor Media24 se vergoedingsbeleid en die implementering daarvan voor vir oorweging deur aandeelhouers.**

Ons het ons benadering tot die vergoedingsverslag hersien om die verband tussen ons strategie, prestasie en vergoedingsfilosofie duideliker te maak. Veranderings sluit 'n holistiese siening van bestuursvergoeding in, groter deursigtigheid ten opsigte van die korttermyn-aansporingsdoelwitte vir uitvoerende direkteure, en meer inligting oor hoe ons prestasie in die hele maatskappy beoordeel.

Ons het ook nakoming van King IV se riglyne verseker, deur hierdie vergoedingsverslag in drie afdelings te verdeel:

**I Agtergrondverklaring:** 'n Oorsig van betalingsuitkomste vir FJ19 en ons benadering vir FJ20.
**II Vergoedingsbeleid:** Bekendmaking van die komponente van bestuur se salarispakkette.
**III Implementeringsverslag:** Besonderhede van hoe ons hierdie beleid in FJ19 toegepas het.

Ons vergoedingsfilosofie ondersteun ons maatskappystrategie en stel ons in staat om ons sakedoelwitte te bereik. Ons verbintenis om prestasie te beloon en aandeelhouerwaarde te skep, is die dryfveer vir ons vergoedingsaktiwiteite, en ondersteun die eienaarskap-mentaliteit en entrepreneursgees in ons besigheid. Ons glo daaraan om ons vergoedingstrukture in ooreenstemming te bring met die vlak van vaardighede, kundigheid en senioriteit van toepassing op die pos.

Ons probeer te alle tye 'n balans vind tussen die behoefte om mee te ding om die allerbeste talent, en die behoefte om werknemers op billike en verantwoordelike wyse te vergoed. Ons verwelkom die geleentheid om hierdie beleid en die uitkomste daarvan met ons belanghebbendes te bespreek.

T D Petersen
*Voorsitter: Mensehulpbronne- en vergoedingskomitee*
14 Junie 2019

## Deel I: Agtergrondverklaring

**Rol van die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee**

Hierdie komitee, onder voorsitterskap van Trevor Petersen, bestaan sedert 1 April 2019 uit minstens twee onafhanklike nie-uitvoerende direkteure en een nie-uitvoerende direkteur. Dit het die afgelope jaar uit drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure bestaan. Die voorsitter is 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur. Die hoofdoel van die komitee is om die direksie se verantwoordelikheid ten opsigte van strategiese mensehulpbronkwessies in die groep na te kom, en spesifiek te fokus op die aanstelling, vergoeding en opvolging van topbestuur. Die komitee het die afgelope finansiële jaar ses vergaderings gehou.

Die name van die lede wat gedurende die finansiële jaar in die komitee gedien het, en vergaderings wat bygewoon is, is soos volg:

| Lid | Kwalifikasies | Ses vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning: | Kategorie |
|---|---|---|---|
| Ruda Landman (voorsitter tot 31 Maart 2019) | BAHons en HOD (Universiteit Stellenbosch) | 6 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| Rachel Jafta | MEcon en PhD (Universiteit Stellenbosch) | 6 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| Debra Meyer | PhD (Universiteit van Kalifornië) | 5 | Onafhanklik nie-uitvoerend |

Die hoofverantwoordelikhede van hierdie komitee is die volgende:

- Bepaling en goedkeuring van die groep se algemene vergoedingsbeleid vir aanbeveling by Media24 se direksies, wat by elke algemene jaarvergadering voorgelê moet word vir 'n nie-bindende adviserende stem deur aandeelhouers.
- Opstel van 'n jaarlikse vergoedingsverslag vir insluiting in die maatskappy se geïntegreerde jaarverslag, wat eers deur Media24 se direksie goedgekeur moet word.

- Jaarlikse hersiening en goedkeuring van die vergoedingspakkette van topbestuur, insluitend aansporingskemas en verhogings, en versekering dat die pakkette gepas en in ooreenstemming met die vergoedingsbeleid is.
- Jaarlikse beoordeling van die uitvoerende hoof se prestasie.
- Jaarlikse hersiening van die vergoeding van nie-uitvoerende direkteure in die direksie en sy komitees. Voorstelle word by die direksie aanbeveel vir finale goedkeuring deur aandeelhouers by die algemene jaarvergadering. Vergoeding moet vooraf deur aandeelhouers goedgekeur word.
- Nakoming van gedelegeerde verantwoordelikhede met betrekking tot die Media24-groep se aandeelgebaseerde aansporingsplanne, byvoorbeeld die aanstelling van trustees en nakomingsbeamptes.
- Goedkeuring van mees senior aanstellings en bevorderings.
- Evaluering van voorvalle van onetiese gedrag deur senior bestuurders en die uitvoerende hoof.
- Jaarlikse hersiening van die maatskappy se kode vir sake-etiek en -gedrag.
- Jaarlikse hersiening van die komitee se reglement en, indien gepas, aanbeveling van nodige wysigings daaraan vir goedkeuring deur die direksie.
- Goedkeuring van wysigings aan die Media24-groep se aandeelgebaseerde aansporingsplanne.
- Jaarlikse selfevaluering van die doeltreffendheid van die komitee en verslagdoening oor hierdie bevindings aan die direksie.
- Hersiening van planne ten opsigte van diensbillikheid en vaardigheidsontwikkeling in die werkplek.

Die komitee het gedurende die jaar sy mandaat nagekom.

## Ons betaalbeginsels

- Ons glo aan die beloning van prestasie; ons voel dit is aanvaarbaar om 'n groter beloning te gee aan diegene wat die grootste bydrae lewer.
- Vergoeding moet in ooreenstemming gebring word met aandeelhoueruitkomste.
- Vergoeding moet 'n aansporing wees om strategiese, bedryfs- en finansiële doelwitte oor die kort en lang termyn te bereik.
- Ons streef daarna om konsekwent te wees; ons beloningspakket-elemente is oor die algemeen dieselfde.
- Ons beloningstelsels moet help om op billike en verantwoordelike wyse die beste talent in ons mark te lok.

In die praktyk beteken dit ons oorweeg markpraktyke, die behoeftes van die besigheid en die gehalte van die individu wanneer ons ons betalingsraamwerk in werking stel.

Die manier waarop ons betaling struktureer, is doelbewus gekoppel aan ons strategie en die lewering van volhoubare groei vir ons aandeelhouers.

Ons betaalbeginsels word deur middel van drie sleutelelemente toegepas:

- Gewaarborgde betaling (totale koste vir die maatskappy of TKVM): Dit bestaan uit salaris plus kontant- en nie-kontantvoordele.
- Korttermyn-aansporings (KTA): 'n Jaarlikse aansporingsplan wat slegs volgens prestasie teenoor strategiese, bedryfs- en finansiële doelwitte uitbetaal.
- Langtermyn-aansporings (LTA): 'n Langtermyn-aansporing wat uitbetaal op grond van die groei in die waarde van die besigheid op 'n Naspers-vlak.


Bestuurspakkette het 'n groter gewigstoekenning aan veranderlike betaalelemente (kort- en langtermyn-aansporings), en elke beloning hang af van individuele prestasie. Wanneer besluite oor die betaling van bestuur geneem word, oorweeg ons die persoon se prestasie sowel as dié van die besigheid.

Ons benadering tot langtermyn-aansporings verseker dat bestuur se beloning direk aan groei in aandeelhouerwaarde gekoppel is. Bestuurders ontvang uitbetalings volgens ons langtermyn-aansporingsplan hetsy wanneer die waarde van die onderliggende Media24-bates of dié van die breër Naspers-groep styg.

## Ons vergoedingstruktuur

Ons skets die drie elemente van betaling vir ons uitvoerende direkteure hieronder. Dieselfde beginsels geld vir werknemers in die hele maatskappy.

Die mensehulpbronne- en vergoedingskomitee oorweeg of die vergoedingsbeleid steeds sy doelwit bereik om betaling in ooreenstemming te bring met die langtermynprestasie van Naspers en aandeelhoueruitkomste.




***Aantekeninge***
*TKVM – Totale koste vir die maatskappy   KTA – Korttermyn-aansporings*
*LTA – Langtermyn-aansporings*

| Vergadering | Sleutelbesluite geneem |
|---|---|
| 17 April 2018 | ■ Jaarlikse salarisverhogingsmandaat vir Media24.<br>■ Jaarlikse prestasie-aansporing; sleutelprestasie-aanwysers vir senior bestuur vir die nuwe finansiële jaar. |
| 15 Junie 2018 | ■ Prestasiebeoordeling en hersiening van totale vergoeding vir senior bestuur en redakteurs. Besluitneming oor vorige jaar se prestasie en korttermyn-aansporingsuitbetaling, salarisverhogings en langtermyn-aansporingstoekennings.<br>■ Oorweging van jaarlikse aandeelgebaseerde aansporingskema-toekennings aan werknemers in Media24.<br>■ Hersiening van aansporingsregte oftewel AR-skemawaardasies deur PwC. |
| 30 en 31 Julie 2018 | ■ Aanstelling van nuwe uitvoerende hoof. |
| 27 November 2018 | ■ Hersiening van vergoedingsbeleid. |

## Deel II: Vergoedingsbeleid

### Besigheidsprestasie en vergoedingsuitkomste vir FJ19

Die maatskappy se finansiële prestasie word toegelig in die opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële jaarstate op bladsy 64 tot 69 en in die finansiële jaarstate op Media24 se webwerf.

### Vergoeding van uitvoerende direkteure in FJ19

| Element | Esmaré Weideman* | Ishmet Davidson** | Mobasheer Patel*** |
|---|---|---|---|
| Totale koste vir maatskappy (TKVM) | R3 414 242**** | R1 924 998 | R5 216 669***** |
| KTA (werklik) | – | R1 924 998 | R2 216 669 |
| LTA (billike waarde vanjaar toegeken) | R5 445 486 | R13 548 471 | R5 745 527 |
| Totale enkel-syfer-waarde | R8 859 728 | R17 398 467 | R13 178 865 |

***Aantekeninge***

** Vir ses maande van FJ19 (het op 30 September 2018 afgetree ).*

*** Aangestel op 1 Oktober 2018.*

****Aangestel op 1 September 2018.*

***** Sluit R1.459m aftree-gratifikasie in (betaal ingevolge ons diensvoorwaardes).*

****** Sluit R3m indiensnemingsbonus in (eenmalige betaling).*

### Aandele wat in FJ19 gevestig het

Esmaré Weideman: 13 172 Naspers-opsies; 72 563 Media24 aansporingsregte (AR'e)
Ishmet Davidson: 1 400 Naspers-opsies; 8 667 Media24 AR'e

### Implementering van die beleid in FJ20

Hieronder toon ons die vergoedingspakket van uitvoerende direkteure vir FJ20 soos goedgekeur deur die komitee in Junie 2019.

| Element | Ishmet Davidson | Mobasheer Patel |
|---|---|---|
| Totale koste vir maatskappy (TKVM) | R4 427 495 | R4 028 016 |
| KTA (beperk)[(1)] | R4 427 495 | R4 028 016 |
| LTA (billike waarde vanjaar toegeken) | R15 020 267 | R1 093 091 |
| Totale enkel-syferwaarde | R23 875 257 | R9 149 123 |

***Aantekening***

*[(1)] KTA is beperk tot 100% van TKVM.*

## Ons vergoedingsbeleid

In hierdie afdeling bespreek ons die vergoedingsbeleid vir ons uitvoerende direkteure en gee ons 'n oorsig van die groepwye vergoedingsbeleid.

## Vergoedings- en indiensnemingsbeleid

### Werwingsbeleid

Met die aanstelling van 'n nuwe uitvoerende direkteur sal die persoon se pakket tipies in ooreenstemming wees met die beleid soos hierbo geskets. Om werwing moontlik te maak, kan dit nodig wees om vergoeding wat verbeur word wanneer die persoon by die maatskappy aansluit, 'uit te koop'. Dit sal volgens die individuele geval oorweeg word en kan uit kontant of aandeelopsies/aansporingsregte bestaan.

### Beëindigingsbeleid

Betalings aan uitvoerende direkteure in plaas van kennisgewing, bestaande uit salaris of totale koste vir die maatskappy (Suid-Afrikaanse werknemers) vir die gedeelte van die kennistydperk wat nog nie verstryk het nie, kan gedoen word. Hierdie betalings kan in fases geskied. By beëindiging is daar geen outomatiese aanspraak op 'n jaarlikse prestasieverwante aansporing (bonus) nie, maar die komitee behou die diskresie om 'n bonus toe te ken aan 'n persoon wat die maatskappy gedurende die finansiële jaar verlaat, met inagneming van die omstandighede waarin die persoon die maatskappy verlaat. Daar is nie vir enige aanspraak op 'n bepaalde skeidingspakket in die dienskontrak van uitvoerende direkteure of senior bestuurders voorsiening gemaak nie.

### Dienskontrakte

Uitvoerende direkteure se dienskontrakte voldoen aan bepalings en voorwaardes van diens in Suid-Afrika. Besonderhede van die aanstellingsdatum en toepaslike kennistydperk verskyn hieronder:

| Element | Ishmet Davidson | Mobasheer Patel |
|---|---|---|
| Aanstellingsdatum | 1 Oktober 2018 | 1 September 2018 |
| Kennistydperk | Drie maande | Drie maande |

**Versekering van 'n billike en verantwoordelike benadering tot betaling**

Om 'n billike en verantwoordelike benadering tot die vergoeding van uitvoerende direkteure te verseker, volg die komitee dieselfde benadering as wat vir die wyer werknemergroep gebruik word.

**'n Aantal faktore word oorweeg, waaronder:**

- Individuele prestasie.
- Bekostigbaarheid vir die maatskappy, en die handelsomgewing.
- Die relatiewe bydrae van die pos tot die algehele sukses van die besigheid.
- 'n Markvergelyking van salarisse word as 'n addisionele verwysingspunt gebruik. Individuele prestasie is die primêre bepalende faktor om 'n verhoging toe te staan, en verhogings word nie sonder 'n bevredigende vlak van prestasie toegestaan nie.
- Insgelyks word die bedryfsprestasie van die besigheid en sy vermoë om te betaal, oorweeg wanneer die grootte van 'n verhoging oorweeg word.

**Ons vergoedingstruktuur**

Ons skets die drie elemente van betaling vir ons uitvoerende direkteure hieronder. Dieselfde beginsels geld vir werknemers in die hele maatskappy, waar gepas.

**Totale koste vir maatskappy (TKVM)**

- Dit bestaan uit basiese salaris en voordele. Dit weerspieël die prestasie en bydrae van die individu en die markwaarde van die rol.
- Salaris word maandeliks in kontant betaal.
- Voordele sluit 'n kombinasie van kontant- en nie-kontantelemente in, waaronder pensioen-, mediese en ander opsionele voordele.
- Ons bied ook 'n reeks leefstyl- en welstandvoordele aan wat nie deel van TKVM uitmaak nie. Hierdie voordele is daarop gemik om die algemene fisieke en geesteswelstand van ons werknemers te ondersteun.
- Vaste betaling word jaarliks hersien en verhogings tree tipies op 1 Julie in werking.
- 'n Aantal faktore word in die beoordelingsproses oorweeg, waaronder persoonlike prestasie, omvang en aard van die rol, relevante maatskappye in die nasionale, media- en tegnologiesektore, en plaaslike ekonomiese aanwysers soos inflasie en die betrokke arbeidsmark, om te verseker dat hulle billik, sinvol en mededingend in die mark is.

## Veranderlike betaling

**Korttermyn-aansporings**

- Deelnemers kom in aanmerking vir toekennings binne die diskresionêre jaarlikse prestasieverwante aansporingskema, indien die maatskappy se finansiële en bedryfsdoelwitte bereik word, en op grond van persoonlike prestasie.
- Die doel is om te verseker dat bestuur aansluiting vind by en fokus op die jaarlikse sakeplan wat deur die direksie goedgekeur is. Verwesenliking van hierdie jaarplanne sal kumulatief langtermyn-aandeelhouerwaarde dryf.
- Prestasiemaatstawwe word vir elke uitvoerende direkteur by hul rolle en verantwoordelikhede aangepas.
- Die bonusgeleentheid vir elke bestuurder word jaarliks voor die aanvang van die finansiële jaar ooreengekom. Uitbetalings berus op verifieerbare teikens wat by die groep se sakeplan, risikobestuursbeleid en strategie inskakel. Maksimum vlakke ten opsigte van die jaarlike bonusgeleentheid vir uitvoerende direkteure word vasgestel op maksimum 100% van TKVM.
- Uitbetalings word in kontant gedoen.
- Die komitee het diskresie om 'n persoon se jaarlikse bonus op toepaslike wyse aan te pas om seker te maak dat dit die onderliggende finansiële prestasie van die maatskappy weerspieël.
- Teikenstelling: Wanneer die teikens vir ons jaarlikse prestasie-aansporingsplan bepaal word, oorweeg ons 'n aantal verwysingspunte, waaronder die direksie-goedgekeurde sakeplan en vorige prestasie.

**Langtermyn-aansporings**

- Langertermyn-toekennings bestaan uit 'n aansienlike deel van totale vergoeding en is ontwerp om die verkryging van volhoubare langtermyngroei aan te spoor en aansluiting te vind by ons aandeelhouers.
- Toekennings word gewoonlik jaarliks aan uitvoerende direkteure toegestaan, in twee tipes langtermyn-aansporingskemas:
  - aansporingsregte (AR'e), en

  - aandeelopsies (AO's).
- Dokumente wat die skemareëls uiteensit, maak voorsiening vir die werking van en bestuurstoesig oor elke skema.
- Aansporingsregte (AR'e):
  - geen AGR'e is in die jaar toegeken nie, aangesien hulle tans 'n negatiewe waarde het.
- Aandeelopsies (AO's):
  - toekennings word gedoen op grond van die aandeelprys op die datum van die toekenning
  - AO's lewer waarde op grond van die groei in die aandeelprys oor 'n gespesifiseerde tydperk en vestig gewoonlik oor 'n vierjaartydperk (25% vestig elke jaar) en 'n termyn van 10 jaar
  - waarde word slegs verkry indien die aandeelprys sedert die datum van die toekenning gestyg het, en
  - wanneer 'n toekenning vestig, kan deelnemers maatskappy-aandele teen die voorafbepaalde trefprys koop en sal hulle waarde kry uit enige styging in die prys.

**Prestasiebestuur**

- Beloning vir prestasie is een van die pilare van ons beloningsfilosofie. Persoonlike en besigheidsprestasie (insluitend die finansiële resultate van die besigheid) is die bepalende faktore om te besluit of 'n individu 'n TKVM-verhoging, 'n jaarlikse prestasieverwante aansporingsbetaling en/of 'n langtermyn-aansporing in die vorm van aandeelopsies of aansporingsregte sal kry.
- Ons uitvoerende bestuurders kom in aanmerking om aan 'n prestasieverwante korttermyn-aansporingsprogram deel te neem. Dit is 'n jaarlikse program, en nadat vooraf goedgekeurde sake- en persoonlike doelwitte bereik is, kan deelnemers 'n jaarlikse prestasieverwante aansporingsbetaling ontvang.
- Prestasiedoelwitte is direk gekoppel aan goedgekeurde sakeplanne.
- Persoonlike doelwitte word bepaal as 'n uitkoms van die jaarlikse sakebeplanningsproses. Net soos begrotings en bedryfsplanne, word individuele prestasiedoelwitte voor die einde van die finansiële jaar opgestel. Die bereiking van hierdie doelwitte is die dryfkrag vir die verwesenliking van die finansiële en bedryfsplan van die besigheid en hoe dit verkry word.
- Ons moedig bestuurders aan om gedurende die hele finansiële jaar met hul mense te gesels om seker te maak hul planne bly op koers. Aan die einde van hierdie tydperk word beide die algehele prestasie van die besigheid en die individu se verwesenliking van sy/haar persoonlike doelwitte oorweeg, wat tot die betaling van 'n jaarlikse prestasieverwante aansporing kan lei. Enige prestasieverwante aansporingsbetalings weerspieël die algehele prestasie van die besigheid waar gepas. Individue wat goed vaar teenoor hul prestasieverwante aansporingsdoelwitte, kom in aanmerking om vir 'n langtermyn-aansporingstoekenning en 'n salarisverhoging oorweeg te word.

## Vergoedingsbeleid vir nie-uitvoerende direkteure

Die vergoedingstruktuur vir nie-uitvoerende direkteure is ontwerp om te verseker dat ons die regte persone lok, behou en paslik vergoed om 'n diverse en ervare direksie te hê.

Nie-uitvoerende direkteure kry jaarlikse vergoeding in plaas van 'n betaling per vergadering. Dit gee erkenning aan hul deurlopende verantwoordelikheid vir doeltreffende beheer van die maatskappy. Vergoeding word jaarliks hersien en is nie aan die maatskappy se aandeelprys of prestasie gekoppel nie. Nie-uitvoerende direkteure kom nie in aanmerking vir aandeeltoekennings volgens die groep se aansporingskemas nie.

**Nie-uitvoerende direkteure se aanstellingsvoorwaardes**

Die direksie het duidelike prosedures vir die aanstelling en oriëntering van direkteure. Die nominasiekomitee beoordeel van tyd tot tyd die vaardighede wat in die direksie verteenwoordig word en bepaal of hierdie vaardighede aan die maatskappy se behoeftes voldoen. Die direksie en sy komitees doen jaarlikse selfevaluerings. Direkteure word genooi om voorstelle te maak om potensiële kandidate te identifiseer. Lede van die komitee stel geskikte kandidate vir oorweging deur die direksie voor, nadat die geskiktheid en gepastheid van elke kandidaat geëvalueer is.

**Uittrede en herkiesing van direkteure**

Alle nie-uitvoerende direkteure is elke drie jaar onderhewig aan uittrede en herkiesing deur aandeelhouers. Verder is hulle ook aan verkiesing deur aandeelhouers by die eerste geskikte geleentheid

onderhewig wat tussentydse aanstellings betref. Die name van nie-uitvoerende direkteure wat vir verkiesing of herkiesing voorgelê word, word vergesel van kort biografiese besonderhede om aandeelhouers in staat te stel om 'n ingeligte besluit oor hul verkiesing te neem. Nie-uitvoerende direkteure word nie outomaties weer aangestel nie.

Die volledige vergoedingsbeleid is beskikbaar by **www.media24.com**.

## Deel III: Implementeringsverslag

In hierdie afdeling skets ons hoe ons vergoedingsbeleid vir uitvoerende direkteure gedurende die verslagdoeningstydperk geïmplementeer is en hoe ons beoog om dit in die volgende finansiële jaar toe te pas. Alle besluite oor bestuursvergoeding is in ooreenstemming met ons vergoedingsbeleid vir die verslagdoeningstydperk.

### Uitvoerende direkteure se totale vergoeding vir FJ19 en beplande vergoeding vir FJ20

| Element | Ishmet Davidson | | Mobasheer Patel | | Esmaré Weideman |
|---|---|---|---|---|---|
| | FJ19*** | FJ20 | FJ19**** | FJ20 | FJ19* |
| Totale koste vir maatskappy (TKVM) | R1 924 998 | R4 427 495 | R5 216 669****** | R4 028 016 | R3 414 242***** |
| KTA (werk-lik)** | R1 924 998 | R4 427 495 | R2 216 669 | R4 028 016 | – |
| LTA (billike waarde toegeken vanjaar) | R13 548 471 | R15 020 267 | R5 745 527 | R1 093 091 | R5 445 486 |
| Totale enkelsyfer waarde | R17 398 467 | R23 875 257 | R13 178 865 | R9 149 123 | R8 859 728 |

***Aantekeninge***

** Vir ses maande van FJ19 (het afgetree op 30 September 2018).*
*** Die KTA is beperk tot 100% van TKVM.*
**** Aangestel op 1 Oktober 2018.*
***** Aangestel op 1 September 2018.*
****** Sluit R1.459m aftree-gratifikasie in (betaal ingevolge ons diensvoorwaardes).*
******* Sluit R3m indiensnemingsbonus in (eenmalige betaling).*

## Nie-uitvoerende direkteure se gelde

Direkteure van Media24 Beherend Eiendoms Beperk ontvang geen nie-uitvoerende direkteursgelde nie.

# Verslag van die ouditkomitee

vir die jaar geëindig 31 Maart 2019

**Die ouditkomitee lê graag hierdie verslag voor, soos vereis deur artikel 94 van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet Nr 71 van 2008, soos gewysig (die Wet).**

## Lede van die ouditkomitee en bywoning van vergaderings

Die volgende nie-uitvoerende direkteure was die afgelope jaar lede van die ouditkomitee: Trevor Petersen, Salie de Swardt en Jo-Ann Held. Salie de Swardt het op 31 Maart 2019 as direkteur en lid van die komitee uitgetree. Khomotso Mthimunye is op 17 April 2019 in sy plek aangestel.

Die komitee vergader minstens drie keer per jaar ooreenkomstig sy reglement. Al die lede tree onafhanklik op soos beskryf in artikel 94 van die Wet. Vier vergaderings is gedurende die oorsigjaar gehou.

| Naam van komiteelid | Kwalifikasies | Vier vergaderings is gedurende die jaar gehou. Bywoning: | Kategorie |
|---|---|---|---|
| Trevor Petersen (voorsitter) | BComHons (finansiële bestuur) (Universiteit van Kaapstad), en GR(SA) | 4 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| Salie de Swardt | BAHons en BEcon (Universiteit Stellenbosch), en Nieman-genootskap (Harvard) | 4 | Onafhanklik nie-uitvoerend |
| Jo-Ann Held | BComRegte (Universiteit Stellenbosch) | 4 | Onafhanklik nie-uitvoerend |

## Verantwoordelikhede van die ouditkomitee

Die ouditkomitee het die formele opdrag, soos deur die direksie aan hom opgedra, as sy reglement aanvaar.

Die ouditkomitee het soos volg die funksies ooreenkomstig sy reglement uitgevoer en ingevolge die Wet nagekom:

- Die tussentydse finansiële state en finansiële jaarstate is nagegaan, met 'n voortspruitende aanbeveling aan die direksie om dit te aanvaar. Tydens sy oorsig het die komitee:
  - toepaslike stappe gedoen om te verseker dat die finansiële jaarstate ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en soos vereis deur die Suid-Afrikaanse Maatskappywet opgestel is
  - interne finansiële beheermaatreëls oorweeg en, waar gepas, aanbevelings daaroor gedoen
  - kwelvrae of klagtes met betrekking tot die rekeningkundige beleid, interne oudit, die oudit of inhoud van finansiële jaarstate en interne finansiële beheermaatreëls hanteer, en
  - regsake oorweeg wat 'n beduidende impak op die organisasie se finansiële jaarstate kan hê.
- Die eksterne ouditverslag oor die finansiële jaarstate is nagegaan.
- Die reglement vir interne oudit en die interne ouditplan is goedgekeur.
- Die interne oudit- en risikobestuursverslae is nagegaan en, waar toepaslik, is aanbevelings aan die direksie voorgelê.
- Die doeltreffendheid van risikobestuurs-, beheer- en bestuurstoesigprosesse is geëvalueer.
- Die onafhanklikheid van die eksterne ouditeur is geverifieer, PricewaterhouseCoopers Geïnk. (PwC) is as die ouditeur vir 2019 genomineer en die aanstelling van Viresh Harri as die aangewese ouditeur is aangeteken.
- Die ouditfooie en diensvoorwaardes van die eksterne ouditeur is goedgekeur.
- Die aard en omvang van toelaatbare nie-ouditdienste is bepaal en kontrakvoorwaardes vir die lewering van nie-ouditdienste deur die eksterne ouditeur is goedgekeur.

## Sleutelfokusgebiede gedurende die jaar

Die komitee se sleutelfokusgebiede gedurende die jaar het die volgende ingesluit:

- Uitvoering van sy funksies ooreenkomstig sy reglement.
- Versekering dat die groep en sy filiale steeds as lopende sake bedryf word.
- Evaluering van die impak van veranderings aan rekeningkundige standaarde.
- King IV se aanbevelings.

## Verslagdoeningskwessies met betrekking tot finansiële state

Die ouditkomitee se hoofverantwoordelikheid met betrekking tot die groep se finansiële verslagdoening is om saam met bestuur en die eksterne ouditeur die toepaslikheid van die groep se finansiële jaarstate na te gaan, met 'n primêre fokus op:

- Die gehalte en aanvaarbaarheid van die rekeningkundige beleid en praktyke.

| Belangrike verslagdoeningskwessie | Gevolgtrekkings gemaak/Aksies ingestel |
|---|---|
| Verhaalbaarheid van handelsrekeninge ontvangbaar | IFRS 9 vereis dat finansiële bates wat teen geamortiseerde koste gemeet word, aan die einde van elke verslagdoeningstydperk vir waardedaling geëvalueer word. Spesifieke voorsienings vir elke klant word ten opsigte van die verhaalbaarheid daarvan geskep. Die komitee het saamgestem met die toereikendheid van die bedrag waarvoor voorsiening gemaak word. |
| Voorraadwaardasie | IAS 2 vereis dat voorraad teen die laagste van die kosprys of die netto realiseerbare waarde gedra moet word. Voorsienings is geskep teen voorraad waar voorraad as verouderd beskou word en die verwagte verkoopprys gedaal het. Die komitee het saamgestem met die toereikendheid van die bedrag waarvoor voorsiening gemaak word. |
| Waardasie van klandisiewaarde | Klandisiewaarde word jaarliks ingevolge IAS 36 vir waardedaling geëvalueer. Klandisiewaarde word toegewys aan elke eenheid wat kontant genereer wat na verwagting sal baat vind. Die belangrikste veronderstellings wat gebruik word, is kontantvloeiprojeksies, groeikoerse en afslagkoerse wat toegepas word. Die komitee het saamgestem met die evaluerings wat uitgevoer is. |
| Waardasie van belegging in Media24 Eiendoms Beperk | Die belegging word jaarliks vir waardedaling geëvalueer. Die belangrikste veronderstellings wat gebruik word, is kontantvloeiprojeksies, groeikoerse en afslagkoerse wat toegepas word. Die komitee het saamgestem dat geen waardedaling nodig is nie, aangesien die drawaarde van die belegging billik aangedui word. Raadpleeg asseblief die rekeningkundige beleide en aantekening 2 van Media24 Beherend Eiendoms Beperk se finansiële jaarstate vir meer besonderhede. |

- Wesenlike areas waar beduidende oordele uitgespreek is, tesame met enige belangrike aannames of ramings, of waar beduidende kwessies bespreek is met of bevraagteken is deur die eksterne ouditeur.
- 'n Evaluasie om te bepaal of die finansiële jaarstate in die geheel billik, gebalanseerd en verstaanbaar is en die nodige inligting verskaf is sodat aandeelhouers die groep se posisie en prestasie, sakemodel en strategie kan beoordeel.

Die beduidende oordele en kwessies en gevolgtrekkings gemaak/stappe gedoen deur die ouditkomitee met betrekking tot die 2019-jaarstate word hieronder geskets. Die beduidende oordele en kwessies is oor die algemeen vergelykbaar van aard met dié van vorige jare. Elk van hierdie kwessies is met die eksterne ouditeur bespreek en het, waar gepas, as 'n belangrike ouditsaak aandag gekry in die verslag oor die oudit van die opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state op bladsye 64 tot 75.

## Interne oudit

Die ouditkomitee hou toesig oor die groep se finansiële jaarstate en verslagdoeningsproses, insluitend die interne finansiële beheerstelsel. Dit is die komitee se verantwoordelikheid om toe te sien dat die groep se interne ouditfunksie onafhanklik is en die nodige hulpbronne, status en gesag in die organisasie het om sy pligte na te kom. Die komitee hou toesig oor samewerking tussen die interne en eksterne ouditeure, en dien as 'n skakel tussen die direksie en hierdie funksies.

Die hoof van interne oudit rapporteer funksioneel aan die voorsitter van die komitee en administratief aan Naspers se hoof van interne oudit. Die doeltreffendheid van die interne ouditfunksie, asook die hoof van interne oudit, word jaarliks deur die komitee geëvalueer. Op grond van die evaluasie is die komitee van mening dat die interne ouditfunksie, asook die hoof van interne oudit, doeltreffend is.

## Bywoning

In hul rol as ouditeure vir die groep het die interne en eksterne ouditeure al die vergaderings van die ouditkomitee bygewoon en daaroor verslag gedoen. Die groep se risikobestuursfunksie was ook verteenwoordig. Sekere direkteure en betrokke senior bestuurders het vergaderings op uitnodiging bygewoon.

## Doeltreffendheid van die maatskappy se interne finansiële beheermaatreëls

Die komitee doen aan die direksie verslag dat die komitee, op grond van ondersoeke wat gedoen is en die verslae van die interne en eksterne ouditeure, van mening is dat die risikobestuursprosesse en interne beheerstelsels van die groep doeltreffend was vir die oorsigjaar. Geen wesenlike swakhede ten opsigte van finansiële beheer in die maatskappy is vir die oorsigjaar aangemeld nie.

## Vertroulike vergaderings

Agendas van die ouditkomitee maak voorsiening vir vertroulike vergaderings tussen komiteelede en die interne en eksterne ouditeure.

## Onafhanklikheid van eksterne ouditeur

PwC is heraangestel as ouditeur van die maatskappy tot die volgende algemene jaarvergadering. PwC en sy voorgangers is sedert 1950 die ouditeur van Media24. Die komitee is van oordeel dat die ouditeur die hoogste standaard van sake- en professionele etiek gehandhaaf het. Die komitee is van mening dat die ouditeur te alle het tye met volkome onafhanklikheid opgetree het.

Besonderhede van gelde wat aan die eksterne ouditeur betaal is, verskyn in aantekening 23 by die finansiële jaarstate op **www.media24.com**. Alle nie-ouditdienste is gedurende die huidige finansiële jaar deur die komitee goedgekeur in ooreenstemming met die direksie-goedgekeurde beleid oor nie-ouditdienste wat deur die eksterne ouditeur gelewer word. Die vennoot verantwoordelik vir die oudit moet elke vyf jaar

geroteer word. Die komitee vergader met die ouditeur, onafhanklik van senior bestuur.

Gedurende die jaar het die ouditkomitee 'n voorlegging deur die eksterne ouditeur nagegaan en, ná die komitee se eie evaluering daarvan, die onafhanklikheid van die ouditeur bevestig. Die gehalte van die eksterne oudit is nagegaan, met die fokus op 'n reeks faktore wat as relevant vir die gehalte van 'n oudit beskou word, en terugvoer van PwC oor hul prestasie teenoor hul eie doelwitte. Die komitee se gevolgtrekking was dat die eksterne oudit bevredigend was. Daar is bevestig dat geen onopgeloste kwelpunte tussen die groep en die eksterne ouditeur bestaan nie.

## Kundigheid en ervaring van die direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie

Die ouditkomitee het hom vergewis dat die finansiële hoof oor die toepaslike kundigheid en ervaring beskik. Verder het die komitee hom daarvan vergewis dat die samestelling, ervaring en vaardighede van die finansiële funksie aan die groep se vereistes voldoen het.

## Geïntegreerde gekombineerde gerusstelling

Die direksie maak nie net op die toereikendheid van die internebeheer-vasleggingsproses staat nie, maar oorweeg verslae oor die doeltreffendheid van risikobestuursaktiwiteite van die risikokomitee. Die komitee sien toe dat die gerusstellingsfunksies van bestuur, asook interne en eksterne oudit, genoegsaam geïntegreer word en is tevrede met die doeltreffendheid van die reëlings vir gekombineerde gerusstelling. Die verskillende partye wat gerusstelling aan die direksie verskaf, bestaan uit die volgende:

- Senior bestuur en die risikokomitee oorweeg die maatskappy se risikostrategie en -beleid, asook die doeltreffendheid en doelmatigheid daarvan. Die risikokomitee oorweeg ook die toereikendheid van risikobestuurstrategieë, interne beheerstelsels, risikoprofiele en regsnakoming. Die ouditkomitee ontvang gerusstelling van die risikokomitee dat risikobestuursaktiwiteite toereikende aandag kry en doeltreffend is.
- Die komitee oorweeg die interne beheerstelsels

en interne en eksterne ouditverslae, en gaan ook die onafhanklikheid van die ouditeur, die omvang en aard van oudits, omvang van werk en bevindings na. Hierdie komitee gaan ook die vlak van openbaarmaking in die finansiële jaarstate en die toepaslikheid van die rekeningkundige beleid wat deur bestuur aanvaar is na en oorweeg saam met die risikokomitee wesenlike bedrogkwessies en aanmelding van bedrog. Die direksie gaan die prestasie van die komitee teenoor sy reglement na.

- Die voorsitter van die komitee doen ná elke komiteevergadering by die daaropvolgende direksievergadering aan die direksie verslag oor sake wat die komitee by sy laaste vergadering oorweeg het.


## Nakoming van verantwoordelikhede

Die komitee het bepaal dat hy gedurende die finansiële jaar sy regs- en ander verantwoordelikhede ooreenkomstig die opdrag in sy reglement, waarvan besonderhede by hierdie verslag ingesluit is, nagekom het. Die direksie het hierdie evaluering onderskryf.

## Toekomstige sleutelfokusgebiede

Die komitee se sleutelfokusgebiede vir die 2020-geldjaar sluit in:

- uitvoering van sy funksies ooreenkomstig sy reglement
- evaluering van impak van veranderings aan rekeningkundige standaarde
- King IV se aanbevelings
- gereelde fokus op die groep se bedryfskapitaalbehoeftes en versekering dat die groep en sy filiale steeds as lopende sake bedryf word, en
- hersiening van basis en benadering tot waardedalingstoetse.



**T D Petersen**
*Voorsitter: Ouditkomitee*
14 Junie 2019

# Opgesomde gekonsolideerde finansiële state

vir die jaar geëindig 31 Maart 2019

## Direksie se verantwoordelikheidsverklaring

Die opgesomde finansiële state van die groep is die verantwoordelikheid van die direkteure van Media24 Beherend Eiendoms Beperk. In die nakoming van hierdie verantwoordelikheid steun hulle op die bestuur van die groep om die opgesomde gekonsolideerde finansiële state in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* soos uiteengesit in aantekening 1 by die opgesomde gekonsolideerde finansiële state, en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet op te stel. As sodanig sluit die opgesomde finansiële state bedrae in wat op beoordelings en ramings deur bestuur berus. Die inligting is volledig en op ’n verantwoordelike wyse weergegee.

Die direkteure aanvaar verantwoordelikheid vir die opstel, integriteit en redelike voorstelling van die finansiële state, en is tevrede dat die stelsels en interne finansiële beheermaatreëls wat deur bestuur ingestel is, doeltreffend is.


Op grond van ramings en beskikbare kontantbronne is die direkteure van oordeel dat die groep genoeg bronne het om binne die afsienbare toekoms sy bedrywighede as ’n lopende saak voort te sit. Die lewensvatbaarheid van die groep word deur die finansiële state ondersteun. Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state is opgestel onder toesig van die groep se hoof-finansiële beampte, Mobasheer Patel GR(SA).

Die finansiële state is geoudit deur die onafhanklike ouditeursfirma PricewaterhouseCoopers Geïnk., wat onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en verwante data gekry het, insluitend notules van alle vergaderings van aandeelhouers, die direksie en komitees van die direksie. Die direkteure is van mening dat alle bestuursverklarings wat tydens die oudit aan die onafhanklike ouditeur gerig is, geldig en toepaslik was. PricewaterhouseCoopers Geïnk. se ouditverslag verskyn op bladsy 63.

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state is deur die direksie goedgekeur en namens die direksie onderteken deur:



**R C C Jafta**
*Voorsitter*
14 Junie 2019



**M I Davidson**
*Uitvoerende hoof*



MEDIA24

# Verslag van die onafhanklike ouditeur oor die opgesomde gekonsolideerde finansiële state

**AAN DIE AANDEELHOUERS VAN MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK**

## Mening

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state van Media24 Beherend Eiendoms Beperk, soos uiteengesit op bladsye 64 tot 75 van Media24 Beherend Eiendoms Beperk se 2019 geïntegreerde jaarverslag aan die aandeelhouers van Welkom Yizani, wat bestaan uit die opgesomde gekonsolideerde state van finansiële posisie soos op 31 Maart 2019, opgesomde gekonsolideerde inkomstestate, opgesomde gekonsolideerde staat van omvattende inkomste, opgesomde gekonsolideerde staat van verandering in ekwiteit en die opgesomde gekonsolideerde state van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en verwante aantekeninge, is opgestel uit Media24 Beherend Eiendoms Beperk se geouditeerde gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2019.

Na ons mening stem die meegaande opgesomde gekonsolideerde finansiële state in alle wesenlike opsigte ooreen met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state, ooreenkomstig die grondslag van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* soos beskryf in aantekening 1 by die opgesomde gekonsolideerde finansiële state en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

## Opgesomde gekonsolideerde finansiële state

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state bevat nie alle openbaarmakings wat deur Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet met betrekking tot finansiële state vereis word nie. Die lees van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daaroor kan dus nie as 'n vervanging van die lees van die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en die ouditeur se verslag daaroor beskou word nie.

## Die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state en ons verslag daaroor

Ons het 'n ongewysigde ouditmening uitgespreek oor die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state in ons verslag van 14 Junie 2019.

## Direkteure se verantwoordelikheid vir die opgesomde gekonsolideerde finansiële state

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële state ooreenkomstig die grondslag van die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening* soos beskryf in aantekening 1 by die opgesomde gekonsolideerde finansiële state en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

## Ouditeur se verantwoordelikheid

Ons verantwoordelikheid is om 'n mening uit te spreek of die opgesomde gekonsolideerde finansiële state in alle wesenlike opsigte ooreenstem met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële state op grond van ons prosedures, wat ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaard (ISA) 810 (Hersien), *Verpligtinge om oor opgesomde finansiële state verslag te doen, uitgevoer is*.

PricewaterhouseCoopers Geïnk

**PricewaterhouseCoopers Geïnk.**
**Direkteur: V Harri**
*Geregistreerde ouditeur*
Kaapstad
14 Junie 2019

# Opgesomde gekonsolideerde inkomstestaat

vir die jaar geëindig 31 Maart

| | 2019 | 2018 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| **Voortgesette bedrywighede** | | |
| **Omset uit kontrakte met kliënte** | **4 713 829** | 4 685 728 |
| Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop | **(3 517 931)** | (3 510 291) |
| Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes | **(1 571 718)** | (1 565 541) |
| Ander netto winste | **8 492** | 16 654 |
| **Bedryfsverlies** | **(367 328)** | (373 450) |
| Rente ontvang | **79 480** | 67 888 |
| Rente betaal | **(4 469)** | (7 881) |
| Ander netto finansieringskoste | **1 860** | (8 429) |
| Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate – geassosieerde maatskappye | **(1 815)** | (1 660) |
| Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate – gesamentlike ondernemings | **19 719** | 18 982 |
| Waardedaling van ekwiteitsverantwoorde beleggings | **(15 804)** | — |
| Winste met verkrygings en verkope | **3 592** | 10 069 |
| Verwateringswinste uit geassosieerde maatskappye | **—** | 137 |
| **Verlies voor belasting** | **(284 765)** | (294 344) |
| Belasting | **(20 768)** | (34 477) |
| **Netto verlies uit voortgesette bedrywighede** | **(305 533)** | (328 821) |
| Verlies uit beëindigde bedrywighede | **—** | (35 871) |
| **Verlies vir die jaar** | **(305 533)** | (364 692) |
| **Toeskryfbaar aan:** | | |
| Ekwiteitshouers van die groep | **(254 625)** | (499 817) |
| Nie-beherende belang | **(50 908)** | 135 125 |
| | **(305 533)** | (364 692) |

# Opgesomde gekonsolideerde staat van omvattende inkomste

vir die jaar geëindig 31 Maart

| | 2019<br>R'000 | 2018<br>R'000 |
|---|---|---|
| **Verlies vir die jaar** | **(305 533)** | (364 692) |
| **Ander omvattende inkomste** | | |
| **Buitelandsevaluta-omrekeningsreserwe** | **(6 881)** | (12 319) |
| – Valuta(verlies)/-wins met omrekening van netto bates van buitelandse bedrywighede | **(6 881)** | 342 |
| – Valutaverlies met vervreemding van buitelandse bedrywighede | **—** | (12 661) |
| **Aktuariële hermetingsreserwe** | **24 390** | (42 225) |
| – Aktuariële wins/(verlies) op nádiens-verpligtinge | **24 390** | (42 225) |
| **Billikewaarde-reserwe** | **(22 465)** | (177 284) |
| – Verlies op billike waarde deur ander omvattende inkomstebeleggings | **(22 465)** | (177 284) |
| **Verskansingsreserwe** | **—** | 17 547 |
| **Totale nábelaste ander omvattende verlies vir die jaar** | **(4 956)** | (214 281) |
| **Totale omvattende verlies vir die jaar** | **(310 489)** | (578 973) |
| **Toeskryfbaar aan:** | | |
| Ekwiteitshouers van die groep | **(259 493)** | (719 805) |
| Nie-beherende belang | **(50 996)** | 140 832 |
| | **(310 489)** | (578 973) |
| **Totale omvattende verlies vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die groep vanuit:** | | |
| Voortgesette bedrywighede | **(259 493)** | (583 393) |
| Beëindigde bedrywighede | **—** | (136 412) |
| | **(259 493)** | (719 805) |

# Opgesomde gekonsolideerde staat van veranderings in ekwiteit
vir die jaar geëindig 31 Maart

| | Aandelekapitaal en -premie | Ander reserwes | Bestaande-beheer-besigheid-samevoegings reserwe |
|---|---|---|---|
| | R'000 | R'000 | R'000 |
| **Saldo op 1 April 2017** | 4 866 667 | 1 076 632 | (3 620 676) |
| **Totale omvattende verlies vir die jaar** | — | (219 988) | — |
| – Verlies vir die jaar | — | — | — |
| – Totale ander omvattende verlies vir die jaar | — | (219 988) | — |
| B- gewone aandele in filiaal uitgereik aan Naspers | — | 1 439 808 | — |
| Beweging in aandeelgebaseerde vergoeding | — | — | — |
| Oorgedra na behoue verdienste | — | — | 71 392 |
| Verkryging van filiale/gesamentlike ondernemings | — | — | (46 271) |
| Novus-ontbondeling | — | (6 738) | 69 129 |
| Dividende | — | — | — |
| Ander bewegings | — | — | (579) |
| **Saldo op 31 Maart 2018** | 4 866 667 | 2 289 714 | (3 527 005) |
| | | | |
| **Saldo op 1 April 2018** | **4 866 667** | **2 289 714** | **(3 527 005)** |
| **Totale omvattende verlies vir die jaar** | **—** | **(4 868)** | **—** |
| – Verlies vir die jaar | **—** | **—** | **—** |
| – Totale ander omvattende verlies vir die jaar | **—** | **(4 868)** | **—** |
| Beweging in aandeelgebaseerde vergoeding | **—** | **—** | **—** |
| Oorgedra na behoue verdienste | **—** | **—** | **—** |
| Verkryging van filiale/gesamentlike ondernemings | **—** | **—** | **93 526** |
| Dividende | **—** | **—** | **—** |
| Ander bewegings | **—** | **—** | **—** |
| **Saldo op 31 Maart 2019** | **4 866 667** | **2 284 846** | **(3 433 479)** |



MEDIA24

| | Aandeel-gebaseerde-vergoedings-reserwe | Opgelope verlies | Aandeelhouers-fondse | Nie-beherende belang | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| | 55 669 | (752 213) | 1 626 079 | 1 324 507 | 2 950 586 |
| | — | (499 817) | (719 805) | 140 832 | (578 973) |
| | — | (499 817) | (499 817) | 135 125 | (364 692) |
| | — | — | (219 988) | 5 707 | (214 281) |
| | — | — | 1 439 808 | — | 1 439 808 |
| | 22 779 | — | 22 779 | 2 282 | 25 061 |
| | (14 407) | (56 985) | — | — | — |
| | — | — | (46 271) | (2 067) | (48 338) |
| | (43 586) | 47 718 | 66 523 | (1 296 918) | (1 230 395) |
| | — | (1 274 869) | (1 274 869) | (117 244) | (1 392 113) |
| | (8 175) | — | (8 754) | — | (8 754) |
| | 12 280 | (2 536 166) | 1 105 490 | 51 392 | 1 156 882 |
| | **12 280** | **(2 536 166)** | **1 105 490** | **51 392** | **1 156 882** |
| | **—** | **(254 625)** | **(259 493)** | **(50 996)** | **(310 489)** |
| | **—** | **(254 625)** | **(254 625)** | **(50 908)** | **(305 533)** |
| | **—** | **—** | **(4 868)** | **(88)** | **(4 956)** |
| | **27 681** | **—** | **27 681** | **38** | **27 719** |
| | **(22 222)** | **22 222** | **—** | **—** | **—** |
| | **—** | **—** | **93 526** | **196 306** | **289 832** |
| | **—** | **(41 967)** | **(41 967)** | **(6 210)** | **(48 177)** |
| | **(6 726)** | **(343)** | **(7 069)** | **—** | **(7 069)** |
| | **11 013** | **(2 810 879)** | **918 168** | **190 530** | **1 108 698** |

# Opgesomde gekonsolideerde staat van finansiële posisie

op 31 Maart

| | 2019 | 2018 |
|---|---|---|
| | R'000 | R'000 |
| **Bates** | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **1 088 550** | 957 551 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **343 353** | 375 528 |
| Klandisiewaarde | **258 464** | 135 986 |
| Ontasbare bates | **169 979** | 82 631 |
| Beleggings in geassosieerde maatskappye | **2 239** | 17 358 |
| Beleggings in gesamentlike ondernemings | **22 149** | 30 028 |
| Lenings en bedrae ontvangbaar | **257 253** | 278 069 |
| Uitgestelde belasting | **35 113** | 37 951 |
| **Bedryfsbates** | **2 236 471** | 2 442 133 |
| Voorraad | **447 139** | 186 032 |
| Handelsdebiteure | **495 083** | 464 814 |
| Ander debiteure | **84 908** | 87 854 |
| Kontrakbates | **2 916** | 4 176 |
| Bedrae ontvangbaar van verwante partye | **5 696** | 282 369 |
| Lenings en bedrae ontvangbaar | **989 591** | 1 117 830 |
| Afgeleide finansiële instrumente | **656** | — |
| Kontant en kontantekwivalente | **210 482** | 299 058 |
| **Totale bates** | **3 325 021** | 3 399 684 |
| **Ekwiteit** | | |
| **Kapitaal en reserwes toeskryfbaar aan die ekwiteithouers van die groep** | **918 168** | 1 105 490 |
| Aandelekapitaal en -premie | **4 866 667** | 4 866 667 |
| Ander reserwes | **(1 137 620)** | (1 225 011) |
| Opgelope verlies | **(2 810 879)** | (2 536 166) |
| **Nie-beherende belang** | **190 530** | 51 392 |
| **Totale ekwiteit** | **1 108 698** | 1 156 882 |
| **Verpligtinge** | | |
| **Nie-bedryfslaste** | **398 227** | 402 857 |
| Langtermynverpligtinge | **17 607** | 24 558 |
| Uitgestelde belasting | **31 580** | — |
| Nádiens- mediese verpligting | **297 182** | 320 208 |
| Aandeelgebaseerde betalingsverpligting met kontant betaal | **1 145** | 3 |
| Voorsienings | **50 713** | 58 088 |
| **Bedryfslaste** | **1 818 096** | 1 839 945 |
| Handelskrediteure | **286 334** | 260 064 |
| Opgelope uitgawes en ander bedryfslaste | **629 656** | 633 359 |
| Kontrakverpligtinge | **142 842** | 111 075 |
| Bedrae betaalbaar en lenings – verwante partye | **23 476** | 284 606 |
| Nádiens- mediese verpligting | **23 992** | 23 027 |
| Belasting | **99** | 1 164 |
| Dividende betaalbaar | **—** | 3 640 |
| Huidige gedeelte van langtermynverpligtinge | **3 931** | 7 146 |
| Lenings van groepmaatskappye | **666 040** | 487 868 |
| Afgeleide finansiële instrumente | **—** | 6 542 |
| Voorsienings | **41 726** | 21 454 |
| **Totale ekwiteit en verpligtinge** | **3 325 021** | 3 399 684 |

# Opgesomde gekonsolideerde staat van kontantvloei

vir die jaar geëindig 31 Maart

| | **2019** | 2018 |
|---|---|---|
| | **R'000** | R'000 |
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | |
| Kontant aangewend in bedryfsaktiwiteite | **(348 732)** | (115 908) |
| Rente betaal | **(3 093)** | (15 184) |
| Rente ontvang | **79 480** | 74 387 |
| Dividende ontvang van beleggings en ekwiteitsverantwoorde maatskappye | **28 429** | 24 331 |
| Belasting betaal | **(21 067)** | (130 420) |
| Netto kontant aangewend in bedryfsaktiwiteite | **(264 983)** | (162 794) |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | |
| Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting | **(38 757)** | (122 152) |
| Opbrengs uit verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | **2 436** | 90 016 |
| Verkryging van ontasbare bates | **(3 896)** | (2 589) |
| Verkryging van filiale | **10 330** | — |
| Vervreemding van filiale | **—** | (215) |
| Verkryging van geassosieerde maatskappye | **(500)** | — |
| Verkryging van besigheid | **—** | (14 688) |
| Kontantbewegings in ander beleggings en lenings | **(2 025)** | (2 398) |
| Netto kontant aangewend in beleggingsaktiwiteite | **(32 412)** | (52 026) |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktwiteite** | | |
| Terugbetaling van langtermynlenings | **(7 006)** | (21 134) |
| Terugbetaling van gekapitaliseerde bruikhuurverpligtinge | **(950)** | (3 253) |
| Intergroep- en verwanteparty-lenings verkry/(terugbetaal) | **271 699** | (1 118 304) |
| Opbrengs uit uitreiking van aandele | **—** | 1 439 808 |
| Uitvloei van aandeelgebaseerde-vergoedingstransaksies | **(11 466)** | (52 852) |
| Bykomende beleggings in bestaande filiale | **(32 882)** | (21 218) |
| Dividende deur filiale betaal aan nie-beherende aandeelhouers | **(6 210)** | (113 604) |
| Eksterne dividende betaal | **(6 295)** | (222 229) |
| Netto kontant gegenereer uit/(aangewend in) finansieringsaktiwiteite | **206 890** | (112 786) |
| Netto afname in kontant en kontantekwivalente | **(90 505)** | (327 606) |
| Valutaomrekeningseffek op kontant en kontantekwivalente | **1 929** | (208) |
| Herklassifisering van beëindigde bedrywighede kontant | **—** | 409 173 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | **299 058** | 217 699 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | **210 482** | 299 058 |

# Aantekeninge by die opgesomde gekonsolideerde finansiële state

vir die jaar geëindig 31 Maart 2019

## 1. Aanbiedingsgrondslag

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state is opgestel in ooreenstemming met die vereistes van die Maatskappywet soos van toepassing op opgesomde finansiële state. Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state is opgestel ooreenkomstig die raamwerkbegrippe, die metings- en erkenningsvereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), en bevat minstens die inligting soos vereis deur IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening*.

Die rekeningkundige beleid wat gevolg is met die opstel van die gekonsolideerde finansiële state waaruit die opgesomde gekonsolideerde finansiële state verkry is, voldoen aan IFRS en strook met die rekeningkundige beleid wat vir die opstel van die vorige gekonsolideerde finansiële state toegepas is, afgesien van die implementering van nuwe rekeningkundige standaarde en wysigings van IFRS wat tydens die huidige boekjaar in werking getree het en deur die groep aanvaar is, naamlik IFRS 15 en IFRS 9.

## 2. Opstelling

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state is opgestel onder toesig van die hoof- finansiële beampte, Mobasheer Patel. Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie in hierdie aankondiging is nie deur die maatskappy se ouditeur nagegaan nie, en die ouditeur het nie daaroor verslag gedoen nie.

## 3. Verslag van die onafhanklike ouditeur

Hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2019 is geoudit deur PricewaterhouseCoopers Geïnk., wat ’n ongewysigde mening daaroor uitgespreek het. Die ouditeur het ook ’n ongewysigde mening uitgespreek oor die gekonsolideerde finansiële state waaruit hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële state verkry is. ’n Afskrif van die ouditeur se verslag oor die gekonsolideerde finansiële state, sowel as die finansiële state soos geïdentifiseer in die onderskeie ouditeursverslae, is beskikbaar by die maatskappy se geregistreerde kantoor of op die maatskappy se webwerf, **www.media24.com**.

## 4. Gebruik van ramings en aannames

Met die opstel van hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële state was bestuur se wesenlike oordele in die toepassing van die groep se rekeningkundige beleid en die sleutelbronne van ramingsonsekerheid dieselfde as dié wat gebruik is vir die gekonsolideerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2019, sowel as die vorige jaar.

## 5. Aanvaarding van nuwe en gewysigde rekeningkundige verklarings

’n Aantal nuwe of gewysigde standaarde het van toepassing geraak vir die huidige verslagdoeningstydperk. IFRS 15 *Inkomste uit Kontrakte met Kliënte* en IFRS 9 *Finansiële Instrumente* is in die besonder vanaf 1 April 2018 op ’n terugwerkende basis deur die groep toegepas, maar die vergelykende inligting is nie herstateer nie aangesien hierdie standaarde nie ’n beduidende uitwerking op die groep se resultate of finansiële posisie gehad het nie. Met die aanvaarding van IFRS 15 is uitgestelde inkomste herklassifiseer as kontrakverpligtinge.

## 6. Klandisiewaarde

| | 31 Maart | |
|---|---|---|
| | **2019** **R'000** | 2018 R'000 |
| **Koste** | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | **176 596** | 186 672 |
| Verkryging van filiale/besigheid | **117 889** | — |
| Herklassifiserings | **4 589** | (10 076) |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | **299 074** | 176 596 |
| | | |
| **Opgelope waardedaling** | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | **40 610** | 49 776 |
| Waardedaling | **—** | 910 |
| Herklassifiserings | **—** | (10 076) |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | **40 610** | 40 610 |
| | | |
| **Netto boekwaarde** | **258 464** | 135 986 |

Klandisiewaarde is aan 'n jaarlikse evaluering van waardedaling onderworpe. Bewegings in die groep se verhaalbare bedrae is bepaal deur die berekening van waarde in gebruik. 'n Diskontokoers van 14.3% en groeikoers van 2% is gebruik.

## 7. Handelsdebiteure

| | 31 Maart | |
|---|---|---|
| | **2019 R'000** | 2018 R'000 |
| **Drawaarde** | | |
| Bruto handelsdebiteure | **536 604** | 532 132 |
| *Min:* Afskrywingstoelaag | **(41 521)** | (67 318) |
| | **495 083** | 464 814 |

Die ouderdomsontleding van handelsdebiteure sowel as die afskrywingstoelaag per ouderdomskategorie word hieronder aangetoon:

| | 31 Maart 2019 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Nie agterstallig** | **30 dae en ouer** | **60 dae en ouer** | **90 dae en ouer** | **120 dae en ouer** | **Totaal** |
| Bruto handelsdebiteure | **367 270** | **113 321** | **11 358** | **7 287** | **37 368** | **536 604** |
| Afskrywingstoelaag | **(66)** | **(17 454)** | **(1 317)** | **(1 990)** | **(20 694)** | **(41 521)** |
| **Totaal** | **367 204** | **95 867** | **10 041** | **5 297** | **16 674** | **495 083** |
| Verwagte afskrywingskoers | 0% | (15%) | (12%) | (27%) | (55%) | (8%) |

| | 31 Maart 2018 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Nie agterstallig** | **30 dae en ouer** | **60 dae en ouer** | **90 dae en ouer** | **120 dae en ouer** | **Totaal** |
| Bruto handelsdebiteure | 359 511 | 111 043 | 17 027 | 13 415 | 31 136 | 532 132 |
| Voorsiening ingevolge IAS 39 | (27 640) | (12 580) | (7 119) | (4 672) | (15 307) | (67 318) |
| **Totaal** | 331 871 | 98 463 | 9 908 | 8 743 | 15 829 | 464 814 |

## 8. Voorraad

| | 31 Maart | |
|---|---|---|
| | **2019 R'000** | 2018 R'000 |
| **Drawaarde** | | |
| Voltooide produk, handelsvoorraad en verbruiksgoedere | **511 019** | 240 390 |
| Onvoltooide werk | **15 102** | 21 085 |
| Bruto voorraad | **526 121** | 261 475 |
| *Min:* Voorsiening vir stadig bewegende en verouderde voorraad | **(78 982)** | (75 443) |
| Netto voorraad | **447 139** | 186 032 |

## 9. Inkomste uit kontrakte met kliënte

| | 31 Maart | |
|---|---|---|
| | **2019 R'000** | 2018 R'000 |
| **Inkomste** | | |
| Intekenaar-inkomste | **198 206** | 179 563 |
| Sirkulasie-inkomste | **901 346** | 971 509 |
| Advertensie-inkomste | **1 787 537** | 1 927 011 |
| Verspreidingsinkomste | **395 034** | 360 569 |
| Inkomste uit boekuitgewery en -verkope | **507 822** | 544 793 |
| Inkomste uit e-handel | **556 327** | 297 630 |
| Inkomste uit kontrakuitgewery | **159 819** | 179 194 |
| Ander inkomste | **207 738** | 225 459 |
| | **4 713 829** | 4 685 728 |

Die groep het die volgende bates en verpligtinge wat verband hou met inkomste uit kontrakte met kliënte in die opgesomde gekonsolideerde staat van finansiële posisie erken:

| | 31 Maart | |
|---|---|---|
| | **2019 R'000** | 2018 R'000 |
| Kontrakbates | **2 916** | 4 176 |
| Kontrakverpligtinge | **142 842** | 111 075 |

## 10. Billike waarde van finansiële instrumente

| 31 Maart 2019 | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| **Bates** | | | | |
| Valutakontrakte | — | 656 | — | 656 |
| Teen billike waarde deur ander omvattende inkomstebeleggings* | 255 053 | — | — | 255 053 |
| **Totaal** | 255 053 | 656 | — | 255 709 |
| **Verpligtinge** | | | | |
| Toekomstige voorwaardelike betalings | — | — | 19 162 | 19 162 |
| **Totaal** | — | — | 19 162 | 19 162 |

| 31 Maart 2018 | Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| | R'000 | R'000 | R'000 | R'000 |
| **Bates** | | | | |
| Beskikbaar-vir-verkoop-beleggings* | 278 069 | — | — | 278 069 |
| **Totaal** | 278 069 | — | — | 278 069 |
| **Verpligtinge** | | | | |
| Valutakontrakte | — | 6 542 | — | 6 542 |
| Toekomstige voorwaardelike betalings | — | — | 26 908 | 26 908 |
| **Totaal** | — | 6 542 | 26 908 | 33 450 |

* *Voorheen na verwys as beskikbaar-vir-verkoop-beleggings ingevolge IAS 39* Finansiële Instrumente: Erkenning en Meting.

*Vlak 1: Billikewaardemetings is metings verkry van gekwoteerde (onverrekende) pryse in aktiewe markte vir identiese bates of laste.*

*Vlak 2: Billikewaardemetings is metings verkry van insette buiten gekwoteerde pryse ingesluit by vlak 1 wat waarneembaar is vir die bate of las, hetsy direk (dws as pryse) of indirek (dws afgelei van pryse).*

*Vlak 3: Billikewaardemetings is metings verkry van waardasiemetodes wat insette vir die bate of las gebruik wat nie op waarneembare markdata gebaseer is nie (onwaarneembare insette).*

## 11. Verwanteparty-transaksies

Die groep het verskillende verwanteparty-transaksies aangegaan in die gewone gang van sake. Daar was veranderings aan die verwante partye wat aan die einde van die 2018-boekjaar bestaan het aangesien Naspers sy Videovermaak-segment (MultiChoice Group) op die JSE Beperk genoteer het. Afgesien van hierdie verandering was daar geen beduidende veranderings in verwanteparty-transaksies en -saldo's sedert die vorige verslagdoeningstydperk nie.

## 12. Beduidende besigheidsamevoegings

Media24 Eiendoms Beperk en Takealot Online RF Eiendoms Beperk het in Julie 2018 'n ooreenkoms gesluit vir die samesmelting van hul onderskeie aanlyn modebesighede, Spree en Superbalist, in 'n nuutgestigte entiteit, Fashion United SA Eiendoms Beperk. Ná die samesmelting hou Media24 Eiendoms Beperk 50.95% van die uitgereikte aandelekapitaal en Takealot Online RF Eiendoms Beperk die oorblywende 49.05%. Die totale koopsom is R428m, waarvan R178m 'n raming verteenwoordig van die voorwaardelike teenprestasie wat in Junie 2019 betaalbaar is. 'n Besigheidsamevoegingsreserwe van R116m en nie-beherende belang van R195m is te boek gestel.

Media24 het besluit om die voorganger- rekeningkundige grondslag vir die belang van 50.95% in Superbalist toe te pas. Die bedryfsresultate en bates en laste van die maatskappy is vanaf 1 Oktober 2018 gekonsolideer. Die netto voorgangerbatewaarde van die Superbalist-besigheid het R104m beloop. Klandisiewaarde van R118m, ontasbare bates van R123m en 'n uitgestelde belastingverpligting van R35m is as gevolg van die transaksie verkry.

## 13. Lopende saak

Die finansiële jaarstate is opgestel op die rekeningkundige beleidsgrondslag van toepassing op 'n lopende saak. Hierdie grondslag veronderstel dat fondse beskikbaar sal wees om toekomstige werksaamhede te finansier en dat die realisering van bates en vereffening van verpligtinge, onvoorsiene verpligtinge en verbintenisse in die gewone gang van sake sal plaasvind.

## 14. Latere gebeurtenisse

Media24 Boeke Eiendoms Beperk het die oorblywende 30%-aandeelhouding in Nasou Via Afrika Eiendoms Beperk met ingang van 26 April 2019 van BiProps 6 Eiendoms Beperk vir R15m verkry, en daardeur sy eienaarskap tot 100% verhoog.

## 15. Kontant gegenereer uit bedryfsaktiwiteite

| | 31 Maart | |
|---|---|---|
| | **2019 R'000** | 2018 R'000 |
| **Bedryfsverlies soos per inkomstestaat** | **(367 328)** | (373 450) |
| Aanpassings: nie-kontant en ander | **152 211** | 267 506 |
| Bedryfskapitaalbeweging | **(133 615)** | 18 173 |
| Kontant gebruik in beëindigde bedrywighede | **—** | (28 137) |
| Kontant aangewend in bedryfsaktiwiteite | **(348 732)** | (115 908) |

## 16. Opgesomde gekonsolideerde rekonsiliasie van bedryfsverlies na handelsverlies

| | 31 Maart | |
|---|---|---|
| | **2019 R'000** | 2018 R'000 |
| **Bedryfsverlies uit voortgesette bedrywighede** | **(367 328)** | (373 450) |
| Amortisasie van ontasbare bates (sagteware uitgesluit) | **14 484** | 2 716 |
| Ander netto winste | **(8 492)** | (16 654) |
| Aandeelgebaseerde betalingskoste – ekwiteitsvereffen | **27 719** | 18 741 |
| **Handelsverlies vir voortgesette bedrywighede** | **(333 617)** | (368 647) |

# Welkom Yizani-direksie

Die direksie bestuur die groep se sake met integriteit en deur die relevante praktyke ten opsigte van korporatiewe bestuurstoesig toe te pas.



## Rachel Jafta

**Rachel (58)** het die grade MEcon en PhD verwerf en is ’n professor in ekonomie aan die Universiteit Stellenbosch. Sy is ’n direkteur van Naspers en voorsitter van die Kaapstad Karnavaltrust. Sy het in 2003 as ’n direkteur by Naspers aangesluit en is in 2007 as ’n direkteur van Media24 aangestel. Sy is ’n lid van die Suid-Afrikaanse Ekonomievereniging en dien in die bestuurskomitee van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek by die Universiteit Stellenbosch. Sy is in April 2013 as voorsitter van Media24 se direksie aangestel. Sy dien sedert 2015 in die internasionale adviesraad van Fondação Dom Cabral se sakeskool in Brasilië.



## Jo-Ann Held

**Jo-Ann (38)** het die graad BComRegte aan die Universiteit Stellenbosch verwerf. Sy is ’n media-entrepreneur wat 18 jaar reeds TV-programme en aanlynmedia-bedrywighede aanbied en vervaardig. Sy is ’n welwillendheidsambassadeur vir UNICEF en dien in die direksies van Partnership Investments, die adviesraad van die Universiteit Stellenbosch se sakeskool, Village and Life, en M&C Saatchi Abel.



## Manie Mayman

**Abduraghman (Manie) (64)** is ’n geoktrooieerde rekenmeester en het die grade BComptRekHons en BComHons (finansiële bestuur) deur Unisa verwerf. Hy is ’n voormalige finansiële direkteur van BP Suider-Afrika Eiendoms Beperk. Hy was tot November 2016 Media24 se uitvoerende direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie en is op 1 April 2017 as 'n nie-uitvoerende direkteur aangestel. Manie was vanaf 1 November 2017 tot 1 November 2018 die waarnemende finansiele hoof van Media24. Op 31 Maart het hy uit die direksie van die Media24-groep getree.

# Opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate

## Direksie se verantwoordelikheidsverklaring

vir die jaar geëindig 31 Maart 2019

Die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate van die groep is die verantwoordelikheid van die direkteure van Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk. In die nakoming van hierdie verantwoordelikheid steun hulle op die bestuur van die groep om die opgesomde groep- en afsonderlike opgesomde finansiële jaarstate in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS), IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening*, soos uiteengesit in aantekening 1 by die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet Nr 71 van 2008 op te stel. As sodanig sluit die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate bedrae in wat op beoordelings en ramings deur bestuur berus. Dié inligting is volledig en op 'n verantwoordelike wyse weergegee.

Die direkteure aanvaar verantwoordelikheid vir die opstel, integriteit en redelike voorstelling van die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate, en is van mening dat die stelsels en interne finansiële beheermaatreëls wat deur bestuur ingestel is, doeltreffend is.

Op grond van ramings en beskikbare kontantbronne is die direkteure van oordeel dat die maatskappy en groep genoeg bronne het om binne die afsienbare toekoms sy bedrywighede as 'n lopende saak voort te sit. Die lewensvatbaarheid van die maatskappy en die groep word deur die groep- en afsonderlike finansiële jaarstate ondersteun. Die voorbereiding van die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state is onder toesig van Mobasheer Patel (GR)SA gedoen.

Die groep- en afsonderlike finansiële jaarstate waaruit die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate verkry is, is geoudit deur die onafhanklike ouditeursfirma PricewaterhouseCoopers Geïnk., wat onbeperkte toegang tot alle finansiële rekords en verwante data gekry het, insluitend notules van alle vergaderings van aandeelhouers, die direksie en komitees van die direksie. Die direkteure is van mening dat alle bestuursverklarings wat tydens die oudit aan die onafhanklike ouditeur gerig is, geldig en toepaslik was. PricewaterhouseCoopers Geïnk. se ouditverslag verskyn op bladsy 78.

Die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate is op 14 Junie 2019 deur die direksie goedgekeur en namens die direksie onderteken deur:

**Rachel Jafta**
*Voorsitter*
14 Junie 2019

**Abduraghman Mayman**
*Direkteur*

# Verslag van die onafhanklike ouditeur oor die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2019

**AAN DIE AANDEELHOUERS VAN WELKOM YIZANI BELEGGINGS (RF) BEPERK**

## Mening

Die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state van Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk, vir die aandeelhouers van Welkom Yizani uiteengesit op bladsye 80 tot 90 van Media24 Beherend Eiendoms Beperk se geïntegreerde jaarverslag vir 2019, wat bestaan uit die opgesomde groep- en afsonderlike state van finansiële posisie soos op 31 Maart 2019, die opgesomde groep- en afsonderlike state van omvattende inkomste, opgesomde groep- en afsonderlike veranderings in ekwiteit en opgesomde groep- en afsonderlike state van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en verwante aantekeninge, is opgestel uit Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk se geouditeerde groep- en afsonderlike finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2019.

Na ons mening stem die meegaande opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state in alle wesenlike opsigte ooreen met die geouditeerde groep- en afsonderlike finansiële state, ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening*, soos uiteengesit in aantekening 1 by die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state, en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

## Opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state

Die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state bevat nie alle openbaarmakings wat deur Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet met betrekking tot finansiële jaarstate vereis word nie. Die lees van die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state en die ouditeur se verslag daaroor kan dus nie as 'n vervanging van die lees van die geouditeerde groep- en afsonderlike finansiële state en die ouditeur se verslag daaroor beskou word nie.

## Die geouditeerde groep- en afsonderlike finansiële state en ons verslag daaroor

Ons het 'n ongewysigde ouditmening uitgespreek oor die geouditeerde groep- en afsonderlike finansiële state in ons verslag van 14 Junie 2019. Sleutel-ouditaangeleenthede word ook in die verslag toegelig. Sleutel-ouditaangeleenthede is daardie aangeleenthede wat na ons professionele oordeel van die grootste belang is in ons oudit van die groep- en afsonderlike finansiële state vir die huidige verslagdoeningstydperk.

## Direkteure se verantwoordelikheid vir die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde, IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening*, soos beskryf in aantekening 1 by die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

## Ouditeur se verantwoordelikheid

Ons verantwoordelikheid is om 'n mening uit te spreek of die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state in alle wesenlike opsigte ooreenstem met die geouditeerde groep- en afsonderlike finansiële state op grond van ons prosedures, wat ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaard (ISA) 810 (Hersien), *Verpligtinge om oor Opgesomde Finansiële State Verslag te Doen*, uitgevoer is.



**PricewaterhouseCoopers Geïnk.**
**Direkteur: V Harri**
*Geregistreerde ouditeur*
Kaapstad
14 Junie 2019

# Direkteursverslag

vir die jaar geëindig 31 Maart 2019

## Aard van sakebedrywighede

Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk (Welkom Yizani) is op 10 Julie 2006 ingevolge die wette van die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer. Die hoofbedrywighede van Welkom Yizani is:

a) Die voortsetting van sy hoofwerksaamheid: die hou van 15% van die gewone aandele in Media24 Beherend Eiendoms Beperk (Media24) ('n belegging in 'n geassosieerde maatskappy), kontant en kontantekwivalente en sodanige bates wat ontvang of verkry word uitsluitlik as gevolg van, of met betrekking tot, die hou van gewone aandele in Media24.

b) Die ontvangs en uitkering van dividende en ander uitkerings ingevolge sy aandeelhouding in Media24.

c) Equity Express Securities Exchange (EESE): Welkom Yizani, wat in 2006 gevestig is as Media24 se skema vir breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging, het sy aandele in 2013 op 'n aanlyn verhandelingsplatform begin verhandel. Die Registrateur van Sekuriteitedienste (die Registrateur) het aangedui dat alle tradisionele toonbankverhandelingsplatforms soos Welkom Yizani hul bedrywighede moet regulariseer ingevolge die Wet op Finansiële Markte van 2012. Welkom Yizani was in gesprek met die Gedragsowerheid oor die Finansiële Sektor om sy sake in ooreenstemming te bring met die vereistes van die Wet op Finansiële Markte van 2012. Welkom Yizani is op 23 November 2018 op EESE genoteer en voldoen nou aan die relevante wetgewing.

## Dividende

Die direksie beveel aan dat 'n dividend van 42.5 sent per gewone aandeel (2018: 42.5 sent per gewone aandeel) verklaar word. By oorweging van die aanbeveling om die dividend te betaal, het die direksie die finansiële stand van die maatskappy onderhewig aan die suksesvolle toepassing van die solvensie- en likiditeitstoets soos uiteengesit in artikel 4 van die Maatskappywet van 2008 in ag geneem. Die dividend sal by die algemene jaarvergadering (AJV) op 26 Augustus 2019 voorgelê word, by wyse van 'n gewone besluit wat onderworpe is aan goedkeuring deur die aandeelhouers.

## Direkteure, maatskappysekretaris en ouditeur

Die direkteure van die maatskappy word hieronder aangedui en die maatskappysekretaris is Lurica Jineanne Klink. Die straat- en posadres van die maatskappysekretaris is dieselfde as dié van die maatskappy, wat op bladsy 91 aangedui word.

PricewaterhouseCoopers Geïnk. is ingevolge artikel 90(6) van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet van 2008 as ouditeur aangestel.

| Naam | Datum aangestel | Datum uitgetree | Kategorie |
|---|---|---|---|
| R C C Jafta | 28 November 2012 | | Onafhanklik, nie-uitvoerend |
| J C Held | 2 September 2014 | | Onafhanklik, nie-uitvoerend |
| A Mayman | 1 November 2018 | | Onafhanklik, nie-uitvoerend |
| S R Ralarala | 1 Maart 2017 | 10 Desember 2018 | Onafhanklik, nie-uitvoerend |

## Latere gebeurtenisse

Geen gebeurtenis wat wesenlike betrekking het op die finansiële sake van die groep het tussen die datum van die balansstaat en die datum waarop die finansiële state goedgekeur is, plaasgevind nie.

## Lopende saak

Die finansiële jaarstate is opgestel op die rekeningkundige beleidsgrondslag van toepassing op 'n lopende saak. Hierdie grondslag veronderstel dat fondse beskikbaar sal wees om toekomstige werksaamhede te finansier en dat die realisering van bates en vereffening van verpligtinge, onvoorsiene verpligtinge en verbintenisse in die gewone gang van sake sal plaasvind.

Onderteken namens die direksie

**Rachel Jafta**
*Voorsitter*
14 Junie 2019

# Opgesomde groep- en afsonderlike state van finansiële posisie

vir die jaar geëindig 31 Maart 2019

| | Aantekeninge | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **2019 R'000** | 2018 R'000 | **2019 R'000** | 2018 R'000 |
| **Bates** | | | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | **351 577** | 351 577 | **351 577** | 351 577 |
| Belegging in geassosieerde maatskappy | 8 | **351 577** | 351 577 | **351 577** | 351 577 |
| **Bedryfsbates** | | **40 605** | 43 854 | **40 605** | 43 854 |
| Ander debiteure | | **30** | 35 | **30** | 35 |
| Kontant en kontantekwivalente | | **40 575** | 43 819 | **40 575** | 43 819 |
| **Totale bates** | | **392 182** | 395 431 | **392 182** | 395 431 |
| **Ekwiteit en verpligtinge** | | | | | |
| **Kapitaal en reserwes** | | **357 076** | 355 751 | **357 076** | 355 751 |
| Aandelekapitaal en -premie | | **146 022** | 146 022 | **146 022** | 146 022 |
| Voorkeuraandelekapitaal | | **7** | 7 | **7** | 7 |
| Ander reserwes | | **387 657** | 371 267 | **—** | — |
| Opgelope (verlies)/wins | | **(176 610)** | (161 545) | **211 047** | 209 722 |
| **Bedryfslaste** | | **35 106** | 39 680 | **35 106** | 39 680 |
| Bedrae betaalbaar | | **2 086** | 1 695 | **2 086** | 1 695 |
| Aandeelhouers vir dividend | | **33 020** | 37 959 | **33 020** | 37 959 |
| Belasting | | **—** | 26 | **—** | 26 |
| **Totaal ekwiteit en verpligtinge** | | **392 182** | 395 431 | **392 182** | 395 431 |
| **Netto batewaarde per aandeel** | 9 | **R24.46** | R24.37 | **R24.46** | R24.37 |

# Opgesomde groep- en afsonderlike state van omvattende inkomste vir die jaar geëindig 31 Maart 2019

| | Aantekeninge | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | **2019 R'000** | 2018 R'000 | **2019 R'000** | 2018 R'000 |
| **Aandeel van netto verlies van geassosieerde maatskappy** | 8 | **(59 509)** | (96 288) | **—** | — |
| **Beleggingsinkomste – dividende ontvang** | 8 | **—** | — | **6 295** | 222 266 |
| **Omswaaiing van waardedaling/(waardedaling) van belegging in geassosieerde maatskappy** | 8 | **49 414** | 84 177 | **—** | (46 262) |
| Administrasiekoste | | **(100)** | (95) | **(100)** | (95) |
| Netto finansieringsinkomste/(-uitgawes) | | **1 859** | 1 303 | **1 859** | 1 303 |
| **(Verlies)/wins voor belasting** | | **(8 336)** | (10 903) | **8 054** | 177 212 |
| **Belasting** | | **(524)** | (500) | **(524)** | (500) |
| **Netto (verlies)/wins vir die jaar** | | **(8 860)** | (11 403) | **7 530** | 176 712 |
| Netto (verlies)/wins vir die jaar | | **(8 860)** | (11 403) | **7 530** | 176 712 |
| Aandeel van veranderings in geassosieerde maatskappy se ander ekwiteit, netto van belasting | 8 | **16 390** | 188 115 | **—** | — |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | | **7 530** | 176 712 | **7 530** | 176 712 |
| **Basiese (verlies)/verdienste per aandeel** | 9 | **(R0.61)** | (R0.78) | **R0.52** | R12.10 |
| **Wesens(verlies)/-verdienste per aandeel** | 9 | **(R3.99)** | (R6.55) | **R0.52** | R15.27 |

# Opgesomde groep- en afsonderlike state van veranderings in ekwiteit

vir die jaar geëindig 31 Maart 2019

| | Verklaarde kapitaal | Voorkeur-aandelekapitaal | Ander reserwes | Opgelope wins/ (verlies) | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| **Groep** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** | **R'000** |
| **Saldo op 1 April 2017** | 146 022 | 7 | 183 152 | 71 997 | 401 178 |
| **Totale omvattende verlies vir die jaar** | — | — | 188 115 | (11 403) | 176 712 |
| Netto verlies | — | — | — | (11 403) | (11 403) |
| Ander omvattende inkomste | — | — | 188 115 | — | 188 115 |
| **Uitkering aan eienaars van die maatskappy** | | | | | |
| Dividende betaal | — | — | — | (222 139) | (222 139) |
| **Saldo op 31 Maart 2018** | 146 022 | 7 | 371 267 | (161 545) | 355 751 |
| **Saldo op 1 April 2018** | **146 022** | **7** | **371 267** | **(161 545)** | **355 751** |
| **Totale omvattende inkomste/ (verlies) vir die jaar** | **—** | **—** | **16 390** | **(8 860)** | **7 530** |
| Netto verlies | **—** | **—** | **—** | **(8 860)** | **(8 860)** |
| Ander omvattende inkomste | **—** | **—** | **16 390** | **—** | **16 390** |
| **Uitkering aan eienaars van die maatskappy** | | | | | |
| Dividende betaal | **—** | **—** | **—** | **(6 205)** | **(6 205)** |
| **Saldo op 31 Maart 2019** | **146 022** | **7** | **387 657** | **(176 610)** | **357 076** |
| **Maatskappy** | | | | | |
| **Saldo op 1 April 2017** | 146 022 | 7 | — | 255 149 | 401 178 |
| Wins vir die jaar | — | — | — | 176 712 | 176 712 |
| **Uitkering aan eienaars van die maatskappy** | | | | | |
| Dividende betaal | — | — | — | (222 139) | (222 139) |
| **Saldo op 31 Maart 2018** | 146 022 | 7 | — | 209 722 | 355 751 |
| **Saldo op 1 April 2018** | **146 022** | **7** | **—** | **209 722** | **355 751** |
| Wins vir die jaar | **—** | **—** | **—** | **7 530** | **7 530** |
| **Uitkering aan eienaars van die maatskappy** | | | | | |
| Dividende betaal | **—** | **—** | **—** | **(6 205)** | **(6 205)** |
| **Saldo op 31 Maart 2019** | **146 022** | **7** | **—** | **211 047** | **357 076** |

# Opgesomde groep- en afsonderlike kontantvloeistate

vir die jaar geëindig 31 Maart 2019

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2019 R'000** | 2018 R'000 | **2019 R'000** | 2018 R'000 |
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | **2 961** | 255 469 | **2 961** | 255 469 |
| Kontant (aangewend in)/gegenereer deur bedryfsaktiwiteite | **(4 643)** | 32 494 | **(4 643)** | 32 494 |
| Rente betaal | **(64)** | (124) | **(64)** | (124) |
| Rente ontvang | **1 923** | 1 427 | **1 923** | 1 427 |
| Dividende ontvang | **6 295** | 222 266 | **6 295** | 222 266 |
| Belasting betaal | **(550)** | (594) | **(550)** | (594) |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | **(6 205)** | (222 139) | **(6 205)** | (222 139) |
| Dividende betaal | **(6 205)** | (222 139) | **(6 205)** | (222 139) |
| **Verandering in kontant en kontantekwivalente vir die jaar** | **(3 244)** | 33 330 | **(3 244)** | 33 330 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | **43 819** | 10 489 | **43 819** | 10 489 |
| **Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar** | **40 575** | 43 819 | **40 575** | 43 819 |

# Aantekeninge by die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate

vir die jaar geëindig 31 Maart 2019

## 1. Aanbiedingsgrondslag

Die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate word opgestel in ooreenstemming met die vereistes van die Maatskappywet soos van toepassing op opgesomde finansiële state. Die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate is opgestel ooreenkomstig die raamwerkbegrippe en metings- en erkenningsvereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en bevat minstens die inligting soos vereis deur IAS 34 *Tussentydse Finansiële Verslagdoening.*

Die rekeningkundige beleid wat toegepas is met die opstel van die groep- en afsonderlike finansiële jaarstate waaruit die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state verkry is, voldoen aan IFRS en stem ooreen met die rekeningkundige beleid wat gebruik is vir die opstel van die vorige groep- en afsonderlike finansiële jaarstate, afgesien van die implementering van nuwe rekeningkundige standaarde en wysigings van IFRS wat tydens die huidige boekjaar in werking getree het en deur die groep aanvaar is, naamlik IFRS 15 en IFRS 9.

## 2. Opstelling

Die opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate is opgestel onder toesig van die hoof- finansiële beampte, Mobasheer Patel. Die maatskappy se ouditeur het geen verwysing na toekomstige finansiële prestasie wat in hierdie aankondiging ingesluit is, nagegaan of daaroor verslag gedoen nie.

## 3. Verslag van die onafhanklike ouditeur

Hierdie opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2019 is geoudit deur PricewaterhouseCoopers Geïnk., wat ’n ongekwalifiseerde mening daaroor uitgespreek het. Die ouditeur het ook ’n ongewysigde mening uitgespreek oor die groep- en afsonderlike finansiële jaarstate waaruit hierdie opgesomde groep- en afsonderlike finansiële state verkry is. ’n Afskrif van die ouditeur se verslag oor die groep- en afsonderlike finansiële jaarstate, sowel as die finansiële state soos geïdentifiseer in die onderskeie ouditeursverslae, is beskikbaar by die maatskappy se geregistreerde kantoor of op die maatskappy se webwerf, **www.media24.com**.

## 4. Gebruik van ramings en aannames

Tydens die opstel van hierdie opgesomde groep- en afsonderlike finansiële jaarstate het die bestuur dieselfde wesenlike oordele in die toepassing van die groep en maatskappy se rekeningkundige beleid en die sleutelbronne van ramingsonsekerheid gebruik as vir die groep- en afsonderlike finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2019, sowel as vir die vorige jaar.

## 5. Segmentele verslagdoening

IFRS 8 *Bedryfsegmente* vereis dat bedryfsegmente geïdentifiseer word op grond van interne verslae oor die komponente van die groep, wat gereeld deur die besluitnemende bestuurshoof nagegaan word ten einde hulpbronne aan die segmente toe te wys en hul prestasie te evalueer. Die besluitnemende bestuurshoof is geïdentifiseer as die direksie wat die strategiese besluite neem. Die belegging in die geassosieerde maatskappy is deur die direksie geïdentifiseer as die enigste bedryfsegment. Geen verdere openbaarmakings word vereis nie aangesien dit in die finansiële state weergegee word.

## 6. Belegging in geassosieerde maatskappy

**Maatskappy**

Die maatskappy dra die belegging in die geassosieerde maatskappy teen kosprys en die belegging word slegs afwaarts waardeer wanneer daar 'n waardedaling is. Dividende word verantwoord wanneer dit verklaar word. By vervreemding van 'n geassosieerde maatskappy word die verskil tussen die netto opbrengs en drabedrag weergegee as 'n uitgawe of inkomste in die staat van omvattende inkomste.

**Groep**

Beleggings in geassosieerde maatskappye word volgens die ekwiteitsmetode verantwoord. Geassosieerde maatskappye is maatskappye waaroor die groep 'n beduidende invloed kan uitoefen maar wat nie deur die groep beheer word nie. Die groep se belegging in geassosieerde maatskappye sluit klandisiewaarde en ander ontasbare bates in wat met verkryging erken is, ná enige opgelope amortisasie en waardedalingsverliese.

Ekwiteitsverantwoording behels dat die groep se belang in die geassosieerde maatskappy se naverkrygingsresultate ná belasting en minderheidsbelange in die geassosieerde maatskappy, in die inkomstestaat erken word. Die groep se belang in naverkrygingsbewegings in ander omvattende inkomste word in die ander reserwes van die groep verantwoord. Die groep se belang in die geassosieerde maatskappy word in die staat van finansiële posisie teen kosprys gedra, aangepas vir die groep se aandeel van die verandering in netto bates ná verkryging, en insluitend klandisiewaarde en ander identifiseerbare ontasbare bates wat met verkrygings erken word. Indien die groep se aandeel van verliese in die geassosieerde maatskappy die drawaarde van sy belegging ewenaar of oorskry, word die drawaarde van die belegging en enige lenings aan die geassosieerde maatskappy tot nul verminder en word geen verdere verliese erken nie, tensy die groep verpligtinge teenoor die geassosieerde maatskappy opgeloop het of gewaarborg of onderneem het om verpligtinge van die geassosieerde maatskappy na te kom.

Dividende ontvang of wat ontvangbaar is van die geassasieerde maatskappy, word as 'n afname in die drabedrag van die belegging erken.

Ongerealiseerde winste en verliese uit transaksies tussen die groep en sy geassosieerde maatskappye word uitgeskakel tot die omvang van die groep se belang in die geassosieerde maatskappye, tensy die verlies 'n waardedaling van die bate wat oorgedra word, verteenwoordig.

Die drabedrag van die belegging, bereken volgens die ekwiteitsmetode, word onderwerp aan 'n waardedalingstoets wanneer gebeurtenisse of veranderings in omstandighede daarop dui dat die drabedrag moontlik nie verhaalbaar is nie. 'n Waardedalingsverlies word erken vir die bedrag waarmee die drabedrag van die belegging in die geassosieerde maatskappy sy verhaalbare bedrag oorskry. Die verhaalbare bedrag is die hoogste van 'n bate se billike waarde min vervreemdingskoste of sy gebruikswaarde. Vir die beoordeling van waardedalings word die belegging gegroepeer op die laagste moontlike vlak waarvoor daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloei, wat grootliks onafhanklik van die kontantvloei van ander bates (kontantgenererende eenhede) bestaan, is. Die belegging in die geassosieerde maatskappy word nagegaan vir 'n moontlike omswaaiing in waardedaling aan die einde van elke verslagdoeningstydperk waarvoor waardedalings in die verlede erken is.

Groep verwys na 'n beduidende geassosieerde maatskappy waarin aandele gehou word deur Welkom Yizani en hierdie state is die finansiële state van ekonomiese belang.

'n Waardedalingsverlies word in die staat van omvattende inkomste erken wanneer 'n bate se drabedrag sy verhaalbare bedrag oorskry. 'n Bate se verhaalbare bedrag is die hoogste van die bedrag verkrygbaar uit die verkoop van 'n bate in 'n armlengtetransaksie tussen ingeligte bereidwillige partye, of sy gebruikswaarde. Gebruikswaarde is die huidige waarde van geraamde toekomstige kontantvloei wat na verwagting uit die voortgesette gebruik van die bate en uit sy vervreemding aan die einde van sy nutsduur verdien sal word. Die verwagte toekomstige kontantvloei word verdiskonteer na die huidige waarde deur 'n voorbelaste verdiskonteringskoers te gebruik wat huidige markaannames ten opsigte van die tydwaarde van geld en die risiko's verbonde aan die bate weerspieël. Vir die beoordeling van waardedalings word bates gegroepeer op die laagste moontlike vlak waarvoor daar afsonderlik identifiseerbare kontantvloei bestaan.

## 7. Nuwe en gewysigde standaarde wat deur die groep aanvaar is

’n Aantal nuwe of gewysigde standaarde het vir die huidige verslagdoeningstydperk in werking getree en die groep moes sy rekeningkundige beleid verander en wysigings terugwerkend toepas nadat die volgende standaarde aanvaar is:

- IFRS 9 Finansiële instrumente is sedert 1 April 2019 toegepas, maar die vergelykende inligting is nie herstateer nie aangesien IFRS 9 nie ’n beduidende uitwerking gehad het nie; en
- IFRS 15 Inkomste uit kontrakte met kliënte is sedert 1 April 2018 op ’n terugwerkende grondslag toegepas, maar die vergelykende inligting is nie herstateer nie aangesien dit nie 'n beduidende uitwerking gehad het nie.

Die ander standaarde het nie ’n uitwerking op die groep se rekeningkundige beleid gehad nie en het nie terugwerkende aanpassings vereis nie.

## 8. Belegging in geassosieerde maatskappy

Die hoofsakebedrywigheid van Welkom Yizani is die hou van 15% van die gewone aandele in Media24 Beherend Eiendoms Beperk, ’n maatskappy wat in Suid-Afrika geïnkorporeer is. Dit is ’n ongenoteerde belegging.

Hierdie belegging word geklassifiseer as ’n belegging in ’n geassosieerde maatskappy as gevolg van die beduidende invloed wat verkry is deur verteenwoordiging in die direksie, selfs al het die groep net ’n 15%-belang.

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2019 R’000** | 2018 R’000 | **2019 R’000** | 2018 R’000 |
| **Beweging in drabedrag** | | | | |
| Aan die begin van die jaar | **351 577** | 397 839 | **351 577** | 397 839 |
| Deel van netto verlies | **(59 509)** | (96 288) | **—** | — |
| Deel van veranderings in ander omvattende inkomste | **16 390** | 188 115 | **—** | — |
| Dividende ontvang | **(6 295)** | (222 266) | **—** | — |
| Omswaaiing van waardedaling/(waardedaling) van belegging | **49 414** | 84 177 | **—** | (46 262) |
| | **351 577** | 351 577 | **351 577** | 351 577 |
| **Rekonsiliasie tussen oorspronklike koste en drabedrag** | | | | |
| Oorspronklike koste | **730 000** | 730 000 | **730 000** | 730 000 |
| Opgelope aandeel van wins/(verlies) | **(217 828)** | (158 319) | **—** | — |
| Opgelope aandeel van omvattende inkomste/(verlies) | **387 657** | 371 267 | **—** | — |
| Totale dividende ontvang | **(440 493)** | (434 198) | **—** | — |
| | **459 336** | 508 750 | **730 000** | 730 000 |
| Beginsaldo opgelope waardedaling | **(157 173)** | (241 350) | **(378 423)** | (332 161) |
| Omswaaiing van waardedaling/(waardeling) van belegging | **49 414** | 84 177 | **—** | (46 262) |
| Opgelope omswaaiing van waardedaling | **(107 759)** | (157 173) | **(378 423)** | (378 423) |
| Netto drabedrag teen jaareinde | **351 577** | 351 577 | **351 577** | 351 577 |

Die maatskappy het ’n dividend van R6.3 miljoen (2018: R222.2 miljoen) van Media24 Beherend Eiendoms Beperk ontvang.

Die belegging in die geassosieerde maatskappy is tydens die jaar teen die laagste van sy drabedrag en billike waarde ná vervreemdingskoste vir die groep gemeet, wat ’n erkenning van ’n omswaaiing in waardedaling van R49 miljoen (2018: R84 miljoen) in die staat van omvattende inkomste tot gevolg gehad het. Die maatskappy het ’n waardedaling van Rnul (2018: R46 miljoen) in die staat van omvattende inkomste erken. Die billike waarde is bepaal deur die gediskonteerdekontantvloei-model te gebruik. Dit is ’n vlak 3-meting ingevolge die billikewaardehiërargie soos uiteengesit in aantekening 12.

Die aandeel van netto verlies van R59m is gelyk aan 15% van Media24 Beherend se ekwiteitsverantwoordbare wins van R38m (2018: R75m), en aangepas vir voorverkrygingsverantwoording van R21m (2018: R21m).

Die omswaaiing in waardedaling vir die groep hou verband met die verbetering in die geprojekteerde kontantvloei, in die besonder die verbetering in handelsverlies danksy kostebesparingsinisiatiewe en die vordering in bedryfsmarges deur die bou van skaal in die besigheid.

Die gediskonteerdekontantvloei-model is gebruik om die billike waarde min die koste om die belegging in die geassosieerde maatskappy van die hand te sit, vir die groep en maatskappy aan die einde van die jaar te bepaal.

Bestuur het 10-jaar-kontantvloeiprojeksiemodelle met groeikoerse van 0% tot 5% en ’n geweegde gemiddelde koste van kapitaal van 14.3% (2018: 14.4%) gebruik in die meting van die groep en maatskappy se waardedalingsverliese. Die groep gebruik 10-jaar-kontantvloeiprojeksiemodelle, gebaseer op interne kundigheid en die verwagte medium- tot langtermynmarkveranderings in sowel die volwasse as die groeiportefeulje. Die projeksies vir die ses-tot-tien-jaar-tydperk is gegrond op die monetisering en verwagte invloei uit die groeiportefeulje, aangesien dit langer as vyf jaar neem om skaal te bou en gelykbreek ná vyf jaar verwag word (gemiddelde groeikoers van 4% tot 5%). Kostebesparings en die verkoop van nie-kernbates in die volwasse portefeulje sal na verwagting tot ná die vyf jaar voortduur, in ooreenstemming met die ekonomiese omgewing en tendense in die drukmediabedryf (gemiddelde groeikoers van 0% tot 1%).

’n Aantal sleuteloordele en -ramings is gemaak ten opsigte van die verwagte groepskontantvloei van die Media24 Beherend (Eiendoms) Beperk-groep. Dit sluit in:

- Beter bedryfsmarges danksy laer druktariewe en voortgesette kostebesparingsinisiatiewe, wat ondanks omsetdalings ’n hoër handelswins in die volwasse portefeulje tot gevolg het,
- ’n Omsetverhoging in die groeiportefeulje danksy die voortgesette belegging om skaal te bou en ’n verbetering in handelswins wanneer gelykbreek bereik word,
- Verlaagde kapitaalbesteding en opbrengs uit die verkoop van nie-kernbates, deels geërodeer deur hoër netto bedryfskapitaalvereistes vir die verdere uitbou van die groeiportefeulje,
- Diskontokoers toegepas op die geprojekteerde kontantvloei, en
- Terminale groeikoerse.

Die diskontokoers is gebaseer op historiese data vir opbrengste op 10-jaar-staatseffekte in Suid-Afrika en word aangepas vir spesifieke risikofaktore.

## Sensitiwiteitsontleding

’n Sensitiwiteitsontleding van ’n 1%-verandering in die geweegde gemiddelde koste van kapitaal word getoon vir die beduidende onwaarneembare insette hieronder:

- ’n 1%-toename in die geweegde gemiddelde koste van kapitaal verminder die waardasie met R9.4m.
- ’n 1%-verlaging in die geweegde gemiddelde koste van kapitaal verhoog die waardasie met R27m.

# Opgesomde finansiële inligting van ongenoteerde geassosieerde maatskappy soos weergegee in die finansiële jaarstate van Media24 Beherend Eiendoms Beperk

| | Media24 | |
|---|---|---|
| **Opgesomde balansstaat** | **2019 R'000** | 2018 R'000 |
| **Bedryf** | | |
| Bates | | |
| Kontant en kontantekwivalente | **210 482** | 299 058 |
| Ander bedryfsbates (kontant uitgesluit) | **2 025 989** | 2 143 075 |
| Totale bedryfsbates | **2 236 471** | 2 442 133 |
| Verpligtinge | | |
| Finansiële verpligtinge (handelskrediteure uitgesluit) | **(1 531 762)** | (1 579 881) |
| Ander bedryfsverpligtinge (handelskrediteure ingesluit) | **(286 334)** | (260 064) |
| Totale bedryfsverpligtinge | **(1 818 096)** | (1 839 945) |
| **Nie-bedryf** | | |
| Bates | **1 088 550** | 957 551 |
| Verpligtinge | | |
| Finansiële verpligtinge | **(17 607)** | (24 558) |
| Ander verpligtinge | **(380 620)** | (378 299) |
| Totale nie-bedryfsverpligtinge | **(398 227)** | (402 857) |
| **Netto bates** | **1 108 698** | 1 156 882 |
| **Opgesomde staat van omvattende inkomste** | | |
| Omset | **4 713 829** | 4 685 728 |
| Rente-verdienste | **79 480** | 67 888 |
| Rente-uitgawes | **(2 609)** | (16 310) |
| **Voorbelaste verlies uit voortgesette bedrywighede** | **(284 765)** | (294 344) |
| Inkomstebelastinguitgawes | **(20 768)** | (34 477) |
| **Nábelaste verlies uit voortgesette bedrywighede** | **(305 533)** | (328 821) |
| **Nábelaste verlies uit beëindigde bedrywighede** | **—** | (35 871) |
| **Nábelaste verlies vir die jaar** | **(305 533)** | (364 692) |
| - Verlies vir die jaar toeskryfbaar aan ekwiteithouers van die groep | **(254 625)** | (499 817) |
| - Verlies vir die jaar toeskryfbaar aan nie-beherende belang | **(50 908)** | 135 125 |
| Ander omvattende inkomste/(uitgawes) | **(4 956)** | (214 281) |
| **Totale omvattende uitgawes** | **(310 489)** | (578 973) |
| **Rekonsiliasie van opgesomde finansiële inligting** | | |
| Beginsaldo – netto bates op 1 April | **1 105 490** | 1 626 079 |
| Verlies vir die tydperk | **(305 533)** | (364 692) |
| Totale ander omvattende (verlies)/inkomste | **(4 956)** | (214 281) |
| Beweging in aandeelgebaseerde vergoeding | **27 719** | 25 061 |
| Verkryging van filiale/gesamentlike ondernemings | **289 832** | (48 338) |
| Beweging in aandelekapitaal | **—** | 1 439 808 |
| Dividende betaal | **(48 177)** | (1 392 113) |
| Ander bewegings | **(7 069)** | (1 239 149) |
| Nie-beherende belang se aandeel in beweging vir die jaar | **(139 138)** | 1 273 115 |
| **Eindsaldo netto bates** | **918 168** | 1 105 490 |
| Belang in geassosieerde maatskappy (15%) | **137 725** | 165 823 |
| Netto identifiseerbare bates | **213 852** | 185 754 |
| **Drawaarde** | **351 577** | 351 577 |

## 9. Basiese verdienste/(verlies) per aandeel

| | Groep | | Maatskappy | |
|---|---|---|---|---|
| | **2019 R'000** | 2018 R'000 | **2019 R'000** | 2018 R'000 |
| **Basiese verdienste/(verlies) per aandeel** | | | | |
| Wins/(verlies) uit voortgesette bedrywighede toeskryfbaar aan eienaars van die moedermaatskappy | **(8 860)** | (11 403) | **7 530** | 176 712 |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele ('000) | **14 600** | 14 600 | **14 600** | 14 600 |
| **Basiese (verlies)/verdienste per aandeel** | **(R0.61)** | (R0.78) | **R0.52** | R12.10 |

Wesensverdienste word bereken op grond van Omsendbrief 4/2018 wat deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgereik is.

**Rekonsiliasie tussen wins toeskryfbaar aan eienaars van die moedermaatskappy en wesensverdienste**

| | Groep 2019 R'000 | Groep 2018 R'000 | Maatskappy 2019 R'000 | Maatskappy 2018 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Wins/(verlies) vir die jaar | **(8 860)** | (11 403) | **7 530** | 176 712 |
| (Omswaaiing van waardedaling)/ waardedaling van belegging | **(49 414)** | (84 177) | **—** | 46 262 |
| – Bruto | **(49 414)** | (84 177) | **—** | 46 262 |
| – Belastingeffek | **—** | — | **—** | — |
| **Wesens(verlies)/-verdienste vir die jaar** | **(58 274)** | (95 580) | **7 530** | 222 974 |
| Geweegde gemiddelde getal uitgereikte gewone aandele ('000) | **14 600** | 14 600 | **14 600** | 14 600 |
| **Wesens(verlies)/-verdienste per aandeel** | **(R3.99)** | (R6.55) | **R0.52** | R15.27 |
| **Netto batewaarde per aandeel** | | | | |
| Totale netto batewaarde | **357 076** | 355 751 | **357 076** | 355 751 |
| Totale getal uitgereikte gewone aandele ('000) | **14 600** | 14 600 | **14 600** | 14 600 |
| **Netto batewaarde per aandeel** | **R24.46** | R24.37 | **R24.46** | R24.37 |

## 10. Lopende saak

Die groep- en afsonderlike finansiële jaarstate is opgestel op die rekeningkundige beleidsgrondslag van toepassing op 'n lopende saak. Hierdie grondslag veronderstel dat fondse beskikbaar sal wees om toekomstige werksaamhede te finansier en dat die realisering van bates en vereffening van verpligtinge, onvoorsiene verpligtinge en verbintenisse in die gewone gang van sake sal plaasvind.

## 11. Latere gebeurtenisse

Geen gebeurtenis wat wesenlike betrekking het op die finansiële sake van die groep het tussen die datum van die balansstaat en die datum waarop die finansiële state goedgekeur is, plaasgevind nie.

## 12. Billikewaardehiërargie

Die groep gebruik die volgende billikewaardehiërargie:

- Vlak 1: Billikewaardemetings is metings verkry van gekwoteerde (onverrekende) pryse in aktiewe markte vir identiese bates of laste.
- Vlak 2: Billikewaardemetings is metings verkry van insette buiten die gekwoteerde pryse ingesluit by vlak 1 en wat waarneembaar is vir die bate of las, hetsy direk (dws as pryse) of indirek (dws afgelei van pryse).
- Vlak 3: Billikewaardemetings is metings verkry van waardasiemetodes wat insette vir die bate of las gebruik wat nie op waarneembare markdata gebaseer is nie (onwaarneembare insette).

Die belegging in Media24 Beherend Eiendoms Beperk (belegging in 'n geassosieerde maatskappy) word waardeer onder vlak 3-billikewaardemetings. Die waardasie en beleid, tesame met die winste en verliese wat erken word in wins en verlies, word in aantekening 8 uiteengesit.

# Administratiewe en korporatiewe inligting

## Media24 Beherend Eiendoms Beperk
**Registrasienommer**
2006/021408/07

## Groepmaatskappysekretaris
**Lurica Klink**
Media24-sentrum, Heerengracht 40,
Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

## Geregistreerde kantoor
Media24-sentrum, Heerengracht 40,
Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

## Medeprokureur en belastingadviseur
**Webber Wentzel**
Frickerweg 10, Illovo Boulevard,
Johannesburg 2196
(Posbus 61771, Marshalltown 2107)

## Medeprokureur
**Werksmans Geïnk.**
Vlak 1, Silo-plein 5, V&A Waterfront,
Kaapstad 8001
(Posbus 1471, Kaapstad 8000)

## Onafhanklike ouditeur
**PricewaterhouseCoopers Geïnk.**
Silo-plein 5, V&A Waterfront,
Kaapstad 8001
(Posbus 2799, Kaapstad 8000)

## Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk
**Registrasienommer**
2006/021434/06

### Maatskappysekretaris
**Lurica Klink**
Media24-sentrum, Heerengracht 40,
Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

## Geregistreerde kantoor
Media24-sentrum, Heerengracht 40,
Kaapstad 8001
(Posbus 2271, Kaapstad 8000)

### Hulpkantoor vir aandeleverhandeling en oordragsekretaris
**Singular Systems Eiendoms Beperk**
(Registrasienommer: 2002/001492/07)
Scottstraat 25, Waverley 2196
(Posbus 785261, Sandton 2146)

## Onafhanklike ouditeur
**PricewaterhouseCoopers Geïnk.**
Silo-plein 5, V&A Waterfront,
Kaapstad 8001
(Posbus 2799, Kaapstad 8000)

**Inbelsentrum 0860 12 12 24**
**www.media24.com // www.welkomyizani.co.za**

# Kennisgewing van algemene jaarvergadering

Ingevolge die Suid-Afrikaanse Maatskappywet Nr 71 van 2008, soos gewysig (die Wet), word hiermee kennis gegee van die 13de algemene jaarvergadering van **Media24 Beherend Eiendoms Beperk** (die maatskappy), wat op **Maandag 26 Augustus 2019** om **11:00** in Nasdak, Media24-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad gehou sal word.

**Neem asseblief kennis dat die registrasietoonbank vir registrasie om op 26 Augustus 2019 by hierdie vergadering te stem, om 10:45 op daardie dag sal sluit.**

## Rekorddatum, bywoning en stemming

Die rekorddatum vir die vergadering is **Maandag 12 Augustus 2019**. Dit is die datum waarop 'n persoon as 'n aandeelhouer van die maatskappy geregistreer moet wees om geregtig te wees om die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te stem.

'n Aandeelhouer wat geregtig is om die vergadering by te woon en daarop te stem, mag een of meer persone as 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes benoem om die vergadering in die plek van die aandeelhouer by te woon, daaraan deel te neem en daarop te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die maatskappy te wees nie.

'n Volmagvorm met die nodige aanwysings vir voltooiing is aangeheg vir die gebruik van aandeelhouers wat by die algemene jaarvergadering verteenwoordig wil word. Die voltooiing van 'n volmagvorm verhoed nie die betrokke aandeelhouer om die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te stem nie (in die plek van die aandeelhouer se gevolmagtigde).

## Identifisering van deelnemers aan die vergadering

Neem asseblief kennis dat, voordat enige persoon 'n aandeelhoudersvergadering kan bywoon of daaraan kan deelneem, daardie persoon redelikerwys bevredigende identifikasie moet kan verskaf, en dat die voorsitter van die vergadering redelikerwys oortuig moet wees dat die reg van daardie persoon om te stem, hetsy as 'n aandeelhouer of as 'n gevolmagtigde vir 'n aandeelhouer, redelikerwys bevestig is. Vorms van identifikasie sluit geldige identiteitsdokumente, rybewyse en paspoorte in.

## Doel van vergadering

Die doel van die vergadering is: (i) om die direkteursverslag, die geouditeerde finansiële jaarstate van die maatskappy vir die onmiddellik voorafgaande finansiële jaar en die ouditkomitee se verslag voor te lê; (ii) om die besluite soos hierin uiteengesit te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging te aanvaar; en (iii) om enige ander sake wat met of sonder vooraf kennisgewing aan die maatskappy deur die aandeelhouers van die maatskappy geopper word, te oorweeg.

## Elektroniese deelname

Aandeelhouers wat geregtig is om die vergadering by te woon en daarop te stem, of gevolmagtigdes van sodanige aandeelhouers, is geregtig om by wyse van elektroniese kommunikasie aan die vergadering deel te neem (maar nie om te stem nie). Indien 'n aandeelhouer by wyse van elektroniese kommunikasie aan die vergadering wil deelneem, moet daardie aandeelhouer die maatskappy teen nie later nie as **09:00** op **12 Augustus 2019** in kennis stel deur per geregistreerde pos wat aan die maatskappy se adres gerig is (vir aandag me L J Klink) toepaslike kontakbesonderhede te verstrek, asook volledige besonderhede van die aandeelhouer se aanspraak op aandele wat deur die maatskappy uitgereik is en bewys van identiteit, in die vorm van gesertifiseerde afskrifte van identiteitsdokumente en skriftelike bevestiging van die oordragsekretaris wat die aandeelhouer se aanspraak op die aandele bevestig.

By ontvangs van die vereiste inligting, sal 'n veilige kode en instruksies aan die betrokke aandeelhouer verskaf word om tydens die algemene jaarvergadering toegang tot die elektroniese kommunikasie te verkry. Aandeelhouers moet daarop let dat toegang tot die elektroniese

kommunikasie vir die rekening sal wees van aandeelhouers wat die fasiliteit wil gebruik.

## Gewone besluite

Vir die aanvaarding van elk van die gewone besluite hieronder, moet die besluit ondersteun word deur 'n meerderheid van stemme wat uitgebring word deur aandeelhouers wat by hierdie vergadering teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word:

1. Om die finansiële jaarstate van die maatskappy en die groep vir die twaalf (12) maande geëindig 31 Maart 2019 en die verslae van die direkteure, die ouditeur en die ouditkomitee te oorweeg en te aanvaar.

   Die opgesomde finansiële jaarstate is ingesluit by die geïntegreerde jaarverslag waarvan hierdie kennisgewing deel uitmaak. Die volledige finansiële jaarstate van die maatskappy vir die vorige finansiële jaar is beskikbaar by **www.media24.com**.'n Afskrif kan ook op aanvraag gedurende gewone kantoorure verkry word by Media24 se geregistreerde kantoor: Heerengracht 40, Kaapstad 8001 (kontakpersoon – mnr M Patel).

2. Om 'n dividend van R42m in die uitgereikte aandelekapitaal van die maatskappy goed te keur, soos voorgestel deur die direksie, nadat die direksie die solvensie- en likiditeitstoetse toegepas het soos beoog in die Wet, waarvolgens die direksie tot die gevolgtrekking gekom het dat die maatskappy aan sodanige toetse sal voldoen onmiddellik ná afhandeling van die voorgestelde uitkering.

3. Om op aanbeveling van die maatskappy se ouditkomitee die firma PricewaterhouseCoopers Geïnk. weer as die onafhanklike geregistreerde ouditeur van die maatskappy aan te stel (met kennisname dat mnr V Harri die individuele geregistreerde ouditeur van die firma is wat die oudit sal onderneem) vir die tydperk tot die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy.

4. Om die aanstelling van mevv K R Mthimunye en E Weideman, en mnre M I Davidson en M Patel as direkteure in die direksie te bevestig. Kort biografiese besonderhede van elkeen verskyn op bladsy 24 en 25.

   Die direksie beveel eenparig aan dat die aanstelling van direkteure ingevolge besluit 4 deur die aandeelhouers van die maatskappy goedgekeur word. Die bevestiging van die aanstelling van elke direkteur sal in afsonderlike gewone besluite plaasvind.

5. Om mnre J P Bekker en T D Petersen en mev J C Held, wat volgens rotasievereistes uittree en verkiesbaar is, en hulself weer verkiesbaar stel as direkteure, te verkies. Kort biografiese besonderhede van elkeen verskyn op bladsy 24 en 25 van hierdie verslag.

   Die direksie beveel eenparig aan dat die herkiesing van direkteure ingevolge besluit 5 deur die aandeelhouers van die maatskappy goedgekeur word. Die herkiesing van elke direkteur sal in afsonderlike gewone besluite plaasvind.

6. Om die ouditkomiteelede aan te stel soos vereis deur die Wet en aanbeveel deur die King IV-verslag oor korporatiewe bestuurstoesig vir Suid-Afrika 2016 (King IV, beginsel 8).

   Die direksie en die nominasiekomitee is van mening dat die maatskappy se ouditkomiteelede paslik gekwalifiseerd en ervare onafhanklike nie-uitvoerende direkteure is.

   Gesamentlik is hul kwalifikasies en ervaring voldoende om hul pligte te vervul, soos beoog in regulasie 42 van die Maatskappyregulasies 2011. Hulle het 'n omvattende begrip van finansiële verslagdoening, interne finansiële beheermaatreëls, risikobestuur en bestuurstoesigprosesse binne die maatskappy, asook Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en ander regulasies en riglyne van toepassing op die maatskappy. Hulle bly op hoogte van ontwikkelinge wat hul vereiste vaardighede raak.

Die direksie en die nominasiekomitee beveel dus eenparig aan dat mnr T D Petersen, mev J C Held en mev K R Mthimunye as lede van die ouditkomitee aangestel word. Kort biografiese besonderhede van elkeen verskyn op bladsy 24 en 25 van hierdie verslag. Die aanstelling van die lede van die ouditkomitee sal by wyse van 'n afsonderlike gewone besluit ten opsigte van elke persoon plaasvind.

7. Om die maatskappy se vergoedingsbeleid, soos uiteengesit in die vergoedingsverslag, ingesluit by die geïntegreerde jaarverslag op bladsy 50 tot 61, by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem te onderskryf.

8. Om die implementeringsverslag van die vergoedingsverslag soos uiteengesit in die vergoedingsverslag in die geïntegreerde jaarverslag op bladsy 50 tot 61, by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem goed te keur.

Die volgende spesiale besluite sal op die algemene jaarvergadering oorweeg word en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging aanvaar word:

## Spesiale besluite

Vir die aanvaarding van elk van die spesiale besluite hieronder, moet die besluit ondersteun word deur minstens 75% van die stemme wat oor die betrokke besluit uitgebring word deur aandeelhouers wat by hierdie vergadering teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word.

1. Dat die maatskappy of enige van sy filiale hiermee gemagtig word, en is, om gewone aandele wat deur die maatskappy uitgereik is, van enige persoon hoegenaamd (insluitend 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy of 'n persoon verwant aan 'n direkteur of voorgeskrewe beampte van die maatskappy) te verkry, ingevolge en onderworpe aan die Wet.

*Die rede vir en uitwerking van spesiale besluit nommer 1 is om ingevolge die Wet aan die maatskappy of 'n filiaal van die maatskappy algemene magtiging te verleen om die maatskappy se gewone aandele te verkry.*

2. Dat die maatskappy, soos gemagtig deur die direksie, oor die algemeen, ingevolge en onderworpe aan die vereistes van artikel 44 van die Wet, ooreenkomstig die gesag wat vir hierdie doel aan die direksie verleen word, enige finansiële bystand aan 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie, of aan 'n lid van 'n verwante of onderling verwante korporasie kan verleen by wyse van 'n lening, waarborg, die verskaffing van sekuriteit of andersins, vir die doel van of in verband met inskrywing vir 'n opsie of enige sekuriteite, uitgereik of wat uitgereik sal word deur die maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy, of vir die koop van sekuriteite van die maatskappy of 'n verwante of onderling verwante maatskappy.

*Die rede vir en uitwerking van spesiale besluit nommer 2 is om oor die algemeen goedkeuring te verleen vir die voorsiening van finansiële bystand aan die potensiële ontvangers soos in die besluit uiteengesit word.*

3. Dat die maatskappy, soos gemagtig deur die direksie, oor die algemeen, ingevolge en onderworpe aan die vereistes van artikel 45 van die Wet, enige direkte of indirekte finansiële bystand aan 'n verwante of onderling verwante maatskappy of korporasie, of aan 'n lid van 'n verwante of onderling verwante korporasie, kan verleen ooreenkomstig die gesag wat vir hierdie doel aan die direksie verleen word.

*Die rede vir en uitwerking van spesiale besluit nommer 3 is om oor die algemeen goedkeuring te verleen vir die voorsiening van finansiële bystand aan die potensiële ontvangers soos in die besluit uiteengesit word.*

4. Dat die akte van oprigting van die maatskappy ooreenkomstig artikel 16(5)(b)(iv) van die Wet gewysig word deur statute 5.1.6 tot 5.1.8 deur die volgende te vervang:

"5.1.6 At least one third of the non-executive directors must retire annually, or if their number is not three or a multiple thereof, then the number nearest to three, but not less than one third of the

non-executive directors are to retire from office annually. Each executive director shall serve for an indefinite term, as contemplated in section 68(1).

5.1.7 The non-executive directors to retire in terms of article 5.1.6 shall be those who have held their office of director for the longest time since their last election, provided that:

5.1.7.1 if more than one of the non-executive directors were elected on the same day, those to retire shall be elected by lot, unless otherwise agreed between themselves;

5.1.7.2 if, at the time of determining which non-executive directors are to retire, any non-executive director who has held office for more than three years willl also retire.

5.1.8 A retiring non-executive director shall be eligible for re-election, and, if re-elected, shall be deemed not to have vacated his/her office."

*Die rede vir en uitwerking van spesiale besluit nommer 4 is om te bepaal dat slegs nie-uitvoerende direkteure aan rotasie onderhewig is.*

## Gewone besluit

9. Elke direkteur van die maatskappy word hiermee gemagtig om alle handelinge te verrig en alle dokumente te onderteken wat nodig kan wees om die gewone en spesiale besluite wat by hierdie algemene jaarvergadering aanvaar word, in werking te stel.

## Ander sake

Om enige ander sake te doen wat by 'n algemene jaarvergadering gedoen mag word.

## Algemeen

Onderworpe aan die volmagte wat deur Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk (Welkom Yizani) aan sy aandeelhouers verleen word om by die algemene jaarvergadering van die maatskappy in sy plek te stem, is die gewone aandeelhouers van die maatskappy geregtig om die algemene jaarvergadering by te woon, daarop te praat en daarop te stem (en elke gewone aandeel in die maatskappy gee sy houer een stem).

Stemming by die algemene jaarvergadering sal by wyse van stembriewe geskied en nie deur 'n opsteek van hande nie. Elke gewone aandeelhouer wat teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word, sal geregtig wees op die getal stemme wat gelyk is aan die getal gewone aandele wat daardie gewone aandeelhouer hou.

'n Aandeelhouer mag enige tyd 'n gevolmagtigde aanstel. Vir praktiese doeleindes moet volmagvorms ingedien word by Singular Systems Eiendoms Beperk, Scottstraat 25, Waverley 2196, of Posbus 785261, Sandton 2146, om Singular Systems nie later nie as agt-en-veertig (48) uur (Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit) voor die algemene jaarvergadering te bereik om voorsiening te maak vir die verwerking van sodanige volmagvorms.

Alle ander volmagvorms moet voor die aanvang van die algemene jaarvergadering by die registrasietoonbanke in Nasdak, Media24-sentrum ingehandig word.

In ooreenstemming met die bepalings van artikel 6.8 van die akte van oprigting van die maatskappy, is elke aandeelhouer van Welkom Yizani onherroeplik aangestel as 'n gevolmagtigde vir Welkom Yizani en daarop geregtig om op die algemene jaarvergadering van die maatskappy een stem uit te bring vir elke aandeel wat die betrokke aandeelhouer in Welkom Yizani hou.

Op las van die direksie



L J Klink
*Maatskappysekretaris*
Kaapstad
29 Julie 2019

# Kennisgewing van algemene jaarvergadering

Ingevolge die Maatskappywet Nr 71 van 2008, soos gewysig (die Wet), word hiermee kennis gegee van die 13[de] algemene jaarvergadering van **Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk** (die maatskappy), wat op **Maandag 26 Augustus 2019** in Nasdak, Media24-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad gehou sal word. Dit sal plaasvind onmiddellik ná afloop van die algemene jaarvergadering van Media24 Beherend Eiendoms Beperk, wat om **11:00** op daardie dag gehou sal word.

**Neem asseblief kennis dat die registrasietoonbank vir registrasie om op Maandag 26 Augustus 2019 by hierdie vergadering te stem, om 10:45 op daardie dag sal sluit.**

## Rekorddatum, bywoning en stemming

Die rekorddatum vir die vergadering is **Maandag 12 Augustus 2019**. Dit is die datum waarop 'n persoon as 'n aandeelhouer van die maatskappy geregistreer moet wees om geregtig te wees om die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te stem. 'n Aandeelhouer wat geregtig is om die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te stem, mag een of meer persone as 'n gevolmagtigde of gevolmagtigdes benoem om die vergadering in die plek van die aandeelhouer by te woon, daaraan deel te neem en daarop te stem.'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die maatskappy te wees nie.

'n Volmagvorm met die nodige aanwysings vir voltooiing is aangeheg vir die gebruik van aandeelhouers wat by die algemene jaarvergadering verteenwoordig wil word. Die invul van 'n volmagvorm verhoed nie die betrokke aandeelhouer om die algemene jaarvergadering by te woon en daarop te stem (in die plek van die aandeelhouer se gevolmagtigde) nie. Stemming by die algemene jaarvergadering sal by wyse van stembriewe geskied en nie deur 'n opsteek van hande nie. Elke gewone aandeelhouer wat teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word, sal geregtig wees op die getal stemme wat gelyk is aan die getal gewone aandele wat sodanige gewone aandeelhouer of sy/haar gevolmagtigdes hou.

## Identifisering van deelnemers aan die vergadering

Let asseblief daarop dat deelnemers aan die vergadering (gevolmagtigdes ingesluit) redelikerwys bevredigende identifikasie moet kan verskaf voordat hulle geregtig is om 'n aandeelhouersvergadering by te woon of daaraan te kan deelneem. Vorms van identifikasie sluit geldige identiteitsdokumente, rybewyse en paspoorte in.

## Doel van vergadering

Die doel van die vergadering is om: (i) die direkteursverslag, die geouditeerde finansiële jaarstate van die maatskappy vir die onmiddellik voorafgaande finansiële jaar en die ouditkomitee se verslag voor te lê; (ii) die besluite soos hierin uiteengesit te oorweeg en, indien goedgekeur, met of sonder wysiging te aanvaar; en (iii) enige ander sake wat met of sonder vooraf kennisgewing aan die maatskappy deur die aandeelhouers van die maatskappy geopper word, te oorweeg.

## Elektroniese deelname

Aandeelhouers wat geregtig is om die vergadering by te woon en daarop te stem, of gevolmagtigdes van sodanige aandeelhouers, is geregtig om by wyse van elektroniese kommunikasie aan die vergadering deel te neem (maar nie om te stem nie). Indien 'n aandeelhouer by wyse van elektroniese kommunikasie aan die vergadering wil deelneem, moet die betrokke aandeelhouer die maatskappy teen nie later nie as **09:00** op **Maandag 12 Augustus 2019** in kennis stel deur per geregistreerde pos wat aan die maatskappy se adres gerig is (vir aandag me L J Klink) toepaslike kontakbesonderhede te verstrek, asook volledige besonderhede van die aandeelhouer se aanspraak op aandele wat deur die maatskappy uitgereik is en bewys van identiteit, in die vorm van gesertifiseerde afskrifte van identiteitsdokumente en skriftelike bevestiging van die oordragsekretaris wat die aandeelhouer se aanspraak op die aandele bevestig. By ontvangs van die vereiste inligting, sal 'n veilige kode en instruksies aan die betrokke aandeelhouer verskaf word om tydens die algemene jaarvergadering toegang tot die elektroniese kommunikasie te verkry. Aandeelhouers moet daarop let dat toegang tot die elektroniese kommunikasie vir die rekening sal wees van aandeelhouers wat die fasiliteit wil gebruik.

## Gewone besluite

Vir die aanvaarding van elk van die gewone besluite hieronder, moet die besluit ondersteun word deur 'n meerderheid van stemme wat uitgebring word deur aandeelhouers wat by hierdie vergadering teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word:

1. Om die finansiële jaarstate van die maatskappy vir die twaalf (12) maande geëindig 31 Maart 2019 en

die verslae van die direkteure, die ouditeur en die ouditkomitee te oorweeg en te aanvaar.

Die opgesomde finansiële jaarstate van die maatskappy vir die vorige finansiële jaar is ingesluit by die geïntegreerde jaarverslag waarvan hierdie kennisgewing deel uitmaak. Die volledige finansiële jaarstate van die maatskappy vir die vorige finansiële jaar is beskikbaar by **www.welkomyizani.co.za**.'n Afskrif kan ook op aanvraag gedurende gewone kantoorure verkry word by die maatskappy se geregistreerde kantoor: Heerengracht 40, Kaapstad 8001 (kontakpersoon – mnr M Patel).

2. Nadat die direksie die solvensie- en likiditeitstoetse toegepas het soos beoog in die Wet, waarvolgens hulle tot die gevolgtrekking gekom het dat die maatskappy aan sodanige toetse sal voldoen onmiddellik ná afhandeling van die voorgestelde uitkering, het die direksie goedgekeur dat 'n dividend van 42.5 sent per gewone aandeel verklaar word, wat hiermee deur die aandeelhouers goedgekeur word.

3. Om op aanbeveling van die maatskappy se ouditkomitee die firma PricewaterhouseCoopers Geïnk. weer as die onafhanklike geregistreerde ouditeur van die maatskappy aan te stel (met kennisname dat mnr V Harri die individuele geregistreerde ouditeur van die firma is wat die oudit sal onderneem) vir die tydperk tot die volgende algemene jaarvergadering van die maatskappy.

4. Om mev J C Held, wat volgens rotasievereistes uittree en verkiesbaar is, en haar vir herkiesing as 'n direkteur van die maatskappy beskikbaar stel, te kies. Haar kort biografiese besonderhede verskyn op bladsy 76 van hierdie verslag. Die direksie beveel eenparig aan dat die herkiesing van mev Held ingevolge besluit 4 deur die aandeelhouers van die maatskappy goedgekeur word.

5. Om die aanstelling van mnr A Mayman as 'n direkteur van die maatskappy te bevestig. Kort biografiese besonderhede van mnr Mayman verskyn op bladsy 76. Die direksie beveel eenparig aan dat die aanstelling van mnr Mayman ingevolge besluit 5 deur die aandeelhouers bevestig word.

6. Om ouditkomiteelede aan te stel soos vereis deur die Wet en aanbeveel deur die King IV-kode oor korporatiewe bestuurstoesig vir Suid-Afrika 2016 (King IV) (beginsel 8).

   Die direksie is van mening dat die maatskappy se ouditkomiteelede paslik gekwalifiseerd en ervare onafhanklike nie-uitvoerende direkteure is. Gesamentlik is hul kwalifikasies en ervaring voldoende om hulle pligte te vervul, soos beoog in regulasie 42 van die Maatskappyregulasies 2011. Hulle het 'n omvattende begrip van finansiële verslagdoening, interne finansiële beheermaatreëls, risikobestuur- en bestuurstoesigprosesse binne die maatskappy, asook Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde en ander regulasies en riglyne van toepassing op die maatskappy. Hulle bly op hoogte van ontwikkelinge wat hul vereiste vaardighede raak. Die direksie beveel dus eenparig aan dat prof R C C Jafta, mnr A Mayman en mev J C Held as lede van die ouditkomitee aangestel word. Kort biografiese besonderhede van elkeen verskyn op bladsy 76 van hierdie verslag.

   Die aanstelling van die lede van die ouditkomitee sal by wyse van 'n afsonderlike gewone besluit ten opsigte van elke persoon plaasvind.

7. Elke direkteur van die maatskappy word hiermee gemagtig om alle stappe te doen, alle handelinge te verrig en alle dokumente te onderteken wat nodig is om die gewone besluite wat by hierdie algemene jaarvergadering aanvaar word, in werking te stel.

## Ander sake

Om enige ander sake te doen wat by 'n algemene jaarvergadering gedoen mag word.

## Algemeen

'n Aandeelhouer mag enige tyd 'n gevolmagtigde aanstel. Vir praktiese redes moet volmagvorms ingedien word by die oordragsekretaris van die maatskappy, Singular Systems Eiendoms Beperk, Scottstraat 25, Waverley 2196 of Posbus 785261, Sandton 2146, en moet Singular Systems nie later nie as agt-en-veertig (48) uur (Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae word nie in berekening gebring nie) voor die algemene jaarvergadering bereik om vir die verwerking van sodanige volmagvorms voorsiening te maak. Alle ander volmagvorms moet voor die aanvang van die algemene jaarvergadering by die registrasietoonbanke in Nasdak, Media24-sentrum ingehandig word.

Op las van die direksie

**L J Klink**
*Maatskappysekretaris*
Kaapstad
29 Julie 2019

# MEDIA24 Form of proxy // Volmagvorm

MEDIA24 HOLDINGS PROPRIETARY LIMITED // MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK
(Incorporated in the Republic of South Africa) // (Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registration number: 2006/021408/07) // (Registrasienommer: 2006/021408/07)
(the company) // (die maatskappy)
For use by shareholders at the 13th annual general meeting to be held in Nasdak, Media24 Centre, 40 Heerengracht, Cape Town on Monday 26 August 2019 at 11:00. Note that the registration counter for purposes of registration to vote at this meeting on Monday 26 August 2019 will close at 10:45 on that day. //
Vir gebruik deur aandeelhouers by die 13de algemene jaarvergadering wat op Maandag 26 Augustus 2019 om 11:00 in Nasdak, Media24-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad gehou sal word. Neem kennis dat die registrasietoonbank vir registrasie om by hierdie vergadering op Maandag 26 Augustus 2019 te kan stem, om 10:45 op daardie dag sal sluit.

I/We // Ek/Ons

of // van

identity number/registration number // identiteitsnommer/registrasienommer

(address) // (adres)

being a holder(s) of // wat 'n houer(s) is van

Welkom Yizani ordinary shares in the company, hereby appoint according to my authorisation (see note 1) //
Welkom Yizani- gewone aandele in die maatskappy, stel hiermee aan volgens my magtiging (sien aantekening 1)

1.

of // van or, failing him/her, // of, indien nie hy/sy nie

2.

of // van or, failing him/her, // of, indien nie hy/sy nie

3. the chair of the company or, failing him/her, the chair of the annual general meeting as my/our proxy to vote for me/us on my/our behalf at the annual general meeting of the company to be held in Nasdak, Media24 Centre, 40 Heerengracht, Cape Town on Monday 26 August 2019 at 11:00 on that day or at any adjournment thereof, and generally to act as my/our proxy at the said annual general meeting. // die voorsitter van die maatskappy of, indien nie hy/sy nie, die voorsitter van die algemene jaarvergadering as my/ons gevolmagtigde om namens my/ons te stem by die algemene jaarvergadering van die maatskappy wat op Maandag 26 Augustus 2019 om 11:00 op daardie dag sal plaasvind in Nasdak, Media24-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad, of by enige verdaging daarvan, en oor die algemeen as my/ons gevolmagtigde by genoemde algemene jaarvergadering op te tree.

| I/We desire to vote as follows (see note 8): // Ek/Ons wil soos volg stem (sien aantekening 8): | In favour of // Ten gunste van | Against // Teen | Abstain // Buite stemming |
|---|---|---|---|
| Ordinary resolution 1: Acceptance of annual financial statements. // Gewone besluit 1: Aanvaarding van finansiële jaarstate. | | | |
| Ordinary resolution 2: Approval of dividend. // Gewone besluit 2: Goedkeuring van dividend. | | | |
| Ordinary resolution 3: Appointment of auditor. // Gewone besluit 3: Aanstelling van ouditeur. | | | |
| Ordinary resolution 4: Confirmation of appointment of the following individuals as directors:// Gewone besluit 4: Bevestiging van aanstelling van die volgende individue as direkteure: | | | |
| Mrs K R Mthimunye as a non-executive director // Mev K R Mthimunye as 'n nie-uitvoerende direkteur | | | |
| Mrs E Weideman as a non-executive director // Mev E Weideman as 'n nie-uitvoerende direkteur | | | |
| Mr M I Davidson as an executive director // Mnr M I Davidson as 'n uitvoerende direkteur | | | |
| Mr M Patel as an executive director. // Mnr M Patel as 'n uitvoerende direkteur. | | | |
| Ordinary resolution 5: Re-election of the following directors: // Gewone besluit 5: Herkiesing van die volgende direkteure: | | | |
| Mr J P Bekker // Mnr J P Bekker | | | |
| Mr T D Petersen // Mnr T D Petersen | | | |
| Mrs J C Held. // Mev J C Held. | | | |
| Ordinary resolution 6: Appointment of audit committee members: // Gewone besluit 6: Aanstelling van ouditkomiteelede: | | | |
| Mr T D Petersen // Mnr T D Petersen | | | |
| Mrs J C Held // Mev J C Held | | | |
| Mrs K R Mthimunye. // Mev K R Mthimunye. | | | |
| Odinary resolution 7: Endorse company's remuneration policy. // Gewone besluit 7: Onderskryf maatskappy se vergoedingsbeleid. | | | |
| Ordinary resolution 8: Approve the implementation report of the remuneration report. // Gewone besluit 8: Goedkeuring van die implementeringsverslag van die vergoedingsverslag. | | | |
| Special resolution 1: General authority for the company or any of its subsidiaries to acquire its own shares. // Spesiale besluit 1: Algemene magtiging aan die maatskappy of enige van sy filiale om sy eie aandele te verkry. | | | |
| Special resolution 2: Approval of the provision of financial assistance in terms of section 44 of the Companies Act, 2008. // Spesiale besluit 2: Goedkeuring vir die voorsiening van finansiële bystand ingevolge artikel 44 van die Maatskappywet, 2008. | | | |
| Special resolution 3: Approval of the provision of financial assistance in terms of section 45 of the Companies Act, 2008. // Spesiale besluit 3: Goedkeuring vir die voorsiening van finansiële bystand ingevolge artikel 45 van die Maatskappywet, 2008. | | | |
| Special resolution 4: Amendment of memorandum of incorporation. // Spesiale besluit 4: Wysiging van akte van oprigting. | | | |
| Ordinary resolution 9: Authorisation to implement all resolutions adopted at the annual general meeting. // Gewone besluit 9: Magtiging om alle besluite wat op die algemene jaarvergadering aangeneem is, uit te voer. | | | |

Signed at // Geteken te on this // op hierdie day of // dag van 2019

Signature // Handtekening Assisted (where applicable) // Bygestaan deur (waar van toepassing)

Each shareholder is entitled to appoint one or more proxies (who need not be a shareholder(s) of the company). // Elke aandeelhouer is daarop geregtig om een of meer gevolmagtigde(s) (wat nie 'n aandeelhouer(s) van die maatskappy hoef te wees nie) aan te stel.

**See notes on page 99. // Sien aantekeninge op bladsy 99.**

## Notes to the forms of proxy of Media24 Holdings Proprietary Limited and Welkom Yizani Investments (RF) Limited

The following provisions shall apply in relation to proxies:

1. A shareholder of the company may appoint any individual (including one who is not a shareholder of the company) as a proxy to participate in, and speak and vote at, the annual general meeting of the company. A shareholder may therefore insert the name of a proxy or the names of two alternative proxies of their choice in the space provided, with or without deleting "the chair of the company or, failing him/her, the chair of the annual general meeting". The person whose name is first on the proxy form and who is present at the annual general meeting will be entitled to act as proxy to the exclusion of those whose names follow.

2. A shareholder may appoint two or more persons concurrently as proxies and may appoint more than one proxy to exercise voting rights attached to different securities held by that shareholder.

3. A proxy instrument must be in writing, dated and signed by the shareholder.

4. A proxy may not delegate their authority to act on behalf of the shareholder to another person.

5. A copy of the instrument appointing a proxy must be delivered to the company, or to any other person on behalf of the company, before the proxy exercises any rights of the shareholder at the annual general meeting.

6. Irrespective of the form of instrument used to appoint the proxy: i) the appointment is suspended at any time and to the extent that the shareholder chooses to act directly and in person in exercising any rights as a shareholder; ii) the appointment is revocable unless the proxy appointment expressly states otherwise; and iii) if the appointment is revocable, a shareholder may revoke the proxy appointment by cancelling it in writing or making a later inconsistent appointment of a proxy and delivering a copy of the revocation instrument to the proxy and the company.

7. The proxy is entitled to exercise, or abstain from exercising, any voting right of the shareholder as determined by the instrument appointing the proxy.

8. A shareholder's instructions to the proxy must be indicated by inserting an 'X' in the appropriate box.

9. Every shareholder present in person or by proxy and entitled to vote will, on a show of hands, have only one vote and, on a poll, every shareholder will have one vote for every ordinary share held.

10. Documentary evidence establishing the authority of the person signing this form of proxy in a representative capacity must be attached unless previously recorded by the company or waived by the chair of the annual general meeting.

11. A shareholder may appoint a proxy at any time. For practical purposes, forms of proxy must be lodged with, or posted to, the transfer secretaries, Singular Systems Proprietary Limited, 25 Scott Street, Waverley, 2196 or PO Box 785261, Sandton 2146, not less than forty-eight (48) hours (excluding Saturdays, Sundays and public holidays) before the annual general meeting to allow for processing. All other proxies must be handed in at the registration desks in Nasdak, Media24 Centre prior to the start of the annual general meeting.

## Aantekeninge by die volmagvorms van Media24 Beherend Eiendoms Beperk en Welkom Yizani Beleggings (RF) Beperk

Die volgende bepalings is op gevolmagtigdes van toepassing:

1. 'n Aandeelhouer van die maatskappy kan enige persoon (insluitend 'n persoon wat nie 'n aandeelhouer van die maatskappy is nie) as 'n gevolmagtigde benoem om aan die algemene jaarvergadering van die maatskappy deel te neem, daarop te praat en daarop te stem. 'n Aandeelhouer mag dus die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes van die aandeelhouer se keuse in die toepaslike ruimte invul, met of sonder skrapping van "die voorsitter van die maatskappy of, indien nie hy/sy nie, die voorsitter van die algemene jaarvergadering". Die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en wat by die algemene jaarvergadering teenwoordig is, sal daarop geregtig wees om as gevolmagtigde op te tree met uitsluiting van diegene wie se name daarna volg.

2. 'n Aandeelhouer mag twee of meer persone gelyktydig as gevolmagtigdes benoem en meer as een gevolmagtigde benoem om stemreg uit te oefen wat verbonde is aan verskillende sekuriteite wat deur die aandeelhouer gehou word.

3. 'n Volmaginstrument moet op skrif, gedateer en deur die aandeelhouer onderteken wees.

4. 'n Gevolmagtigde mag nie sy/haar gesag om namens die aandeelhouer op te tree aan 'n ander persoon delegeer nie.

5. 'n Afskrif van die instrument waarvolgens 'n gevolmagtigde benoem is, moet by die maatskappy afgelewer word, of aan enige ander persoon namens die maatskappy, voordat die gevolmagtigde enige regte van die aandeelhouer by die algemene jaarvergadering uitoefen.

6. Ongeag die formaat van die instrument wat gebruik word om die gevolmagtigde te benoem: (i) word die benoeming op enige tydstip opgeskort en in soverre die aandeelhouer besluit om direk en persoonlik te handel in die uitoefening van enige regte as 'n aandeelhouer; (ii) kan die benoeming herroep word, tensy die gevolmagtigdebenoeming uitdruklik anders bepaal; en (iii) indien die benoeming herroep kan word, mag 'n aandeelhouer die gevolmagtigdebenoeming herroep deur dit skriftelik te kanselleer of later 'n onverenigbare benoeming van 'n gevolmagtigde te doen en 'n afskrif van die herroepingsinstrument by die gevolmagtigde en die maatskappy af te lewer.

7. Die gevolmagtigde is daarop geregtig om enige stemreg van die aandeelhouer soos bepaal deur die instrument waarvolgens die gevolmagtigde benoem is, uit te oefen.

8. 'n Aandeelhouer se opdragte aan die gevolmagtigde moet aangedui word deur 'n 'X' in die toepaslike ruimte aan te bring.

9. Elke aandeelhouer wat self teenwoordig is of deur 'n gevolmagtigde verteenwoordig word en daarop geregtig is om te stem, het met die opsteek van hande slegs een stem en, in 'n stemming met stembriefies, een stem vir elke gewone aandeel wat daardie aandeelhouer hou.

10. Stawende dokumente ter bevestiging van die magtiging van die persoon wat hierdie volmagvorm in 'n verteenwoordigende hoedanigheid teken, moet by hierdie volmagvorm aangeheg wees, tensy dit voorheen deur die maatskappy aangeteken is of deur die voorsitter van die algemene jaarvergadering kwytgeskeld is.

11. 'n Aandeelhouer mag enige tyd 'n gevolmagtigde aanstel. Vir praktiese doeleindes moet volmagvorms ingedien word by of gepos word aan die oordragsekretaris van die maatskappy, Singular Systems Eiendoms Beperk, Scottstraat 25, Waverley 2196 of Posbus 785261, Sandton 2146, om hulle teen nie later nie as agt-en-veertig (48) uur (Saterdae, Sondae en vakansiedae word nie in berekening gebring nie) voor die algemene jaarvergadering te bereik om voorsiening te maak vir die verwerking van sodanige volmagvorms. Alle ander volmagvorms moet by die registrasietoonbanke in Nasdak, Media24-sentrum ingedien word voor die aanvang van die algemene jaarvergadering.

# Form of proxy // Volmagvorm

WELKOM YIZANI INVESTMENTS (RF) LIMITED // WELKOM YIZANI BELEGGINGS (RF) BEPERK
(Incorporated in the Republic of South Africa) // (Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
(Registration number: 2006/021434/06) // (Registrasienommer: 2006/021434/06)
(the company) // (die maatskappy)

For use by shareholders at the 13th annual general meeting to be held at Nasdak, Media24 Centre, 40 Heerengracht, Cape Town on Monday 26 August 2019 immediately after the conclusion of the annual general meeting of Media24 Holdings Proprietary Limited, which is scheduled to be held at 11:00 on that day. Note that the registration counter for purposes of registration to vote at this meeting on Monday 26 August 2019, will close at 10:45 on that day. // Vir gebruik deur aandeelhouers by die 13de algemene jaarvergadering wat op Maandag 26 Augustus 2019 gehou word onmiddellik ná afsluiting van die algemene jaarvergadering van Media24 Beherend Eiendoms Beperk, wat om 11:00 op daardie dag sal plaasvind in Nasdak, Media24-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad. Neem kennis dat die registrasietoonbank vir doeleindes van registrasie om by hierdie vergadering te kan stem op Maandag 26 Augustus 2019 om 10:45 op daardie dag sal sluit.

I/We // Ek/Ons ____________________

of // van ____________________

identity number/registration number // identiteitsnommer/registrasienommer ____________________

(address) // (adres) ____________________

being a holder(s) of // wat 'n houer(s) is van ____________________

Welkom Yizani ordinary shares in the company, hereby appoint according to my authorisation (see note 1) //
Welkom Yizani- gewone aandele in die maatskappy, stel hiermee aan volgens my magtiging (sien aantekening 1)

1. ____________________

of // van ____________________ or, failing him/her, // of, indien nie hy/sy nie

2. ____________________

of // van ____________________ or, failing him/her, // of, indien nie hy/sy nie

3. the chair of the company or, failing him/her, the chair of the annual general meeting as my/our proxy to vote for me/us on my/our behalf at the annual general meeting of the company to be held at Nasdak, Media24 Centre, 40 Heerengracht, Cape Town on Monday 26 August 2019 immediately after the conclusion of the annual general meeting of Media24 Holdings Proprietary Limited, which is scheduled to be held at 11:00 on that day or at any adjournment of the company's annual general meeting, and generally to act as my/our proxy at the said annual general meeting of the company. // die voorsitter van die maatskappy of, indien nie hy/sy nie, die voorsitter van die algemene jaarvergadering as my/ons gevolmagtigde om namens my/ons te stem by die algemene jaarvergadering van die maatskappy wat op Maandag 26 Augustus 2019 gehou word, onmiddellik ná afsluiting van die algemene jaarvergadering van Media24 Beherend Eiendoms Beperk wat om 11:00 op daardie dag sal plaasvind in Nasdak, Media24-sentrum, Heerengracht 40, Kaapstad of by enige verdaging van die algemene jaarvergadering van die maatskappy, en oor die algemeen as my/ons gevolmagtigde by genoemde algemene jaarvergadering van die maatskappy, op te tree.

| I/We desire to vote as follows (see note 8): // Ek/Ons wil soos volg stem (sien aantekening 8): | In favour of // Ten gunste van | Against // Teen | Abstain // Buite stemming |
|---|---|---|---|
| Ordinary resolution 1: Acceptance of annual financial statements. // Gewone besluit 1: Aanvaarding van finansiële jaarstate. | | | |
| Ordinary resolution 2: Approval of ordinary share dividend. // Gewone besluit 2: Goedkeuring van gewoneaandeel-dividend. | | | |
| Ordinary resolution 3: Appointment of PricewaterhouseCoopers Inc. as auditor. // Gewone besluit 3: Aanstelling van PricewaterhouseCoopers Geïnk. as ouditeur. | | | |
| Ordinary resolution 4: Re-election of the following director: Mrs J C Held. // Gewone besluit 4: Herkiesing van die volgende direkteur: Mev J C Held. | | | |
| Ordinary resolution 5: Appointment of director: Mr A Mayman. // Gewone besluit 5: Aanstelling van direkteur: Mnr A Mayman. | | | |
| Ordinary resolution 6: Appointment of audit committee members: // Gewone besluit 6: Aanstelling van ouditkomiteelede: | | | |
| Prof R C C Jafta // Prof R C C Jafta | | | |
| Mr A Mayman // Mnr A Mayman | | | |
| Mrs J C Held. // Mev J C Held. | | | |
| Ordinary resolution 7: Authorisation to implement all resolutions adopted at annual general meeting. // Gewone besluit 7: Magtiging om alle besluite wat op die algemene jaarvergadering aanvaar is, uit te voer. | | | |

Signed at // Geteken te ____________ on this // op hierdie ____________ day of // dag van ____________ 2019

Signature // Handtekening ____________ Assisted (where applicable) // Bygestaan deur (waar van toepassing) ____________

Each shareholder is entitled to appoint one or more proxies (who need not be a shareholder(s) of the company). // Elke aandeelhouer is daarop geregtig om een of meer gevolmagtigde(s) (wat nie 'n aandeelhouer(s) van die maatskappy hoef te wees nie) aan te stel.

**See notes on page 99 // Sien aantekeninge op bladsy 99.**


news24


NETWERK24
